University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# 'N ERICKSONIAANSE BENADERING TOT SANDSPELTERAPIE VIR 'N DEELNEMER WAT AGGRESSIE AS ONTWIKKELINGSTEURNIS ERVAAR

deur

Dirkie de Villiers

2006

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# 'N ERICKSONIAANSE BENADERING TOT SANDSPELTERAPIE VIR 'N DEELNEMER WAT AGGRESSIE AS ONTWIKKELINGSTEURNIS ERVAAR

deur

**Dirkie de Villiers**
(23125812)

Voorgelê ter vervulling van 'n deel
van die vereistes vir die graad

Magister Educationis (Opvoedkundige Sielkunde)

in die

Departement Opvoedkundige Sielkunde

Fakulteit Opvoedkunde

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. Dr. J.F. Maree

PRETORIA
Mei 2006

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# VERKLARING

Hiermee verklaar ek dat **"'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir 'n deelnemer wat aggressie as ontwikkelingsteurnis ervaar"** my eie werk is en dat al die bronne wat gebruik of aangehaal is, aangedui en in 'n volledige bibliografie erken is.

**Dirkie de Villiers**

Mei 2006

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

*"When we feel love and kindness toward others, it not only makes others feel loved and cared for, but it helps us also to develop inner happiness and peace"*

*-Dalai Lama*

*"To love and be loved is to feel the sun from both sides"*

*-David Viscott*

*Hierdie studie word met liefde opgedra aan:*

*Louis de Villiers*
*Hugo de Villiers*
*Eric de Villiers*

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# ERKENNINGS

**Ek wil graag my opregte dank en waardering betuig teenoor die volgende persone:**

- Prof. Dr. J.G. Maree vir sy oneindige geduld, aanmoediging, begrip en professionele leiding.
- My man Louis en ons kinders vir hulle liefdevolle ondersteuning en aanmoediging.
- Dr. Ina Viljoen vir taalkundige versorging van die skripsie.
- Dr. Karin Smith vir haar hulp met die kodering van die data.
- Die navorsingsdeelnemer vir haar deelname en eerlikheid tydens die navorsingsprojek.
- My Hemelse Vader.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

### INLEIDENDE ORIËNTERING TOT DIE STUDIE


**1.1 INLEIDING** 1

**1.2 RASIONAAL VIR DIE STUDIE** 3

**1.2.1 Toename in ontwikkelingsteurnisse by kinders** 3

**1.2.2 Hantering van enkele ingrepe met betrekking tot kinders wat aggressiewe gedrag toon** 3

**1.2.3 Motivering vir die studie** 4

**1.3 DOEL VAN DIE STUDIE** 5

**1.4 NAVORSINGSVRAE** 5

**1.4.1 Sentrale navorsingsvraag** 5

**1.4.2 Subvrae** 5

**1.5 BEGRIPSVERHELDERING** 6

**1.5.1 Die Ericksoniaanse benadering** 6

**1.5.2 Sandspelterapie** 7

**1.5.3 Kind** 7

**1.5.4 Ontwikkelingsteurnis** 7

**1.5.5 Leerhindernis** 9

**1.5.6 Aggressie** 9

| | |
|---|---|
| **1.6 VERWAGTE UITKOMS VAN DIE STUDIE** | **11** |
| **1.7 BETEKENIS VAN DIE STUDIE** | **12** |
| **1.8 VOORSIENE UITDAGINGS** | **12** |
| **1.9 MOONTLIKE BEPERKINGS VAN DIE STUDIE** | **13** |
| **1.10 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE** | **13** |
| **1.11 OPSOMMING EN HOOFSTUKINDELING** | **13** |

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

**HOOFSTUK 2**

**LITERATUUROORSIG**


| | |
|---|---|
| **2.1 INLEIDING** | **15** |
| **2.2 DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE** | **17** |
| **2.2.1 Agtergrondinligting** | **17** |
| **2.2.2 Teoretiese begronding** | **18** |
| 2.2.2.1 Ericksoniaanse teorie aangaande terapie | 18 |
| 2.2.2.2 Die Ericksoniaanse benadering: 'n Terapie van verandering | 18 |
| 2.2.2.3 Die gebruik van stories en metafore in Ericksoniaanse terapie | 19 |
| 2.2.2.4 Erickson: 'n A-teoretiese benadering tot terapie | 21 |
| **2.3 SANDSPELTERAPIE** | **25** |
| **2.3.1 Agtergrondinligting** | **26** |
| 2.3.1.1 Margaret Lowenveld | 26 |
| 2.3.1.2 Dora Kalff | 27 |
| 2.3.1.3 Gisela De Domenico | 27 |
| **2.3.2 Teoretiese begronding van sandspelterapie** | **28** |
| 2.3.2.1 Die voordele van sandspelterapie | 28 |
| 2.3.2.2 Die beperkinge van sandspelterapie | 29 |
| **2.4 'N VERGELYKING TUSSEN DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE EN SANDSPELTERAPIE** | **30** |
| **2.4.1 Ooreenkomste tussen die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie** | **31** |
| **2.4.2 Verskille tussen die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie** | **32** |
| **2.5 AGGRESSIEWE GEDRAG EN GEDRAGSPROBLEME BY KINDERS** | **33** |
| **2.5.1 Inleiding** | **33** |

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

**2.5.2 Die verskillende vorme van aggressie** **33**
2.5.2.1 Sigbare aggressie 34
2.5.2.2 Reaktiewe aggressie 34
2.5.2.3 Verhoudingsaggressie 34

**2.5.3 Terapeutiese ingrepe** **34**
2.5.3.1 Farmaseutiese ingrepe 34
2.5.3.2 Gedragsingrepe 34
2.5.3.3 Gestruktureerde gesinsterapie 35

**2.6 SAMEVATTING** **35**

**HOOFSTUK 3**

**METODOLOGIESE VERANTWOORDING**

**3.1 INLEIDENDE ORIËNTERING** **37**

**3.2 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF** **37**

**3.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -STRATEGIEË** **39**

**3.3.1 Interpretiewe gevallestudie as navorsingsontwerp** **39**

**3.3.2 Navorsingsgesitueerdheid** **40**

**3.4 DATA-INSAMELINGSPLAN** **40**

**3.4.1 Multimetode data-insamelingsplan** **40**
3.4.1.1 Kwalitatiewe tegnieke 40

**3.4.2 Populasie en steekproefneming** **41**
3.4.2.1 Beskrywing van die steekproefnemingsproses 41
3.4.2.2 Seleksiekriteria 42

**3.5 DATA-INSAMELING** **42**

**3.6 ROL VAN DIE NAVORSER** **43**

**3.7 DATA-ANALISE EN -INTERPRETASIE** **44**

**3.7.1 Organisering van data** **44**

**3.7.2 Kategorieë, temas en patrone word geïdentifiseer** **45**

**3.7.3 Evaluering en kategorisering van data** **45**

**3.7.4 Verduideliking en interpretasie** **45**
3.7.4.1 Triangulasie en kristallisering 46

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

**3.8 KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA** 47

**3.8.1 Kredietwaardigheid** 47

**3.8.2 Oordraagbaarheid** 47

**3.8.3 Vertroubaarheid** 48

**3.9 ETIESE OORWEGINGS** 49

**3.10 MOONTLIKE BEPERKINGS VAN DIE STUDIE** 49

**3.11 OPSOMMING** 50

**HOOFSTUK 4**

**BEVINDINGE EN BESPREKING: GEVALLESTUDIE TER ILLUSTRASIE VAN DIE TOEPASSING VAN DIE ERICKSONIAANSE B ENADERING TOT SANDSPELTERAPIE VIR 'N DEELNEMER WAT AGGRESSIE AS ONTWIKKELINGSTEURNIS ERVAAR**


**4.1 INLEIDENDE ORIËNTERING** **51**

**4.2 AGTERGRONDINLIGTING VAN DIE DEELNEMER** **52**

**4.3 ONDERHOUDE EN TERAPEUTIESE INGREPE** **53**

**4.3.1 Sessie 1 – onderhoud 1** **53**
4.3.1.1 Aanvanklike onderhoud met moeder en deelnemer 53
4.3.1.2 Verloop van die onderhoud en temas geïdentifiseer 53
4.3.1.3 Refleksie 54

**4.3.2 Sessie 2 – terapie 1** **55**
4.3.2.1 Doelwit(te) van die sessie 55
4.3.2.2 Verloop van die sessie 55
4.3.2.3 My refleksie 56
4.3.2.4 Die deelnemer se refleksie 56

**4.3.3 Sessie 3 – terapie 2** **56**
4.3.3.1 Doelwit(te) van die sessie 57
4.3.3.2 Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer 57
4.3.3.3 My refleksie 58
4.3.3.4 Die deelnemer se refleksie 58

**4.3.4 Sessie 4 – onderhoud 2** **58**
4.3.4.1 Verloop van die onderhoud en temas geïdentifiseer 58
4.3.4.2 My refleksie 59
4.3.4.3 Die deelnemer se refleksie 59

**4.3.5 Sessie 5 – terapie 3** **60**
4.3.5.1 Doelwit(te) van die sessie 60
4.3.5.2 Verloop van die sessie 60
4.3.5.3 My refleksie 61
4.3.5.4 Die deelnemer se refleksie 61

**4.3.6 Interval 1: my refleksie** **61**

**4.3.7 Sessie 6 – onderhoud 3** **63**
4.3.7.1 Verloop van die onderhoud en temas geïdentifiseer 63
4.3.7.2 My refleksie 63
4.3.7.3 Die deelnemer se refleksie 64

**4.3.8 Sessie 7 – onderhoud 4** **64**
4.3.8.1 Verloop van die onderhoud en temas geïdentifiseer 64
4.3.8.2 My refleksie 65
4.3.8.3 Die deelnemer se refleksie 65

**4.3.9 Interval 2 – my refleksie** **66**

**4.3.10 Sessie 8 – onderhoud 5** **67**
4.3.10.1 Verloop van die onderhoud en temas geïdentifiseer 67
4.3.10.2 My refleksie 67
4.3.10.3 Die deelnemer se refleksie 68

**4.3.11 Interval 3 – my refleksie** **68**

**4.3.12 Sessie 9 – terapie 4** **68**
4.3.12.1 Doelwit(te) van die sessie 68
4.3.12.2 Verloop van die sessie 68
4.3.12.3 My refleksie 69
4.3.12.4 Die deelnemer se refleksie 69

**4.3.13 Sessie 10 – onderhoud 6** **70**
4.4.13.1 Verloop van die onderhoud en temas geïdentifiseer 70
4.4.13.2 My refleksie 70

**4.4 KATEGORISERING EN OPSOMMING VAN GEÏDENTIFISEERDE TEMAS** **71**

**4.5 OPSOMMING** **73**

**4.6 SLOT** **74**

## HOOFSTUK 5

## SAMEVATTING EN AANBEVELINGS


**5.1 INLEIDING** **75**

**5.1.1 Probleemstelling** **75**

**5.1.2 Doel van die studie** **76**

**5.2 BEVINDINGS WAAROP DIE AANBEVELINGS GEGROND IS** **76**

**5.2.1 Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering** **76**

**5.2.2 Hoofstuk 2: Literatuuroorsig** **76**

**5.2.3 Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp** **76**

**5.2.4 Hoofstuk 4: Bevindinge en bespreking** **77**

**5.3 BEANTWOORDING VAN DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG** **78**

**5.4 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE** **78**

**5.5 AANBEVELINGS** **79**

**5.6 ETIESE ASPEKTE** **80**

**5.7 SAMEVATTING** **81**

# 6. BIBLIOGRAFIE

# OPSOMMING

**‘N ERICKSONIAANSE BENADERING TOT SANDSPELTERAPIE VIR ‘N DEELNEMER WAT AGGRESSIE AS ONTWIKKELINGSTEURNIS ERVAAR**

deur

**D. DE VILLIERS**

STUDIELEIER: Prof. Dr. J.G. Maree
GRAAD: Magister Educationis (Opvoedkundige Sielkunde)
DEPARTEMENT: Opvoedkundige Sielkunde

Die doel van hierdie studie is om te verken of die Ericksoniaanse terapie-benadering met sandspelterapie gekombineer kan word om kinders wat aggressiewe gedrag toon, te ondersteun. Die studie is uitgevoer deur middel van ‘n gevallestudie waar ‘n jeugdige wat aggressiewe gedrag toon ondersteun is deur middel van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie.

Die motivering vir hierdie studie hou verband met jarelange interaksie met kinders wat emosionele ontwikkelingsteurnisse ervaar het wat beperkend was met betrekking tot die bereiking van hul volle potensiaal. Ek wou dus ondersoek instel na die moontlikheid om die Ericksoniaanse terapie-benadering met sandspelterapie te kombineer in die behandeling van kinders wat aggressiewe gedrag toon.

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# SUMMARY

**AN ERICKSONIAN METHOD TO SANDPLAY THERAPY FOR A YOUTH WITH AGGRESSION AS DEVELOPMENTAL**

**By**

**D. DE VILLIERS**

SUPERVISOR: Prof. Dr. J.G. Maree
DEGREE: Magister Educationis (Educational Psychology)
DEPARTMENT: Educational Psychology

The aim of this study was to investigate the possibility to combine the Ericksonian method with sandplay therapy to support a child with aggression as developmental disturbances. The aforementioned was executed by examinig a case study in which a youth that showed agression was supported by the Ericksonian method to sandplay therapy.

This study was motivated by many years of interaction by the researcher with children that showed emotional developmental disturbances and where these developmental disturbances delayed the attainment of their full potensial.

# SLEUTELWOORDE

| | |
|---|---|
| Ericksoniaanse benadering | Ericksonian approach |
| Sandspelterapie | Sandplay therapy |
| Kind | Child |
| Ontwikkelingsteurnis | Developmental disorder |
| Leerhindernis | Learning disorder |
| Aggressie | Aggression |

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# TABELLE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **Tabel 3.1**: | **Navorsingsproses** | **41** |
| **Tabel 3.2**: | **Verhoging van die vertroubaarheid van die studie** | **48** |
| **Tabel 4.1**: | **Betekenistabel van die deelnemer met kategorieë en temas wat tydens die onderhoude en terapeutiese ingrepe geïdentifiseer is** | **71** |

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# SKEMATIESE VOORSTELLING

**Bladsy**

**Skematiese voorstelling 1:**

**‘n Hipotetiese ekologiese model vir die bestudering van problematiese gedragswyses by adolessente** **10**

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# BYLAE

**Bylae A:** Skriftelike toestemming deur die deelnemers, haar ouers en die Departement van Onderwys

**Bylae B:** Terapie 1: Die storie van die ligbal

**Bylae C:** Terapie 1: Sandtoneel

**Bylae D:** D1 – Terapie 2: Uitgooi van die klippe
D – Terapie 2: Sandtoneel

**Bylae E:** Terapie 2: Transkripsie en kategorieë

**Bylae F:** Terapie 3: Die storie van Milton die Cheetah

**Bylae G:** Terapie 3: Sandtoneel

**Bylae H:** Terapie 4: Die storie van die gesie (genie)

**Bylae I:** Terapie 4: Sandtoneel

# ‘N ERICKSONIAANSE BENADERING TOT SANDSPELTERAPIE VIR ‘N DEELNEMER WAT AGGRESSIE AS ONTWIKKELINGSTEURNIS ERVAAR

## HOOFSTUK 1

## INLEIDENDE ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

### 1.1 INLEIDING

In Suid-Afrika en wêreldwyd is ontwikkelingsteurnisse by kinders aan die toeneem. ’n Mens hoef bloot enige koerant of tydskrif deur te blaai, nuus te kyk/luister, 'n soektog op die internet te doen, of akademiese joernale te raadpleeg om hierdie feit te bevestig (Beeld, 2006:1; Maree, 2005; Rapport, 2006:8; Sunday Times: 2005:10; The Citizen, 2006:3).

Dit is eweneens duidelik dat sowel kenners as nie-kenners verskil rakende moontlike wyses om hierdie uitdaging te hanteer (Barlow & Durand, 1995:2; Egan, 1998:xvi; Maree, 2005; Pervin & John, 1997:251; Westen, 1992:9; Wicks-Nelson & Israel, 2000:6). Verskillende tegnieke, terapieë en benaderings word met wisselende mates van sukses geïmplementeer om ontwikkelingsteurnisse by kinders te hanteer. Wêreldwyd het daar weliswaar oor die afgelope vyftig jaar veral drie paradigmatiese strome *(waves)* rakende moontlike terapeutiese benaderings in hierdie verband posgevat.

Die eerste stroom wat deur Freud se werk ingelei is, was gefokus op patologie en terapeutiese strategieë en was op psigodinamiese teorieë gebaseer. Hierdie stroom of golf is as ’n definitiewe vooruitgang beskou, omdat, in die woorde van O’Hanlon (1994:5) *it no longer viewed troubled people as morally deficient*. Die eng fokus op patologie het egter steeds die persepsies van die menslike aard negatief beïnvloed.

Die tweede golf se fokus waar gedragsterapie, kognitiewe benaderings en gesinsterapie voorkeur geniet het was op die *hede* – en verskuilde betekenisse is geïgnoreer (eie kursivering). Alhoewel terapeute as *kenners* bekend was, is kliënte nie as 'siek' beskou nie (eie kursivering). O'Hanlon (1994:6) som hierdie benadering soos volg op:

> *Personality was no longer seen as sealed in the envelope of the skin, but as influenced by patterns of communication, family and social relationships, stimulus and response, and even self talk*

Die derde golf het in die negentien tagtigs begin en verwys na die sogenoemde bekwaamheidsgebaseerde terapie *(competency-based therapies)*. Die terapeut se rol was nie meer dié van probleemoplosser nie. Die aanname was dat oplossings in die kliënt self en in sy/haar sosiale netwerke gesetel was. Verandering in die kliënt se lewe is gesentreer op die bates en oplossings van die kliënt self, eerder as op patologie of probleme as fokuspunt (O'Hanlon, 1994:5-6).

Aangesien hierdie studie fokus op die Ericksoniaanse benadering en sandspelterapie ten opsigte van kinders met ontwikkelingsteurnisse, lyk dit gepas om te vra waar dit in die genoemde drie strome of golwe geplaas kan word. Myns insiens pas Erickson se benadering sowel as sandspelterapie goed in by die derde golf, omdat beide benaderings poog om die bates en selfgegenereerde oplossings van die kliënt te mobiliseer. Om hierdie rede wil ek enersyds poog om die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir kinders wat ontwikkelingsteurnisse ervaar in hierdie saamgestelde benadering wetenskaplik te verantwoord. Andersyds wil ek verseker dat ek met so 'n saamgestelde werkswyse wel in pas sal wees met die derde golf, wat kontemporêre benaderings tot psigoterapie vervat. Die motivering vir só 'n werkswyse sal deur die rasionaal vir die studie duidelik word.

Ek gaan vervolgens eers die rasionaal van die studie bespreek, waarna die doel van die studie en 'n omskrywing van die algemene probleemstelling volg. Hierna fokus ek op sekere sleutelbegrippe wat ek as belangrik ag, waarna die verwagte uitkoms van die studie volg. Verder bespreek ek die betekenis,

voorsiene uitdagings en moontlike beperkings van die studie. Ek sluit hierdie hoofstuk af met die hoofstuk-indelings.

## 1.2 RASIONAAL VIR DIE STUDIE

### 1.2.1 Toename in ontwikkelingsteurnisse by kinders

Aggressiewe gedrag by kinders is, volgens verskeie koerantberigte (Beeld, 2006:1; Rapport, 2006:8; Sunday Times, 2005:10 The Citizen, 2006:3;) een van die ontwikkelingsteurnisse wat al meer by kinders en adolessente voorkom. Verskeie navorsers/skrywers bevestig ook dat aggressiewe gedrag besig is om toe te neem (Barlow & Durand, 1995:2; Egan, 1998:xvi; Pervin & John, 1997:251; Westen, 1992:9; Wicks-Nelson & Israel, 2000:6).

My ervaring as psigometris en skoolsielkundige by 'n skool vir kinders met epileptici en spesifieke leerhindernisse, bevestig dat daar 'n toename is in ontwikkelingsteurnisse by kinders. Vir my as opvoedkundige sielkundige is die prominensie hiervan in gesprekke met onderwysers en aanmeldings by die skool 'n bron van kommer. Die redes vir hierdie toename vorm egter nie die fokus van my studie nie. Ek fokus spesifiek op aggressie as ontwikkelingsteurnis, omdat dit gedurende my internskap geblyk het dat heelparty kinders nie weet hoe om uiting aan hul aggressie te gee nie.

### 1.2.2 Hantering van enkele ingrepe met betrekking tot kinders wat aggressiewe gedrag toon

Sekere terapeutiese ingrepe wat meer van toepassing is op kinders wat aggressiewe gedrag toon, fokus hoofsaaklik op gedragsmodifikasie-tegnieke. Alhoewel dit uit die literatuur blyk dat hierdie tipe terapie suksesvol kan wees (Barlow & Durand, 1995:2; Egan, 1998:xvi; Pervin & John, 1997:251; Westen, 1992:9; Wicks-Nelson & Israel, 2000:6), wou ek ondersoek instel na die moontlikheid om die Ericksoniaanse terapie-benadering met sandspelterapie te kombineer in die behandeling van kinders wat aggressiewe gedrag toon. Dit spruit voort uit die feit dat ek gedurende my opleiding in M.ED. (Opvoedkundige Sielkunde) verskeie kursusse met betrekking tot die

Ericksoniaanse benadering bygewoon het en toenemende positiewe terugvoer vanaf kliënte na hipnoterapeutiese ingrepe ervaar het.

### 1.2.3 Motivering vir die studie

Die motivering vir hierdie studie hou verband met jarelange interaksie met kinders wat emosionele ontwikkelingsteurnisse ervaar het wat beperkend was met betrekking tot die bereiking van hul volle potensiaal. Die kinders het gesukkel om hul gevoelens te verwoord en hul situasies en konteks te beskryf. Tydens storievertelling was dit egter duidelik dat hulle onder meer hoër ekspressie-vlakke kon bereik. Sandspel het ook ontspannende deelname van die kinders ontlok. Sandspelterapie het 'n tweeledige voordeel: dit is nie-bedreigend vir kliënte en dit is nie nodig vir kliënte om hulle gedagtes en gevoelens te verbaliseer nie. Hulle kan deur middel van die sand uitdrukking aan hul gevoelens gee. Die sielkundige mag die kliënt rig deur die vertel van stories of metafore, óf die kliënt kan sy/haar eie storie in die sand uitbeeld terwyl die terapeut as waarnemer deelneem.

Verskeie skrywers erken die waarde van stories in terapie (Bellak & Abrams, 1997:52; Brandell, 2000:xv; Sunderland, 2004:1-3; Teglasi, 2001:229). Kinders vertel en luister graag na stories. Brandell (2000:xvii) beklemtoon die kreatiewe wyses waarop kinders narratief hul eie lewens vergestalt deur middel van verhale. Hierdie outeur (2000:1) sê verder:

> *few adolescents and even fewer children express interest in discussing their wishes or intrapsychic conflicts, nor are most very receptive to this idea.*

Ek identifiseer sterk met hierdie siening van Brandell. As gevolg van genoemde beleefde beperkinge in terapie het ek gevoel dat die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie – 'n geskikte terapeutiese tegniek vir die hantering van aggressie as emosionele ontwikkelingsteurnis kon wees, veral wanneer storievertelling hiermee vervleg kon word.

Die beoogde gekombineerde benadering blyk 'n unieke terapeutiese metode te wees aangesien ek geen navorsing hieroor kon vind nie. Heelwat

navorsing is wel gedoen en gepubliseer rakende die Ericksoniaanse benadering en sandspelterapie respektiewelik (Lopez, Snyder & Rasmussen, 2003:3; Neuberger, 2000:9). Verskeie artikels is gepubliseer rakende hierdie twee temas, maar geeneen van die bronne verwys na ‘n kombinasie daarvan as ‘n terapeutiese benadering nie (Pearson, 2004:4; Rogers, 1997:214; Tsugawa, 2000:18).

Die doel van die studie word vervolgens bespreek.

## 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om te verken of die Ericksoniaanse terapie benadering met sandspelterapie gekombineer kan word om kinders wat aggressiewe gedrag toon, te ondersteun.

Ten einde die doel van die studie te bereik, is die stel van sekere navorsingsvrae onontbeerlik.

## 1.4 NAVORSINGSVRAE

### 1.4.1 Sentrale navorsingsvraag

Die studie is primêr gerig deur die volgende navorsingsvraag:

Wat is die moontlike waarde van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir kinders wat ontwikkelingsteurnisse ervaar?[1]

### 1.4.2 Subvrae

Ten einde die primêre navorsingsvraag te kon beantwoord, is die volgende sub-navorsingsvrae van nader deurskou:

[1] Alhoewel ek die term “ontwikkelingsteurnis” gebruik, is dit belangrik dat die leser in gedagte hou dat die gevalstudie verskeie emosionele ontwikkelingsteurnisse, kognitiewe beperkings sowel as spesifieke leerhindernisse behels

i) Wat is die aard van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie?

ii) Watter moontlike impak kan die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie op kinders met ontwikkelingsteurnisse hê?

iii) Op watter wyse kan die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie as terapeutiese medium toegepas word?

iv) Watter implikasies hou die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie in vir sielkundiges ten opsigte van terapeutiese teorie en praktyk?

## 1.5 BEGRIPSVERHELDERING

Die onderstaande konsepte is belangrik in hierdie studie en sal kortliks hier verduidelik word, maar ook verdere aandag geniet binne die teoretiese raamwerk van die studie in hoofstuk twee.

### 1.5.1 Die Ericksoniaanse benadering

Havens (2003:3) som die Ericksoniaanse benadering as volg op:

> *Erickson's fundamental orientation towards life, perhaps the central theme of his work, was that people must learn to recognize, to accept, and to utilize what actually is in order to meet their needs, accomplish their goals, and satisfy their purposes.*

Volgens verskeie skrywers (Geldard & Geldard, 2002:73; Havens, 2003:3; Lankton,1989:3; Zeig, 1980:xxvii; Zeig,1994:xxvi) was Erickson se fundamentele oriëntasie ten opsigte van die lewe die sentrale tema van sy werk. Hy het geglo dat mense dit wat is, behoort te herken, te aanvaar en te gebruik ten einde hul behoeftes te bevredig en hul doelwitte te bereik. Erickson se beginsel was dat individue die realiteit van hul situasie behoort te ervaar en te erken en al die vermoëns tot hul beskikking behoort te gebruik om so effektief moontlik hierdie realiteite te hanteer. Hy het bygevoeg dat hierdie ideaal nie so maklik bereik word as wat dit klink nie, maar het geargumenteer dat individue wat dit nie doen nie, hulself ten onregte beperk.

### 1.5.2 Sandspelterapie

Ek fokus vervolgens op enkele fasette van sandspelterapie aan die hand van Norton (1997:7):

i) Dit gee uitdrukking aan emosionele kwessies wat nie verbaal uitgedruk word nie.

ii) Dit is 'n unieke kinestetiese aktiwiteit – die individu maak gebruik van sy sintuie.

iii) Dit dien om afstand tussen die terapeut en die individu daar te stel indien die individu dit sou verkies.

iv) Dit verskaf 'n unieke omgewing vir die ontginning/bevordering van terapeutiese metafore wat binne die Ericksoniaanse benadering 'n belangrike rol vervul.

v) Dit is 'n effektiewe kommunikasiemedium vir die individu met swak verbale vaardighede.

vi) Dit sny deur verbalisering wat as verdedigingsmeganisme gebruik word.

vii) Dit verskaf 'n plek vir die kind om beheer te ervaar.

viii) Dit lei daartoe dat dieper intrapsigiese kwessies vir die individu en die sielkundige deegliker en vinniger toeganklik word. [2]

### 1.5.3 Kind

Vir die doel van hierdie studie beskryf die term 'kind' 'n skoolgaande individu tussen die ouderdom van 7 en 14 jaar wat in die adolessente fase is. Odendaal, Schoonees, Swanepoel, du Toit en Booysen (1979:553) definieer die term as volg:

> *'n Jong onvolwasse menslike wese. 'n Jong mens; 'n onryp menslike wese.*

### 1.5.4 Ontwikkelingsteurnisse

'n Ontwikkelingsteurnis word vir die doel van hierdie studie gedefinieer as 'n besondere kind se volwassewording wat nie geskied soos wat dit behoort te

---

Vergelyk: Hoofstuk 2, paragraaf 2.3, pp (25-33)

geskied nie. Die kind word volgens Van Niekerk (1986:9) ‘opvallend’, met ander woorde, optrede is anders as wat van ŉ kind van sy/haar ouderdom verwag word. Deur die openbaring van leer- en/of gedragshindernisse maak die kind hom-/haarself opvallend, en spesiale bemoeienis deur ŉ volwassene (ouer/onderwyser/sielkundige) kan nodig wees om die kind te ondersteun om hierdie leer- en/of gedragshindernis aan te spreek (Van Niekerk, 1986:9).

Naudé (2005) noem dat bykans alle versteurings vervat in die DSM-IV-TR (2000) as ontwikkelingsteurnisse getipeer kan word, omdat die kenmerkende simptome met verloop van tyd verandering ondergaan en die toestand op sigself dikwels oor tyd ontwikkel, sodat die steurnis eers later tydens volwassenheid manifesteer. Hierdie groep steurnisse staan algemeen bekend as *volwassenepatologie* omdat die volledige kliniese beeld gewoonlik eers tydens volwassenheid manifesteer, te wete na die ouderdom van 18 jaar. Daarteenoor is daar 'n groep ontwikkelingsteurnisse eie aan die vroeë kinderontwikkelingsjare waarvan die volledige kliniese beeld reeds in die kinderjare manifesteer. Die benaming *ontwikkelingsteurnis van die vroeë kinderjare* is egter misleidend, omdat die toestand gewoonlik tot in volwassenheid voortduur en dikwels van redelike permanente aard is. Die meerderheid van hierdie groep ontwikkelingsteurnisse – soos byvoorbeeld outisme - is dus in der waarheid nie uniek aan die vroeë ontwikkelingjare nie.

Hierdie groep ontwikkelingsteurnisse is klinies van besondere belang, omdat die kind se normale ontwikkeling daardeur geraak word. Dit impliseer dat basiese ontwikkelingsvaardighede wat tydens die vroeë ontwikkelingsjare bemeester moet word, deur die toestand gerem word. By steurnisse waarvan die volledige kliniese beeld eers tydens volwassenheid manifesteer, word die bemeestering van basiese ontwikkelingsvaardighede nie geraak nie, alhoewel daar wel byvoorbeeld sensoriese of motoriese inperking of agteruitgang kan plaasvind. Ontwikkelingsteurnisse van die vroeë kinderjare het voorts besondere kliniese betekenis omdat nie net die kind se ontwikkeling nie, maar ook die gesinslewe en onderwysbeplanning en onderwysvoorsiening in besonder deur die toestand geraak word.

Alhoewel dit moontlik mag voorkom of 'n etiket om die deelnemer se nek gehang word *(labeling)*, iets wat strydig sou wees met die derde golf-benadering wat in my skripsie gevolg word, is dit bepaald nie my bedoeling nie. Dit is egter belangrik om toepaslik blyke te gee daarvan dat ek ook op hoogte is van meer psigiatries-medies georiënteerde verwysings na en hantering van adolessente wat ontwikkelingsteurnisse ervaar.

### 1.5.5 Leerhindernis


'n Leerhindernis word geïdentifiseer wanneer kinders of adolessente nie akademies op 'n vlak funksioneer wat van hulle verwag word volgens hul intellektuele potensiaal nie. Drie moontlike primêre leerhindernisse kan onderskei word: lees, wiskunde en spelling (Dumas & Nilsen, 2003:144; Netherton, Holmes & Walker, 1999:24; Phares, 2003:332; Wicks-Nelson & Israel, 2000:290).

### 1.5.6 Aggressie

Volgens Wicks-Nelson en Israel (2000:198) kan aggressiewe gedrag by kinders die gevolg wees van veelvuldige invloede. Hulle dui hierdie veelvuldige invloede soos volg aan:

**<u>Skematiese voorstelling 1:</u> 'n Hipotetiese ekologiese model vir die bestudering van problematiese gedragswyses by adolessente.**

(Uit Wicks-Nelson & Israel, 2002:198).



Aggressie mag die gevolg wees van:

i) **Aangeleerde gedrag** – Kinders het heelwat geleentheid om aggressiewe rolmodelle te bestudeer. Ouers wat hul kinders fisiek straf, of ouers wat onbeheerste woede-uitbarstings toon, dien as 'n model vir aggressiewe gedrag.

ii) **Familie-invloede** – Die familie omgewing dien as 'n sentrale arena vir die aanleer van aggressiewe gedrag.

iii) **Portuurgroep** – Portuurgroepverhoudinge speel dikwels 'n rol in die ontwikkeling en voortbestaan van aggressiewe en antisosiale gedrag.

iv) **Sosiaal-kognitiewe invloede** – Jongelinge met gedragsprobleme dink dikwels aan sosiale interaksies op maniere wat die ontwikkeling van hul aggressiewe en antisosiale gedrag beïnvloed.

Vervolgens word die verwagte uitkoms van die studie bespreek, gevolg deur ‘n samevatting van die betekenis van die navorsing. Daarna word voorsiene uitdagings geformuleer. Die hoofstuk word afgesluit met ‘n bespreking van die navorsingsontwerp en hoofstuk-indeling.

## 1.6 VERWAGTE UITKOMS VAN DIE STUDIE

Die verwagte uitkoms van die studie sluit in om te bepaal of ‘n kombinasie van die Ericksoniaanse benadering tot terapie met sandspelterapie, ‘n positiewe impak kan hê op kinders wat ontwikkelingsteurnisse ervaar. Die navorsing sal geskied deur ’n skoolgaande leerder van ’n skool vir leerders met epilepsie en hindernisse tot leer as gevalstudie te betrek. Die impak van die Ericksoniaanse benadering gekombineer met sandspelterapie op die deelnemer se persoonlike groei sal geëvalueer word.

## 1.7 BETEKENIS VAN DIE STUDIE

Die invloed van die Ericksoniaanse benadering gekombineer met sandspelterapie op ’n leerder wat ontwikkelingsteurnisse ervaar, sal

ondersoek word. Die uiteindelike doel van die studie is om te bepaal of die Ericksoniaanse benadering moontlik suksesvol met sandspelterapie gekombineer kan word as ’n terapeutiese hulpmiddel vir sielkundiges wat kinders met ontwikkelingsteurnisse ondersteun. Die moontlike betekenis van die navorsing is veral daarin gesetel dat riglyne vir die sielkundige praktyk (by uitstek die hantering van adolessente wat ontwikkelingsteurnisse ervaar) gestel kan word.

## 1.8 VOORSIENE UITDAGINGS

Die volgende moontlike uitdagings kan by die gevalstudie as navorsingsontwerp geïdentifiseer word:

i) Die deelnemer wat vir die studie gekies word, mag dalk nie vir die volle verloop van die navorsingsproses by die studie betrokke wees nie.

ii) Die Ericksoniaanse benadering tot terapie, gekombineer met sandspelterapie is ‘n nuwe terrein wat nog nie voorheen nagevors is nie. Die geskiktheid van laasgenoemde kan slegs met verloop van die studie bepaal word.

iii) Sommige kliënte mag ongemaklik daarmee voel om met sand as terapeutiese medium te werk.

iv) Die aanmeldingshindernis mag met verloop van terapie verander.

## 1.9 MOONTLIKE BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die volgende moontlike beperkings kan by die gevalstudie as navorsingontwerp geïdentifiseer word:

i) Die mate waarin die navorsing veralgemeen kan word (op grond van een gevalstudie) dien as die studie se grootste beperking.

ii) 'n Ander navorser sou die data op 'n ander wyse kon interpreteer.

iii) Die studie is van beperkte omvang omdat ‘n enkele deelnemer tydens die navorsing gebruik is.

iv) Die subjektiewe interpretasie van die navorser kan moontlik in ‘n bepaalde mate as beperkend beskou word, want die resultate kan deur ander navorsers verskillend geïnterpreteer word.

## 1.10 NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

Hierdie studie word onderneem vanuit die kwalitatiewe interpretevistiese epistemologie. Die navorsingsontwerp, en -metodologie, sowel as data-insameling- en data-analiseringstrategieë sal volledig in Hoofstuk 3 bespreek word.

## 1.11 OPSOMMING EN HOOFSTUK-INDELING

Die raamwerk vir die verloop van die studie is as volg:

**Hoofstuk 1** dien as die inleidende oriëntasie en inleiding, waar die rasionaal en doel van die studie definieer is. ‘n Uiteensetting van die navorsingsvrae asook die kernkonsepte van die studie kom hierin voor. Die doel van hoofstuk 1 is om vir die leser 'n raamwerk te skep vir dit wat in Hoofstukke 2 tot 5 volg.

**Hoofstuk 2** sal fokus op die teoretiese raamwerk waarbinne die ondersoek plaasgevind het. ‘n Bespreking van relevante literatuur met betrekking tot die navorsingsprobleem sal plaasvind.

**Hoofstuk 3** sal ‘n volledige bespreking van die navorsingsproses bied. Die navorsingsparadigma, -ontwerp, metodes van data-insameling, data-analise en data-interpretasie sal omvattend bespreek word. Die vertrouenswaardigheid van die navorsingsresultate en etiese maatreëls sal in die hoofstuk verduidelik word. Aannames en beperkinge van die navorsing sal ook identifiseer en toegelig word.

**Hoofstuk 4** sal dien as uiteensetting van die analise en interpretasie van verkreë resultate.

**Hoofstuk 5** sal 'n opsommende weergawe van die studie, sowel as 'n bespreking van relevante literatuur as literatuurkontrole rakende die navorsingsprobleem behels. 'n Bespreking van die bevindinge van die studie sal plaasvind, asook aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing, opleiding en praktyk.

# ‘N ERICKSONIAANSE BENADERING TOT SANDSPELTERAPIE VIR ‘N DEELNEMER WAT AGGRESSIE AS ONTWIKKELINGSTEURNIS ERVAAR

## HOOFSTUK 2

## LITERATUUROORSIG

### 2.1 INLEIDING

Die mens spekuleer al vir baie jare oor die etiologie van ontwikkelingsteurnisse by kinders en adolessente (Wicks-Nelson & Israel 2000:10). Volgens hierdie skrywers is “duiwels” en “sonde” tydens die negentiende eeu blameer vir gedragsteurnisse soos, onder andere aggressie. Hierna is die oorsake van gedragsteurnisse hoofsaaklik aan genetiese faktore toegeskryf. Verskeie ontwikkelings op die gebied van die sielkunde het egter hierdie standpunte ten opsigte van oorsaaklike faktore en die behandeling van emosionele ontwikkelingsteurnisse by kinders en adolessente radikaal gewysig (Wicks-Nelson & Israel, 2000:10).

Soos reeds in hoofstuk 1 aangedui is, was daar wêreldwyd oor die afgelope vyftig jaar veral drie paradigmaskuiwe of strome in terapeutiese benaderings met betrekking tot die moontlike hantering van ontwikkelingsteurnisse by kinders. Dit het gewissel van die psigodinamiese teorie van Freud, waar die grondslag vir psigoterapie gelê was met ‘n sterk klem op patologie. Daar is volgens O’Hanlon (1994:6) tydens hierdie fase reeds ‘n groot sprong gemaak:

> *because it no longer viewed troubled people as morally deficient, and it gave us a common vocabulary codified in the Diagnostic and Statistical Manual for describing human problems*

Die tweede beweging het gepoog om die oorbeklemtoning van patologie te verminder en het probleem-gesentreerde terapieë soos behaviorisme, kognitiewe benaderings en gesinsterapie wat nie die kliënt as ‘siek’ tipeer het nie, voorgestaan. Die fokus tydens hierdie fase was op die *hede* en die soeke

na *hidden meanings and ultimate causes* is afgeskaal (O'Hanlon, 1994:6). Kliënte is egter steeds nie gesien as besluitnemende agente in hul eie verandering nie.

Tydens die tagtigerjare in die vorige eeu het sommige terapeute begin wegbeweeg van die probleemgesentreerde benadering en die onbenutte potensiaal van kliënte sowel as hul onbenutte sosiale netwerke, is as bron vir moontlike oplossings ontgin. Hierdie derde golf het volgens O'Hanlon (1994:7) oplossingsgeoriënteerde terapie (*solution-oriented therapy*) as onderliggende filosofie. Ericksoniaanse terapie ressorteer onder hierdie derde beweging.

Tydens my studiejare en my ervaring in die sielkunde-departement by 'n skool vir leerders met epilepsie en gedragshindernisse het ek die krag van storievertelling tydens terapie by kinders wat gesukkel het om hul emosies te verwoord, ervaar. Hierdie tendens word deur verskeie skrywers bevestig (Amatruda & Simpson, 1997:16; Boik & Goodwin, 2001:37; Kalff, 2004:1; Van Dyk, 1995:5; Weinrib, 1983:20) wat storievertelling aanbeveel as een van die moontlike oplossings vir dié probleem. Sandspelterapie word as 'n ander alternatief aanbeveel (Amatruda & Simpson, 1997:16; Boik & Goodwin, 2001:37; Kalff, 2004:1; Van Dyk, 1995:5; Weinrib, 1983:20). Waar ek verskeie kursusse in Ericksoniaanse terapie deurloop het, en toenemende sukses hiermee beleef het (soos gerapporteer deur kliënte), wou ek verken of aggressie as emosionele ontwikkelingsteurnis moontlik deur 'n kombinasie van die Erickoniaanse benadering en sandspelterapie – wat albei van storievertelling gebruik maak – terapeuties gefasiliteer kon word.

## 2.2. DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE

Erickson se fundamentele oriëntasie ten opsigte van die lewe, en moontlik die sentrale tema van sy werk, was dat mense moes leer om die realiteit te

herken, te aanvaar en te gebruik ten einde in hul behoeftes te voorsien en hul doelwitte te bereik (Havens, 2003:3; Rossi, 1980:14).[3]

### 2.2.1 Agtergrondinligting

Volgens Haley (in Zeig, 1994:4) is dit nie moontlik om Erickson binne 'n terapeutiese skool van sy tyd te pas nie. Gedurende die 1940s, die periode waartydens Erickson sy benadering begin ontwikkel het, was die enigste idees binne die veld dié van psigodinamiek, met ander woorde, die eerste paradigmatiese skuif wat met Freud begin het. Gesinsterapie, en gedragsterapie wat, volgens O'Hanlon (1994:5), binne die tweede paradigmatiese skuif pas, was nog nie ontwikkel nie.

Erickson se benadering tot terapie en sy idees van hoe die kliënt moes verander om sy/haar eie probleme te hanteer, het heelwat verskil van dié van sy tydgenote (Haley in Zeig, 1994:4). Laasgenoemde het – binne die psigodinamiese veld – aanvaar dat ‘n persoon se gedrag die gevolg was van onderdrukte, onbewuste idees wat na die bewuste gebring moes word deur interpretasies van die sielkundige. Erickson, daarteenoor, het egter op die aanmeldingshindernis gefokus. Sy teorie was gefokus op verandering (Havens, 2003:ix; Lankton, 1989:1; Rossi, 1980:17), ‘n benadering waar gesoek is na die teenswoordige hindernis en wat om in verband daarmee te doen. Op grond van hierdie sterk oplossingsfokus van die Ericksoniaanse benadering tot terapie pas dit binne die derde golf wat O'Hanlon (1994:5) bespreek.

### 2.2.2 Teoretiese begronding

#### 2.2.2.1 Erickson se teorie aangaande terapie

Die Ericksoniaanse benadering tot terapie is ‘n vorm van kommunikasie tussen twee of meer persone wat die aanwending en toeganklikheid van latente of onderontwikkelde hulpbronne (sterk punte) teweegbring (Edgette & Edgette, 1995:4). Deur middel van die Ericksoniaanse benadering poog die sielkundige om kliënte van hul sterk punte (bates) bewus te maak. In hierdie

[3] Vir die doel van hierdie studie word die term “terapie” gebruik, alhoewel die Ericksoniaanse benadering tot terapie ook van hipnoterapie as terapeutiese hulpmiddel gebruik maak.

studie word dit as belangrik geag, aangesien sowel ek as my medestudente inderdaad ondervind het dat kinders wat ontwikkelingsteurnisse ervaar, skynbaar moeite het om hul sterk punte uit te ken en tot hul voordeel aan te wend.

#### 2.2.2.2 Die Ericksoniaanse benadering: 'n Terapie van verandering

Erickson het meermale teenoor sy studente die hoop uitgespreek dat sy werk nie binne 'n rigiede terapeutiese raamwerk saamgevat sou word nie. Volgens Rossi (1980:xxi) het Erickson homself ten doel gestel om 'n nuwe terapeutiese ingryping – gebaseer op elke kliënt se unieke situasie – te ontwikkel. Hy het dit soos volg gestel:

> *Each person is a unique individual. Hence, psychotherapy should be formulated to meet the uniqueness of the individual's needs, rather than tailoring the person to fit the Procrustean bed of a hypothetical theory of human behaviour.*

Zeig en Munion (1999:27) meen dat die Ericksoniaanse benadering voortvloei vanuit beginsels wat die terapeut toelaat om die kliënt in sy/haar wêreld te ontmoet. Erickson se verduidelikings aangaande terapeutiese ingrypings het die belangrikheid van baie faktore benadruk, byvoorbeeld die waarde van waarneming, die bereidwilligheid om die kliënt se perseptuele raamwerk en motivering te begryp, 'n opregte belangstelling in die sistemiese funksionering van die simptoom, kreatiwiteit om ingrypings daar te stel wat die kliënt se sterk punte en bates gebruik en 'n bewustheid dat kommunikasie die primêre agent is om verandering teweeg te bring (Edgette & Edgette, 1995:12; Havens, 2003:ix; Rossi, 1980:xi; Zeig & Munion, 1999:27). In sy terapie het Erickson kliënte se stories en metafore ontgin om hul bates te identifiseer (Mills & Crowley, 2001:xvii). As terapeut het hy belanggestel in fyn besonderhede en het hy intensief na kliënte geluister en hulle noukeurig waargeneem.

Mills en Crowley (2001:xvii) som Erickson se metode as volg op:

> *In Erickson's work we saw how the psychology of pathology that had historically dominated psychotherapy was unobtrusively transformed into a psychology of potentials, how the traditional authoritarian approach of the therapist was mellowed with respect and care into a*

> *utilization approach of patient potentials and how the ever-revered edifice of analysis and insight was nudged off the pedestal in favour of creative reframing and unconscious learnings.*

Aangesien stories en metafore belangrik is in Ericksoniaanse terapie, word dit in die volgende afdeling kortliks bespreek.

### 2.2.2.3 Die gebruik van stories en metafore in Ericksoniaanse terapie

Storievertel-tegnieke lewer ‘n unieke bydrae tot terapie (Teglasi, 2001:250). Conn (1939) en Solomon (1938, 1940, 1951) was van die eerstes om te eksperimenteer met storievertelling by kinders, sowel in projeksie-media as die gebruik daarvan in kinderpsigoterapie (Brandell, 2000:3). Hierdie skrywer meen dat kinders se stories lank reeds as belangrike inligtingsbronne erken is in die identifisering van die intrapsigiese strukture, konflikte en verdedigingsmeganismes. Hy stel verder dat hierdie verhale ook verdere inligting verskaf oor wense, fantasieë, interpersoonlike verhoudings, die ontwikkeling van die self en ander karaktereienskappe.

Erickson het in sy terapie metafore en stories gebruik om ‘n boodskap oor te dra, ‘n benadering wat tans ook deur narratiewe terapeute gebruik word (Mills & Crowley, 2001:xviii). In my navorsing het ek die kind se verhaal gebruik om ‘n storie te skep in ‘n poging om ‘positiewe verandering’ in die kind se lewe teweeg te bring.

Verskeie skrywers postuleer dat kinders in die meeste gevalle verkies om ŉ storie te hoor of te speel, eerder as om na 'n volwassene te luister wat vir 'n uur lank met hulle 'n gesprek voer (Brandell, 2000:3; Mills & Crowley, 2001:xviii; Teglasi, 2001:250). Alhoewel die vertel van stories nie ‘n unieke nuwe vorm van kinderterapie is nie, behoort die spesifieke kombinasie van die vertel van stories op ‘n Ericksoniaanse manier, gekoppel met sandspelterapie, iets besonders tot gevolg te hê (Mills & Crowley, 2001:xix; Yapko, 1995:176). Volgens hierdie skrywers is die storie ‘n komplekse verwewing van waarnemings, intuïsie en doelwitte wat die sielkundige gebruik om aan die individu ‘n belangrike boodskap oor te dra. Die veronderstelling is dat die

storie die individu se eie unieke assosiasies en ondervindinge stimuleer wat hulle dan ná hipnoterapie in die sand uitbeeld.

Mills en Crowley (2001:17) beskryf navorsing uit ‘n fisiologiese perspektief wat daarop dui dat die regterhemisfeer van die brein geaktiveer word om stories en metafore te prosesseer. Laasgenoemde is, volgens Siegelman (1990:x), ‘n manier om met die onbewuste te kommunikeer. Die skrywer noem verder dat metafore ook as ‘n brug dien tussen gevoel en insig en dat dit ‘n manier is om gevoelens te mobiliseer en vry te laat, omdat dit gebruik maak van die konkrete en visuele. Lakoff en Turner (in Siegelman, 1990:1) stel dit soos volg:

> *Metaphor is a tool so ordinary that we use it unconsciously and automatically, with so little effort that we hardly notice it. It is omnipresent: metaphor suffuses our thoughts, no matter what we are thinking about. It is accessible to everyone: as children, we automatically, as ‘matter of course’, acquire a mastery of metaphor,. and it is irreplaceable: metaphor allows us to understand ourselves and our world in ways that no other modes of thought can.*

Die regter-hemisfeer is ook meer as die linker-hemisfeer betrokke by emosionele en verbeeldingsprosesse. Daar word dus deur die skrywers betoog dat psigosomatiese simptome geprosesseer word deur oorheersend regterbreinfunksies. Uit die fisiologiese perspektief mag die regterbrein dus die ‘tuiste’ van sowel metaforiese taal as psigosomatiese simptome wees. Erickson en Rossi voer, volgens Mills en Crowley (2001:17), aan dat psigosomatiese simptome uitdrukkings in die taal van die regter-hemisfeer is. Ons gebruik van metafore kan dus ‘n manier wees om direk met die regter-hemisfeer in die ‘eie taal’ daarvan te kommunikeer. Deur gebruik te maak van die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie kan die terapeut moontlik direk toegang verkry tot die regter-hemisfeer van die brein.

Erickson het, volgens Rossi, buitengewone vaardighede besit om "twee-vlak-kommunikasie" daar te stel, wat beteken dat hy terselfdertyd met sowel die bewuste as die onbewuste kon kommunikeer deur gebruik te maak van metafore (Rossi, 1980:448). Die skrywer betoog dat, terwyl die bewuste een

boodskap ontvang (in die vorm van konsepte, idees, stories of beelde) wat dit "besig" hou, word 'n ander terapeutiese boodskap na die onbewuste deurgeglip deur middel van implikasie en betekenis. Rossi noem verder dat Erickson spesifieke terapeutiese suggesties binne ŉ breër konteks geintegreer het (ŉ storie, metafoor, grappie). Terwyl die bewuste besig is om na die letterlike aspekte van die storie te luister, word assosiasies deur middel van versigtig beplande suggesties – wat later na die bewuste oorspoel – na die onbewuste geaktiveer (Rossi, 1980:448).

Erickson se benadering tot terapie was vasgelê in sekere beginsels. ‘n Bespreking hiervan volg.

#### 2.2.2.4 Erickson: ‘n A-teoretiese benadering tot terapie

Erickson se benadering tot terapie was nie binne ‘n spesifieke teorie gegrond nie, daarom word gepraat van ‘n A-teoretiese benadering. Dit is vasgelê in ses beginsels wat vervolgens bespreek gaan word.

**i) Die onbewuste is ‘n belangrike hulpmiddel in die terapeutiese proses**

Volgens Zeig en Munion (1999:29) was die mens se onbewuste een van die hoekstene van Erickson se benadering en het hy die onbewuste te alle tye met respek hanteer. Battino en South (2002:30) stel Erickson se siening van die onbewuste as volg:

> *He was aware that it was a special psychological state with certain physiological attributes, superficially resembling sleep, and characterized by a functioning of the individual at a level of awareness other than the ordinary state – which has been conceptualized as the “unconscious”.*

Hierdie skrywer dui aan dat Erickson op sy kliënt en op sy eie onbewuste vertrou het as ‘n belangrike hulpbron in die genesingsproses.

Volgens Zeig en Munion (1999:29) het Erickson ook besondere klem gelê op die **terapeut se onbewuste**. Hy het dikwels bevestig dat hy in terapie-sessies self in ‘n hipnotiese toestand sou gaan indien hy oortuig was dat hy sy kliënt beter sou verstaan wanneer hyself onder hipnose was. Hierdie skrywers beklemtoon egter dat Erickson se vertroue in sy eie onbewuste nie

‘n oorgawe aan die “alwetende onbewuste” impliseer in die hoop dat die sessie op een of ander magiese manier in plek sou val nie. Dit moet eerder toegeskryf word aan die feit dat sy jarelange ontwikkeling van buitengewone waarnemings- en kommunikasievaardighede, sowel as sy ervaring en volledige begrip van die psigodinamiese teorie, sielkundige funksionering en menslike fisiologie, volgens Zeig en Munion (1999:30), op wetenskaplike manier vervleg is met die gebruik van Erickson se onbewuste. Hoewel laasgenoemde as hulpbron erkenning geniet het, was sy metodes en benaderings tot psigoterapie deurlopend wetenskaplik gefundeerd en rasioneel (Zeig & Munion 1999:30).

Erickson het die **kliënt** se onbewuste beskou as ‘n bron wat oor spesiale maniere beskik om inligting te prosesseer (Zeig & Munion, 1999:30), en het geglo dat terapeutiese werk in samewerking met die onbewuste moes geskied, buite die bewussyn. Hy het hierdie opvatting gegrond op sy oortuiging dat die onbewuste insig ontwikkel voor bewustelike erkenning daarvan plaasvind, en soms op ‘n simboliese manier “praat” (Geary & Zeig, 2001:524; Klippstein,1991:xi; Thompson, 2005:v). Hoewel Erickson oortuig was dat dit belangrik was om onbewuste simboliek te herken en te verstaan, (Zeig & Munion, 1999:30), het hy ook beklemtoon dat dit nie altyd nodig was om implisiete betekenis eksplisiet te maak nie. Die terapeut moes ook te alle tye daarna streef om te verstaan waaroor die kliënt werklik praat. Terapeutiese hantering van sodanige gespreksinhoude kan, volgens Zeig en Munion (1999:30) plaasvind deur gebruik te maak van dieselfde simboliese taal as wat die kliënt gebruik.

Wat **die verdeling tussen die bewuste en die onbewuste** betref, het Erickson daarop gewys dat die onbewuste daagliks dinge ontdek en dus gedrag voorafgaan en lei (Zeig & Munion, 1999:32). Hy was oortuig dat individue daagliks onbewustelik insig verkry sonder dat hulle bewustelik daarvan weet. ‘n Persoon kan byvoorbeeld van voorneme wees om binne groepsverband iets te bespreek en net ‘n gevoel kry dat dit nie die regte tyd of plek is om die saak op daardie spesifieke geleentheid te bespreek nie.

Volgens Erickson kan hierdie insig as onbewuste insig gesien word (Zeig & Munion, 1999:32).

**ii) Erickson se model was simptoom-gefokus en nie-patologies**

Gilligan (1987:71) meen dat die positiewe benadering van Erickson om etikettering van sy kliënte te vermy, 'n aantal voordele inhou omdat dit gesonde uitkomste voorstaan: die benadering streef nie na massiewe persoonlikheidsrekonstruksie nie, maar fokus slegs op die oplossing van simptome of probleme. Implisiet in hierdie benadering is 'n waardering vir al die aspekte van die individu wat na behore funksioneer. As 'n huidige en toekomsgeoriënteerde benadering is dit onmiddellik relevant in die kliënt se lewe (Gilligan, 1987:71).

**iii) Die rol van die terapeut**

Erickson was volgens Lankton (1989:23) 'n direktiewe terapeut. Omdat hy aanvaar het dat die kliënt enige tyd sy advies kon aanvaar of verwerp, kon hy advies voorsien en direktief terapeutiese ingrypings doen tot voordeel van sy kliënt. 'n Direktiewe rol aan die kant van die terapeut kan die pas van terapie versnel (Lankton, 1989:23). Erickson het ook deur gesprekvoering maniere nagespeur waarop positiewe gedragsverandering en insig-verwerwing reeds in die verlede plaasgevind het en hierdie verworwe kennis dan in terapie gebruik (Zeig & Munion, 1999:32). Hy het die rol van die terapeut veral ook as primêre inisiërende kreatiewe bron binne die terapeutiese verhouding gesien (Lankton, 1989:23).

**iv) Terapie buite die terapiekamer**

Erickson was van mening dat belangrike terapeutiese werk buite die konteks van terapie kon geskied deur die benutting van opdragte (Edgette & Edgette, 1995:11). Volgens hierdie skrywers hou dit die voordeel in dat die kliënt nie net **gedurende terapie** besig is met terapeutiese werk nie, maar ook vir 'n groter deel van die week, wat meebring dat die probleem gekonfronteer word in die konteks waarin dit begin het. Opdragte verskuif die aard van die werk vanaf die abstrakte na die konkrete en bevorder by die kliënt groei, wat nie in die terapiekamer alleen verkry kan word nie. Genoemde skrywers meen dat

Erickson opdragte gebruik het sodat sy kliënte insig kon verkry in hul probleme, emosionele bevryding kon kry en ook gedragspatrone kon verbreek. Omdat Erickson sy kliënte se sterk punte, vermoëns en hulpbronne in gedagte gehou het wanneer hy sulke praktiese opdragte gegee het, was kreatiewe en unieke huiswerk-opdragte een van die kenmerke van sy terapeutiese ingrypings (Edgette & Edgette, 1995:11).

**v) Terapeutiese gebruik van kliënte se sterk punte en vermoëns**

Die vyfde beginsel waarop Erickson se terapie geskoei was, was sy oortuiging dat die meeste kliënte oor genoegsame hulpbronne, sterk punte en ervarings beskik om hul eie probleme op te los. Rosen ( in Zeig en Lankton 1988:112) meen dat Erickson diep onder die indruk was van die geweldige insette wat sy kliënte ten opsigte van hul behandeling moes lewer, en dat hy daarom sy terapeutiese ingryping aangepas het om hul vermoëns en hulpbronne maksimaal te benut.

Die unieke persoonlikheid van die kliënt en sy/haar ervarings is ook deur Erickson in gedagte gehou wanneer die tipe intervensie oorweeg is (Edgette & Edgette, 1995:12; Zeig & Munion, 1999:33). Laasgenoemde skrywers wys daarop dat sommige van hierdie ervarings uniek is aan die individu en dat ander universeel is. As voorbeeld hiervan verduidelik hulle dat almal weet hoe dit gevoel het om te leer fietsry, maar dat nie almal in musiek opgelei is nie. Erickson het sowel hierdie individuele as universele ondervindings en hulpbronne in terapie gebruik.

**vi) Benutting**

Volgens Erickson (in Geary & Zeig, 2001:93) benut effektiewe behandeling alles wat kliënte na die terapeutiese situasie bring of wat alreeds in hulle lewens bestaan. Benutting van geleenthede impliseer die gereedheid van die terapeut om strategies te reageer op alle aspekte van die kliënt en die omgewing. Dit sluit beide bewuste en onbewuste hulpbronne, sterk punte, ondervindinge, vermoëns, verhoudinge, houdings, probleme, simptome, tekorte, omgewing, beroep, stokperdjies en emosies in (Geary & Zeig, 2001:93). Die konsep van benutting is, volgens hierdie skrywers, eenvoudig

omdat dit alles binne die kliënt se lewe omvat wat bruikbaar mag wees om die terapeutiese doelstelling te bereik. Hulle meen dat, indien die kliënt dit wat bruikbaar is na terapie bring, dit waarskynlik kragtiger sou meewerk tot *healing* (genesing) as enigiets anders wat die terapeut tot die situasie kan byvoeg.

Die ander terapie-benadering wat in die fokus van hierdie studie staan, is, soos reeds genoem sandspelterapie. ‘n Bespreking hiervan sal gevolg word deur ‘n vergelyking van hierdie terapie met die Ericksoniaanse benadering, aangesien die onderhawige studie voortspruit uit ‘n vraag na die sukses al dan nie daarvan om Erickson se benadering met sandspelterapie te kombineer in die behandeling van aggressie as ontwikkeingsteurnis by adolessente.

## 2.3 SANDSPELTERAPIE

Volgens Boik en Goodwin (2002:17) kan sandspel beskou word as ‘n verbeeldingsaktiwiteit wat die kliënt in sand uitvoer. Hierdie skrywers meen dat sandspel ‘n natuurlike spieël is vir die individualiseringsproses waarmee die kliënt besig is. Ander skrywers dui aan dat deelnemers deur middel van sandspel toegang verkry tot hul kerngevoelens, en dat sandspel ‘n simboliese taal is waardeur die kliënt kommunikeer (Boik & Goodwin, 2002:17; Carey, 1999:21; De Domenico, 2002:8; Mitchell & Friedman, 1994:36; Pearson & Wilson, 2001:5; West, 1996:93). Kalff (2004:6) en Lowenveld (in Carey, 1999:19) glo dat die spel met of sonder water kan geskied. Alhoewel Lowenveld (in Carey, 1999:19) gevind het dat die kliënt met of sonder miniatuurfigure ‘n wêreld in die sand kon uitbeeld, was dit vir Kalff (2004:6) belangrik dat die deelnemer miniatuurfigure en simbole in die sandtoneel gebruik.

Die Ericksoniaanse benadering en sandspelterapie, waar die kliënt vry is om ‘n eie innerlike wêreld deur middel van sand te skep, mag moontlik in kombinasie as ‘n terapeutiese hulpmiddel wedersyds aanvullend wees.

Hierdie gekombineerde benadering is ‘n unieke terapeutiese metode waaroor daar nog nie navorsing gedoen is nie, om welke rede ek my skripsie aan die onderwerp wy.

### 2.3.1 Agtergrondinligting

Wanneer sandspelterapie bespreek word, is dit van belang om veral drie pesone se bydraes tot hierdie terapeutiese ingryping te bespreek – die van Lowenveld, Kalff en De Domenico:

#### 2.3.1.1 Margaret Lowenveld

Margaret Lowenveld was die eerste persoon wat sandspel as ‘n psigoterapeutiese metode gebruik het (Weinrib, 1983:6). Volgens Weinrib het sy die Lowenveld Wêreldtegniek in Londen ontwikkel gedurende die 1920s. Dit het behels dat die kliënt in ‘n bak gevul met droë en/of nat sand, miniatuurfigure en simbole moes rangskik om ‘n statiese of ‘n bewegende wêreld in die sand te skep (Weinrib, 1983:7). Nadat die kliënt sy/haar wêreld in die sand geskep het, het Lowenveld heelwat tyd bestee om die kliënt te ondersteun om hierdie wêreld te verstaan (De Domenico, 2002:3). Hierdie skrywer meen dat Lowenveld daarna gestreef het om te bepaal wat die objekte wat die kind gebruik het, vir hom of haar beteken het. Sy het klaarblyklik nie primêr op die simboliek van die miniatuurfiguur of simbool staatgemaak, of op ‘n spesifieke teorie aangaande die interpretasie van kinderfantasieë nie; wat van belang was, was die betekenis wat die kind aan die beelde en/of vorms gegee het (De Domenico, 2002:3). Dit het voortgespruit uit Lowenveld se oortuiging dat die primêre wyse van bewuswording van die eksterne objekte wat die kind in die sandspel gebruik, ineengestrengel is met aspekte van die kind se vroeë intrapsigiese ervarings van hierdie eksterne objekte asook die fisiologiese en/of emosionele gevoelens wat aan hierdie objekte gekoppel is. Deur middel van verbale eksplorasie kon sy ‘n prentjie vorm van die gevoelens, konsepte, gedagtes en ondervindinge wat in die kind se sandwêreld uitgebeeld is (De Domenico, 2002:3).

#### 2.3.1.2 Dora Kalff

Lowenveld se Wêreldtegniek is in Jungiaanse werk geïnkorporeer as gevolg van die pogings van Dora Kalff (Weinrib, 1984:6). Volgens De Domenico (2002:7) is Kalff die eerste persoon wat van die term "sandspelterapie" gebruik gemaak het. Sy het dit gebruik as 'n tegniek wat kinders in staat gestel het om beide argetipes en intrapersoonlike wêrelde uit te druk (Boik & Goodwin, 2003:7). Wilmer (in Carey, 1999:11) gee die volgende verduideliking met betrekking tot argetipes:

> *The world of the archetypes is that invisible world that no one has ever seen. It is hypothesized to be the deepest realm of the psyche and to have the potential to evoke images of a more or less predictable nature. It is these images that we see and which occur worldwide in the psyches of all people. The same images have been appearing and reappearing from time immemorial. We know them through fairy tales, sagas, legends, and stories told the world over. They transcend culture, race and time.*

'n Argetipe is dus 'n hipotetiese model wat nooit ten volle verduidelik kan word nie. Elke individu ervaar 'n argetipe op sy/haar eie unieke manier. Elkeen van ons het 'n ander innerlike beeld van byvoorbeeld **moeder, vader, perd** of **draak.**

Kalff het geglo dat sandspel die kind met die realiteite van die alledaagse lewe verbind en dat simboliese spel kommunikasie skep tussen die bewuste en die onbewuste (Boik & Goodwin, 2003:7). In haar benadering is die ongesproke begrip, die verbindingsgevoel, met ander woorde die oordrag- en teenoordrag-dimensies wat tussen die terapeut en die kind ontwikkel, beskou as die primêre genesende faktor gedurende sandspelterapie (Carey, 1999:21). Hierdie beskouing word egter nie deur alle sandspelterapeute gehuldig nie omdat daar terapeute is wat glo dat die oordrag nie veronderstel is om op die terapeut te wees nie, maar wel op dit wat binne-in die sandkas uitgebeeld word (Carey, 1999:21).

#### 2.3.1.3 Gisela De Domenico

Die volgende belangrike navorser op hierdie terrein is Gisela De Domenico wat uitstekende navorsing gedoen het; sy het met voorskoolse kinders verskillende vorms en groottes sandspelkaste gebruik in 'n tegniek wat sy

*Sandtray-Worldplay* noem (Boik & Goodwin, 2002:8; Landreth, 1991:15). Anders as Lowenveld en Kalff, is De Domenico se fokus direk op die bewuste, deurdat sy die kliënt se sandspelproses en ervaring van die wêreld en die self fasiliteer (De Domenico, 2002:9). In teenstelling met Kalf en Lowenveld sien sy die beelde en die sandformasies as werklik (nie-simbolies) sodra dit in die sandbak geplaas is (De Domenico, 2002:10). Sy glo verder dat dit nie vir die terapeut nodig is om die sandwêreld van die kliënt te interpreteer nie, omdat die terapeut nie die kundige met betrekking tot die kliënt se lewe is nie (Boik & Goodwin, 2002:8). Soos by Lowenveld begin haar proses met die persoonlike ondervinding van die deelnemer, en soos Kalff gebruik sy die argetipiese ondervinding van die deelnemer, maar interpreteer dit nie.

### 2.3.2 Teoretiese begronding van sandspelterapie

Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik om die voordele en beperkinge van sandspelterapie uit te lig alvorens 'n poging aangewend word om 'n vergelyking te tref tussen die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie.

Die voordele van sandspelterapie word vervolgens bespreek.

#### 2.3.2.1 Die voordele van sandspelterapie

| | |
|---|---|
| 1 | Sandspel maak gebruik van fantasie wat die individualiseringsproses van die deelnemer fasiliteer |
| 2 | Sandspel ontlok kreatiwiteit, innerlike gevoelens, persepsies en gedagtes |
| 3 | Deur sandspel benut die deelnemer sy/haar sintuie |
| 4 | Sandspel laat die kliënt toe om 'n konkrete wêreld te skep van innerlike denke en gevoelens |
| 5 | Sandspel bou brûe tussen die onbewuste en bewuste |
| 6 | Sandspel gee uitdrukking aan emosionele kwessies wat die kliënt nie wil of kan verbaliseer nie |
| 7 | Sandspel het 'n unieke kinestetiese kwaliteit |

| | |
|---|---|
| 8 | Sandspel dien om afstand daar te stel tussen die terapeut en kliënt, sou die kliënt dit verkies |
| 9 | Sandspel verskaf grense en beperkinge wat 'n gevoel van veiligheid by die kliënt bevorder |
| 10 | Sandspel kan met individue en families (groepe) gedoen word |
| 11 | Sandspel nooi spontane spel uit waar daar geen regte en verkeerde maniere is om 'n wêreld in die sand te skep nie |
| 12 | Deur sandspel verdwyn die kliënt se verdedigingsmeganismes omdat die terapie nie-bedreigend is |
| 13 | Spel is 'n natuurlike kommunikasiemedium vir kinders, en 'n algemene taal wat oor verskillende kulture heen gebruik kan word |
| 14 | Sandspel voorsien 'n unieke ruimte waar terapeutiese metafore gebruik kan word |
| 15 | Sandspel is 'n nie-bedreigende tegniek, omdat die kliënt nie oor sy/haar diepste kwessies hoef te praat nie |
| 16 | Sandspel kan in samewerking met ander benaderings gebruik word |
| 17 | Deur middel van sandspel kan die kliënt beheer oor sy/haar lewe neem |
| 18 | Dieper innerlike kwessies mag makliker toeganklik word deur middel van sandspel |
| 19 | Sandspel bemagtig die kliënt omdat daar beweging plaasvind |

Aangepas uit: Boik en Goodwin (2003:17); Bradway (1999:2); Carey (1999:xvi); De Domenico (2002:10); Hees-Stauthamer (2005:4); Kalff, (1980:19); Mitchell & Friedman, 1994:9; Pearson en Wilson (2001:92); Penny en Clark, (2005:5); Van Dyk (1995:7).

### 2.3.2.2 Die beperkinge van sandspelterapie

| | |
|---|---|
| 1 | 'n Moontlike beperking mag die grootte van die sandkas wees |
| 2 | Die interpretasie wat die terapeut aan die sandspel van die deelnemer heg, mag 'n beperking wees indien die terapeut nie ten volle op die deelnemer ingestel is nie |

| | |
|---|---|
| 3 | Sommige kliënte mag vind dat die terapie te passief is |
| 4 | Kinders onder die ouderdom van 18 maande sal moontlik nie baat vind by sandspel as ‘n terapeutiese ingryping nie |
| 5 | Dit mag gebeur dat die terapeut nie daarin slaag om die kliënt gedurende terapie veilig te laat voel nie |
| 6 | Sommige kliënte mag weier om aan die sand te raak |
| 7 | Sekere kwessies in die deelnemer se lewe mag onmiddellike aksie vereis |
| 8 | Die verskeidenheid miniatuurspeelgoed en die vryheid mag vir sommige kliënte oorweldigend wees |
| 9 | Die terapeut kan in die slaggat trap om te betrokke te raak in die kliënt se spel |
| 10 | Sommige kliënte mag voel dat die proses te lank duur |

Aangepas uit: Boik en Goodwin (2003:17); Bradway (1999:2); Carey (1999:xvi); De Domenico (2002:10); Hees-Stauthamer (2005:4); Kalff, (1980:19); Mitchell & Friedman, 1994:9; Pearson en Wilson (2001:92); Penny en Clark, (2005:5); Van Dyk (1995:7).

Vir die doel van hierdie studie is dit veral belangrik om ‘n vergelyking te tref tussen die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie. Na aanleiding van hierdie vergelyking word in hoofstuk 4 bespreek hoe hierdie twee benaderings moontlik in terapie saamgevoeg kan word.

## 2.4 ‘N VERGELYKING TUSSEN DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE EN SANDSPELTERAPIE

Soos vroeër in die navorsing genoem, het ek nog nie in die literatuur raakgelees dat die Ericksoniaanse benadering tot terapie met sandspelterapie gekoppel is om terapeutiese ingrypings te doen nie. Die vergelyking tussen die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie is daarop gemik om literatuurgewys ‘n wetenskaplike begronding te bewerkstelling om te

verseker dat ooreenkomste, verskille en beperkinge van die twee benaderings aanvullend verreken word tot versterking van die Ericksoniaanse benadering tot terapie.

### 2.4.1 Ooreenkomste tussen die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie

Die opsomming wat volg is die navorser se poging tot die trek van ooreenkomste en verskille tussen die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie. Hierdie ooreenkomste en verskille is nog nie voorheen in die literatuur opgesom nie.

#### 2.4.1.1 Ooreenkomste tussen die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie

| | |
|---|---|
| 1 | Die terapeut maak gebruik van intense waarneming van die kliënt |
| 2 | Albei benaderings verg dat die terapeut aktief moet luister na wat die kliënt besig is om te vertel |
| 3 | In albei benaderings is dit nodig dat die terapeut let op besonderhede, byvoorbeeld die kliënt se liggaamstaal, oogkontak ensovoorts |
| 4 | Albei benaderings maak gebruik van storievertelling as terapeutiese tegniek |
| 5 | Metafore in terapie is in albei benaderings van toepassing |
| 6 | Dit is by albei benaderings belangrik om die kliënt te bemagtig om sy/haar eie struikelblokke te herken en oplossings daarvoor te vind |
| 7 | Albei benaderings werk op sowel bewuste as onbewuste vlakke |
| 8 | Die uniekheid van die individu word aanvaar |
| 9 | Die kliënt se eie realiteit word erken en deur die terapeut gerespekteer |
| 10 | Die kliënt word onvoorwaardelik aanvaar |
| 11 | Beide benaderings poog om kliënte bewus te maak van hul sterk |

| | |
|---|---|
| | punte en/of bates |
| 12 | Albei benaderings is ‘n vorm van kommunikasie tussen twee persone |
| 13 | Dit is nie nodig dat die kliënte hul emosies verbaliseer nie |
| 14 | Individue maak van hul sintuie gebruik gedurende terapie |
| 15 | Die terapeut probeer hooftemas uit die kliënt se verhaal te lig |
| 16 | Regterbreindenke is belangrik vir boodskappe wat deur die terapeut deur middel van stories en/of metafore gestuur word |
| 18 | Die individu moet die realiteit van sy/haar situasie aanvaar en hanteer |
| 19 | Gesinsterapie kan geïnkorporeer word |

Aangepas uit: Amatruda en Simpson (1997:93); Carey (1999:173); De Domenico (2002:10); Geary en Zeig (2001:66); Havens (2003:85-112); Kalff (1991:1-19); Lankton (1989:23); Pearson en Wilson (2001:92); Porat en Meltzer (1995:3); Rossi (1980:3-21); Van Dyk (1995:5).

#### 2.4.1.2 Verskille tussen die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie

| | **ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE** | **SANDSPELTERAPIE** |
|---|---|---|
| 1 | Die fokus is op die aanmeldingshindernis | Die fokus is op die innerlike wêreld van die kliënt |
| 2 | Die fokus is op die onmiddellike verligting van die aanmeldingshindernis | Kyk wat kliënt deur middel van sandspel bied |
| 3 | Terapeut kan direktief te werk gaan | Terapeut kan rigting aan die proses verskaf, maar is meerendeels ‘n waarnemer |
| 4 | Huiswerk word aan kliënt gegee om terapie te versterk | Huiswerk is nie deel van proses nie |
| 5 | Terapeut neem baie keer die leiding | Kliënte neem die leiding wanneer hulle sandtonele bou |
| 6 | Hierdie benadering is A-teoreties | Gegrond op teorie van sandspelterapie |
| 7 | Die Ericksoniaanse benadering is eklekties | Gedurende sandspelterapie word gebruik gemaak van ‘n |

| | | |
|---|---|---|
| | | sandkas, water en figure |
| 8 | Interpretasie van die kliënt se verhaal is essensieel sodat verandering kan plaasvind | Interpretasie van die sandspeltoneel deur die terapeut mag die proses inhibeer |
| 9 | Erickson het in korttermynterapie geglo | Langtermynterapie kom voor |

Aangepas uit: Amatruda en Simpson (1997:93); Carey (1999:173); De Domenico (2002:10); Geary en Zeig (2001:66); Havens (2003:85-112); Kalff (1980:1-19); Lankton (1989:23); Pearson en Wilson (2001:92); Porat en Meltzer (1995:3); Rossi (1980:3-21); Van Dyk (1995:5).

Vervolgens word aggressiewe gedrag en gedragsprobleme by kinders bespreek.

## 2.5 AGGRESSIEWE GEDRAG EN GEDRAGSPROBLEME BY KINDERS

### 2.5.1 Inleiding

Aggressiewe kinders en adolessente is ‘n bekommernis vir persone in hul leefwêreld. As gevolg van hul aggressiewe gedrag, is hul teenwoordigheid opvallend in die skoolsisteem sowel as in die breër gemeenskap (Altepeter & Korger, 1999:118; Phares, 2003:259; Schaffer, 1999:176). Volgens hierdie skrywers is die twee primêre ontwrigtende versteurings wat in ontwikkelingspsigopatologie aandag geniet **opposisionele uitdagende versteuring** (OUV) en **gedragsversteuring** (GV). Albei hierdie versteurings ontwrig die lewens van kinders en adolessente sowel as dié van die mense na aan hulle (Dumas & Nilsen, 2003:196; Klorer, 2000:219; Phares, 2003:259; Schaffer, 1999:203).

### 2.5.2 Die verskillende vorme van aggressie

Volgens Bloomquist en Schnell (2002:11) is daar verskillende vorme van aggressie soos vervolgens bespreek word.

#### 2.5.2.1 Sigbare aggressie

Sigbare aggressie sluit nadelige verbale en fisiese aggressiewe gedrag in wat gerig is op ander, eiendom of die self.

#### 2.5.2.2 Reaktiewe aggressie

Reaktiewe aggressie is 'n onbeplande aggressiewe reaksie op 'n uittartende stimulus.

#### 2.5.2.3 Verhoudingsaggressie

Verhoudingsaggressie behels die intensionele aksie van een kind ten opsigte van 'n ander waardeur die een kind die ander wil leed aandoen deur manipulering en beskadiging van verhoudings met ander kinders.

### 2.5.3 Terapeutiese ingrepe

In die literatuur word ‘n verskeidenheid terapeutiese ingrepe bespreek wat positiewe resultate teweegbring by kinders wat aggressiewe gedrag toon. Hierdie ingrepe gaan vir die doel van hierdie studie slegs kortliks bespreek word.

#### 2.5.3.1 Farmaseutiese ingrepe

Christophersen en Mortweet (2001:28) het in hul navorsing beperkte ondersteuning vir die gebruik van farmaseutiese middels gevind vir kliënte wat oppossisionele uitdagende gedrag toon (OUG). Hul studies het egter getoon dat daar drie middels is wat effektief blyk te wees vir kliënte wat ‘n gedragsversteuring toon: Clonidine, Lithium en Risperidone.

#### 2.5.3.2 Gedragsingrepe

Vir kinders wat OUG toon, blyk dit uit die literatuur dat ouerbegeleiding en die gebruik van teiken-ekonomieë ‘n hoë mate van sukses toon. Die term teiken-ekonomieë dui op ‘n georganiseerde uitruilsisteem waar gekondisioneerde versterkers verdien of verloor word wanneer die individu sekere gedrag openbaar, of hom-/haarself daarvan weerhou om sekere gedrag te openbaar (Bloomquist & Schnell, 2002:117; Christophersen & Mortweet, 2001:35;

Phares, 2003:277; Wicks-Nelson & Israel, 2000:212). Hierdie skrywers stem saam dat kognitiewe-gedragsterapie en ouerondersteuningsgroepe suksesvol aangewend word met kinders wat GV toon.

#### 2.5.3.3 Gestruktureerde gesinsterapie

Volgens Bloomquist en Schnell, (2002:117), Christophersen en Mortweet, (2001:35), Hudson in Phares, (2003:165) en Wicks-Nelson & Israel, (2000:212), wil dit voorkom asof gestruktureerde gesinsterapie vermindering teweegbring met betrekking tot negatiewe kommunikasie, konflik en woede uitbarstings gedurende konfliksituasies met kinders wat OUD toon.

In my navorsing maak ek gebruik van die Ericksoniaanse benadering gekombineer met sandspelterapie, maar ek sal vanselfsprekend aspekte van die voorgenoemde drie terapeutiese tegnieke ook inkorporeer by my terapie-sessies.

## 2.6 SAMEVATTING

In die onderhawige hoofstuk is gefokus op die bestudering van die Ericksoniaanse benadering tot terapie, sandspelterapie, 'n vergelyking tussen die Ericksoniaanse benadering tot hipnoterapie en sandspelterapie en laastens aggressiewe gedrag en gedragsprobleme by kinders. Dit wil uit hierdie analise voorkom of die Ericksoniaanse benadering gekombineer met sandspelterapie 'n potensieel geskikte terapeutiese tegniek vir die hantering van aggressiewe gedrag by kinders mag wees.

Die kind wat aggressiewe gedrag toon bevind hom/haarself in 'n stresvolle situasie waar beheer oor emosies bemoeilik word deur die aggressiewe gedrag. Met behulp van die Ericksoniaanse benadering wat met sandspelterapie gekombineer gaan word kan die kind moontlik begelei word om op 'n kreatiewe wyse uiting te gee aan sy/haar ervaring van die gemoedskommelinge wat ervaar word. Hiermee saam kan die kind ook

moontlik probleemoplossingsvaardighede verwerf wat op hul beurt toereikende verwerwing van interpersoonlike verhoudinge mag fasiliteer.

In Hoofstuk 3 sal die navorsingsontwerp wat tydens die studie gebruik is, in detail beskryf word.

# ‘N ERICKSONIAANSE BENADERING TOT SANDSPELTERAPIE VIR ‘N DEELNEMER WAT AGGRESSIE AS ONTWIKKELINGSTEURNIS ERVAAR

## HOOFSTUK 3

## METODOLOGIESE VERANTWOORDING

### 3.1 INLEIDING

Die probleem wat in hierdie studie ondersoek word, is of die Ericksoniaanse benadering gekombineer met sandspelterapie ‘n betekenisvolle ingreep ten opsigte van adolessente met emosionele ontwikkelingsteurnisse kan wees. Die studie word deur die volgende temas gerig:

- Die moontlike impak van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie op kinders met ontwikkelingsteurnisse.
- Die moontlike implikasie van Ericksoniaanse sandspelterapie vir sielkundiges se terapeutiese teorie en praktyk.

Ten einde die ondersoek uit te voer word ‘n gevalstudie by ‘n skool vir leerders met epilepsie en hindernisse tot leer onderneem.

Vervolgens sal die ontwerp van die gevalstudie beskryf word.

### 3.2 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Neumann (1997:62) beskryf 'n paradigma as 'n basiese oriëntering tot 'n teorie. 'n Paradigma kan beskou word as 'n denkmodel waarop wetenskaplikes of navorsers 'n teorie bou. Navorsing berus op basiese aannames, navorsingstegnieke en vrae wat beantwoord moet word. In

opvoedkundige navorsing het die kwalitatiewe navorsingsparadigma in die afgelope dekade baie veld gewen. Navorsers moet egter steeds 'n paradigma kies wat die beste oplossing kan bied vir die probleem wat ondersoek word.

Die onderhawige navorsing word primêr onderneem vanuit die kwalitatief-interpretevistiese epistemologie juis op grond van die aard van die probleem, waar betekenis-omskrywing en die begrip van die deelnemer se definisie van haar situasie nagestreef word. Die volgende opmerking van Gephart (2004:3) is van belang in die konteks van hierdie studie:

> *Interpretivists assume that knowledge and meaning are acts of interpretation, hence there is no objective knowledge which is independent of thinking, reasoning humans. Interpretivism often addresses essential features of shared meaning and understanding*

Hierdie verterkpunt bring mee dat die strategieë en benaderings wat in hierdie studie gevolg sal word kontekstueel, verkennend, beskrywend en verklarend (evaluerend) van aard sal wees.

Kwalitatiewe navorsers glo dat realiteit geskep word deur individue of groepe om betekenis te heg aan spesifieke entiteite soos gebeure, prosesse of objekte. Mense skep hierdie realiteite om sin te maak van gebeure, asook die herorganisering van konstrukte as standpunte, persepsies en geloofsisteme. Persepsies is belangrik omdat dit volgens McMillan en Schumacher (2001:396) mense se aksies, denke en gevoelens rig.

In aansluiting hierby is kwalitatiewe navorsing gebaseer op die uitgangspunt dat individue in die beste posisie is om situasies en gevoelens in hul eie woorde te beskryf (Holloway & Wheeler, 1996:4). Die kwalitatiewe metode skep begrip vir die unieke, dinamiese en holistiese aard van die mens in interaksie met sy/haar sosio-historiese omgewing en bevorder begrip vir menslike emosies en verwagtinge (Burns & Grove, 1993:27; Lather, 1986:257; Maxwell, 1996:45).

Neuman (2000:146) vestig die aandag daarop dat die bevindinge van 'n kontekstuele studie slegs binne die tydruimtelike en waardekonteks geldig is.

Die bevindinge met betrekking tot die kwalitatiewe data in hierdie studie is dus slegs vertrouenswaardig in die terapeutiese omgewing waar die individu in noue samewerking met die sielkundige funksioneer. Hierdie evaluering kan nie as universeel beskou word nie.

'n Beskrywing van die navorsingsontwerp wat in die onderhawige studie beoog word, volg.

## 3.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE EN -STRATEGIEË

### 3.3.1 Interpretiewe gevalstudie as navorsingsontwerp

Volgens McMillan en Schumacher (2001:31) dui die navorsingsontwerp op die wyse waarop die navorsing beplan word, wat met die deelnemers gebeur, sowel as die spesifieke metodes van data-insameling wat gebruik word.

Mouton (1996:175) koppel hierdie beplanning aan die vertouenswaardigheid van ‘n studie, soos blyk uit sy formulering van die doel van 'n navorsingsontwerp:

> *To plan, structure and execute the relevant project in such a way that the validity of the findings is maximised.*

Vir die doel van hierdie studie – wat ten doel het om die persoonlike groei van ‘n individu vas te stel deur gebruik te maak van die Ericksoniaanse benadering gekoppel met sandspelterapie – sal gebruik gemaak word van ‘n interpretiewe gevalstudie as navorsingsontwerp. 'n Gevalstudie kan beskryf word as ‘n indiepte-ondersoek van die besondere eienskappe van 'n program, gebeurtenis, aktiwiteit, individu en/of groep(e) wat oor 'n tydperk versamel word. Die geval kan gekies word op grond van unieke kenmerke wat openbaar word of op grond daarvan dat dit 'n sekere verskynsel illustreer (McMillan & Schumacher, 2001:36; Neuman, 1997:29; Vaughn, Schumm & Sinugab, 1996:14; Westbrook, 1994:241). Vir die doeleindes van hierdie studie sal slegs een individu as geval dien. Die unieke kenmerk wat openbaar word, is aggressiewe gedrag.

Ek sal spesifiek fokus op die deelnemer se idiosinkratiese interpretasie en begrip van die situasie. Deur die lens van hierdie interpretevistiese epistemologie kan die realiteit verstaan en geïnterpreteer word. Die primêre oogmerk hier is egter nie om te voorspel of te beheer nie. Daar word dus klem gelê op die deelnemer se lewensverhaal asook op betekenisse wat sy/hy aan gebeure in sy/haar lewe mag heg. Kennis word verhelder deur observasie, interpretasie en onderhoudvoering (Schurink in de Vos, 1998:246).

### 3.3.2 Navorsingsgesitueerdheid

Omdat dit belangrik is dat navorsers verseker dat deelnemers gemaklik is in die terapeutiese omgewing en dit as veilig ervaar, sal die navorsing plaasvind by 'n skool vir leerders wat aan epilepsie ly en/of leerhindernisse ervaar omdat die deelnemer aan hierdie skool verbonde is.

## 3.4 DATA-INSAMELINGSPLAN

### 3.4.1 Multimetode data-insamelingsplan

McMillan en Schumacher (2001:428) meld dat multimetode die inskakeling van veelvuldige strategieë insluit ten einde data in te samel en te verhelder. Ek sal in die onderhawige studie 'n multimetode data-insamelingsplan gebruik, soos uit die volgende bespreking duidelik sal word.

#### 3.4.1.1 Kwalitatiewe tegnieke

Ek beplan om kwalitatiewe data in te samel deur indiepte een-tot-een onderhoude met die deelnemer, sowel as haar ouers, te voer en om haar waar te neem ten einde 'n volledige beeld van die persoon-in-totaliteit te vorm.

Vervolgens word die multimetode data-insamelingsplan getabuleer.

**Tabel 3.1: Navorsingsproses**

| NAVORSINGSPROSES | BEPLANDE AKTIWITEITE EN TEGNIEKE |
|---|---|
| Eerste | Een-tot-een onderhoud met die deelnemer en haar ouers |
| Tweede | Aanvanklike bekendstelling van die deelnemer aan die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie |
| Derde | Terapie 1 |
| Vierde | Deelnemer gee narratief verslag na afloop van terapie (reflektiewe dagboek);<br>Navorser gee narratief verslag van waarnemings gedurende en na afloop van terapie (reflektiewe dagboek) |
| Vyfde | Een-tot-een onderhoud met deelnemer om waarnemings te toets |
| Sesde | Terapie 2 |
| Sewende | Narratiewe verslag deur deelnemer en navorser |
| Agtste | Een-tot-een onderhoud met deelnemer om waarnemings te toets |
| Negende | Terapie 3 |
| Tiende | Narratiewe verslag deur deelnemer en navorser |
| Elfde | Terapie 4 |
| Twaalfde | Afsluit-onderhoud |

### 3.4.2 Populasie en steekproefneming

Die populasie van 'n navorsingsprojek bestaan uit 'n groep elemente of gevalle, naamlik uit individue, objekte of gebeurtenisse wat oor spesifieke eienskappe beskik en waarvan 'n steekproef getrek word (McMillan & Schumacher, 2001:169).

#### 3.4.2.1 Beskrywing van die steekproefnemingsproses

Vir die doel van hierdie studie sal die navorsingsdeelnemer gekies word vanuit 'n groep graad 8-leerders. Daar sal gebruik gemaak word van 'n nie-waarskynlikheidsteekproef, wat behels dat die navorser 'n deelnemer wat maklik toeganklik is, of oor spesifieke eienskappe beskik, kan selekteer (McMillan & Schumacher, 2001:174).

Die studie maak ook gebruik van doelsteekproefneming waar die navorser 'n element van die populasie wat verteenwoordigend is selekteer, of 'n element wat genoegsame inligting ten opsigte van die navorsingsonderwerp verleen. Op grond van die navorser se kennis van die betrokke populasie, besluit die navorser wie die waardevolste inligting behoort te verskaf ten einde die doel van die navorsing na te streef (McMillan & Schumacher, 2001:401).

#### 3.4.2.2 Seleksiekriteria

In die onderhawige geval sal die deelnemer geselekteer word op grond van die volgende:

i) **Ouderdom:** ‘n Deelnemer wat tussen 7 en 14 jaar oud is.

ii) **Toeganklikheid:** Die deelnemer sal verbonde wees aan die skool waar ek my internskap voltooi het.

iii) **Taalvoorkeur:** ‘n Deelnemer wie se eerste taal Afrikaans is.

iv) **Patologie:** Aggressiewe gedrag.

v) **Geslag:** Manlik of vroulik.

vi) **Ras:** Blank.

Die wyses van data-insameling sal vervolgens bespreek word.

### 3.5 DATA-INSAMELING

Die volgende data-insamelingstrategieë sal gebruik word:

i) **Gesprekvoering**: Informele, sowel as gerigte gesprekvoering met die deelnemer sowel as haar ouers word beplan.

ii) **Observasie** van die deelnemer en die situasie.

iii) **Versameling van dokumentasie**: skool- en sielkundige verslae, asook arbeids- en spraakterapieverslae sal verkry word.

iv) **Opvoedkundig-sielkundige intervensie** in die vorm van sandspelterapie volgens die Ericksoniaanse benadering.

v) **Video-opnames** asook **bandopnames** van terapiesessies met die toestemming van die deelnemer.

vi) **Reflektiewe dagboek**: Die doel met die reflektiewe dagboek is om die vordering en verloop van die studie te monitor. Die reflektiewe dagboek is daarop gerig om navorsers in staat te stel om hul gedagtes te rig asook om die kredietwaardigheid van die studie te verhoog deur die vraag te vra: "Op watter wyse kan ek ondersoek instel na die moontlikheid dat ek moontlik verkeerd kan wees?"

Die rol van die navorser word vervolgens bespreek.

### 3.6 ROL VAN DIE NAVORSER

Ek het gedurende die navorsingsproses verskeie rolle om te vertolk, en dit sluit die volgende in:

i) Om aan die deelnemer en ouers te verduidelik wat die doel van die studie is, en om toestemming van hulle te ontvang.
ii) Om toestemming van die deelnemer en ouers te ontvang dat onderhoude tydens die terapeutiese proses opgeneem en vir ontledingsdoeleindes getranskribeer kan word.
iii) Om te verseker dat die fasiliteite en lokale wat gedurende die studie gebruik word, in 'n bevredigende toestand is.
iv) Om 'n gemaklike, warm atmosfeer te skep, waarin onderbrekings tot die minimum beperk word.

Die volgende is ook van belang:

i) Uitklaring van die interpretasie van die data met die deelnemer sodat misverstande uit die weg geruim kan word.
ii) Die ontleding, analisering en interpretering van data (interpretevistiese navorsing).
iii) My rol as sielkundige teenoor my rol as navorser.
iv) Ek moet te alle tye aan die etiese standaarde voldoen soos uiteengesit in die etiese kode van die Health Professions Council of South Africa (HPCSA - vorm 223, 2002).

Vervolgens word die data-analise en -interpretasie bespreek.

## 3.7 DATA-ANALISE EN -INTERPRETASIE

Ten opsigte van data-analise is die volgende waarneming van Westbrook (1994:245) belangrik:

> *Because the purpose is to understand rather than to predict, qualitative research requires a cyclical approach in which the collection of data affects the analysis or the data, which, in turn ... affects the further collection of data.*

Data-analise is dus ‘n proses wat nie net na die data-insamelingsproses plaasvind nie, maar ook gedurende insameling. In hierdie studie, waar van reflektiewe dagboeke gebruik gemaak gaan word, behoort hierdie tweeledige proses duidelik na vore te kom, omdat refleksie aan die kant van die navorser verdere data-insameling behoort te rig. Data sal ook ingesamel word deur onderhoude, terapeutiese ingrepe en observasies. Alle data wat nie reeds opgeteken is nie, sal getranskribeer word met die oog op analise. Dit sal die identifikasie van hanteerbare temas en patrone behels.

Die data-analisestrategie in die onderhawige studie is gebaseer op die benaderings van Denzin en Lincoln (2000:780), Marshall en Rossman (1989:112-120), en McMillan en Schumacher (1997:510-511). Die volgende stadiums van data-analise word uitgelig:

### 3.7.1 Organisering van data

Organisering van data verwys na die ontwerp van ’n raamwerk wat patrone in die deelnemer se response identifiseer. Cohen, Manion en Morrison (2000:149-150) wys daarop dat data-analise in kwalitatiewe navorsing reeds tydens die data-insamelingsproses geskied.

Stap 1: Al die data sal bestudeer word om ‘n geheelbeeld te verkry

Stap 2: Temas vanuit die data sal geïdentifiseer word

Stap 3: ‘n Lys van temas sal opgestel word om duplisering te voorkom

Stap 4: Temas sal gekodeer en geëvalueer word

Stap 5: Temas wat herhaaldelik uitgelig word, asook temas wat as die belangrikste beskou word, sal geïdentifiseer word (Marshall & Rossman, 1989:112-114; McMillan & Schumacher).

### 3.7.2 Kategorieë, temas en patrone word geïdentifiseer

Gedurende die data-insamelingsproses word daar voorsiening gemaak om beskrywings en eienskappe te identifiseer. Data van die individuele onderhoude en terapeutiese ingrepe sal vir die doel van die onderhawige ondersoek deur sowel die navorser as 'n eksterne kodeerder ontleed word. Konsensus-gesprekke ten einde tussengradeerder-betroubaarheid te verseker, word beplan.

### 3.7.3 Evaluering en kategorisering van data

Eenhede of patrone wat geïdentifiseer is, sal in verskillende kategorieë geplaas word. Die kategorieë sal gedefinieer word in terme van hooftemas wat in die lewensverhaal van die deelnemer na vore kom en in terme van die impak daarvan op haar persoonlike groei.

Stap 1: Eenhede vir analiseringsdoeleindes sal geselekteer word

Stap 2: Temas vanuit die data sal geïdentifiseer word

Stap 3: 'n Kodelys (betekenistabel) sal saamgestel word

Stap 4: Die groepe data sal geanaliseer en gekategoriseer word

Stap 5: 'n Eksterne kodeerder sal die geïdentifiseerde temas en kategorieë verifieer (Denzin & Lincoln, 2000:780; Marshall & Rossman, 1989:112-114).

### 3.7.4 Verduideliking en interpretasie

Ek sal gebruik maak van triangulasie wat beskryf word as die insameling van data op 'n verskeidenheid maniere, van soveel moontlik verskillende bronne. Omdat die data op 'n verskeidenheid maniere ingesamel en vanuit verskillende hoeke bestudeer word, steun hierdie tegniek die navorser om die 'ware' betekenis van die data te begryp (Guion, 2002:2; Terre Blanche & Durrheim 2002:2).

#### 3.7.4.1 Triangulasie en kristallisering

Sowel Lather (1989:270) as McMillan en Schumacher (2000:418) wys daarop dat triangulasie en kristallisering 'n kritieke rol in die versekering van data-betroubaarheid speel.

**i) Algemene oriëntering**

Terre Blanche en Durrheim (2002:430-431) identifiseer vier basiese vorme van triangulasie. Data-triangulasie verwys na 'n verskeidenheid bronne van data wat in 'n studie gebruik word. Ondersoeker-triangulasie behels dat verskillende navorsers tydens 'n studie betrokke sal wees. Teorie-triangulasie verwys na die gebruik van verskeie perspektiewe om 'n enkele stel data te interpreteer. In die onderhawige studie word van die vierde vorm, naamlik metodologiese triangulasie gebruik gemaak.

**ii) Wyse waarop triangulasie in die onderhawige studie toegepas word**

By metodologiese triangulasie word multi-metodes gebruik om 'n enkele probleem te bestudeer. Ek gaan gebruik maak van verskillende data-insamelingstrategieë ten einde triangulasie van data te verseker. Gesprekvoering met die deelnemer, observasies, veldnotas en opmerkings in 'n reflektiewe dagboek, sal in hierdie studie vergelyk word. Hierdie vergelyking is daarop gerig om diskrepante patrone in die data te identifiseer en om dit met die deelnemer uit te klaar ten einde die kredietwaardigheid van die studie te verhoog.

**iii) Die fasilitering van kristallisering**

Janesick (2000:392) stel voor dat die term "kristallisasie" *(cristallization)* eerder as triangulasie in kwalitatiewe navorsing gebruik word en sê die volgende in hierdie verband: *crystallization is a better lens through which to view the components in qualitative research.* Om hierdie rede het ek verskillende data-insamelingsmetodes gebruik ten einde kristallisasie te fasiliteer en die vertroubaarheid van my studie te verhoog.

Krefting (1991) en Cohen, Manion en Morrison (2002) glo dat data op 'n gebalanseerde wyse gerapporteer kan word deur onder meer 'n outentieke

benadering te volg en dit wat tot dusver onbekend was, bekend te maak. Nuwe kennis wat uit data voortvloei, behoort dan weer aanleiding te gee tot nuwe navorsingsaksies. Ek het gepoog om my navorsing op outentieke wyse uit te voer deur te fokus op 'n 'nuwe' benadering tot Ericksoniaanse terapie en op 'n navorsingsverskynsel ten opsigte waarvan daar tot dusver weinig navorsing uitgevoer en waaroor min tot op datum gerapporteer is.

Vervolgens word die kwaliteitsversekeringskriteria bespreek.

## 3.8 KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA

Kwalitatiewe navorsing behoort aan die kriteria van kredietwaardigheid, oordraagbaarheid en vertroubaarheid te voldoen.

### 3.8.1 Kredietwaardigheid

Kredietwaardigheid verwys na die mate waarin bevindinge as eg bestempel kan word. Tydens die navorsingsproses behoort die navorser die kredietwaardigheid van die studie te kontroleer deur die vraag te vra: "Op watter wyse kan ek ondersoek instel na die moontlikheid dat ek moontlik verkeerd kan wees?" Daar is in die onderhawige studie van triangulasie en kristallisasie gebruik gemaak om diskrepante data te evalueer en om sodoende die kredietwaardigheid van die studie te bepaal (McMillan & Schumacher, 2001:166; Terre Blanche & Durrheim, 2002:62-63).

### 3.8.2 Oordraagbaarheid

Die oordraagbaarheid van 'n studie word bereik deur gevalle breedvoerig te beskryf. Hierdie aspek bied die leser 'n in-dieptebeskrywing van die betekenis binne die konteks waarin dit ontwikkel (Terre Blanche & Durrheim, 2002:63; Vaughn, Schumm & Sinagub, 1996:87). Die onderhawige studie is gebaseer op breedvoerige en uitgebreide beskrywings van die gevalstudie sonder om veralgemenings te maak. Moontlike veralgemeningswaarde is beperk omdat slegs een persoon by die studie betrek is.

### 3.8.3 Vertroubaarheid

McMillan en Schumacher (2001:407) wys daarop dat vertroubaarheid in kwalitatiewe navorsing voorkom in dieselfde mate as waarin ooreenstemmende betekenisse van interpretasies deur beide die navorser en deelnemer gedeel word. Vertroubaarheid spreek die volgende vrae aan: "Observeer die navorser wat sy dink sy observeer?" en "Hoor die navorser wat sy dink sy hoor?"

Kwalitatiewe navorsers beskik oor sekere strategieë om die vertroubaarheid van hul navorsing te verhoog (McMillan & Schumacher, 2001:408). In hierdie studie sal van die volgende strategieë gebruik gemaak word:

**<u>Tabel 3.2</u>: Verhoging van die vertroubaarheid van die studie**

| Strategieë | Beskrywing van beplande aktiwiteite |
|---|---|
| Multimetode-strategieë | Die studie maak voorsiening vir triangulasie en kristallisasie by data-insameling en -analise |
| *Verbatim* verslaggewing van response | Onderhoude sal *verbatim* opgeneem en getranskribeer word. Afrikaans as medium van kommunikasie sal gebruik word. |
| Lae-inferensieverduidelikings | Verduidelikings en situasies sal in besonderhede genoteer word. |
| Verskeie navorsers | Gedurende die data-insamelingsproses sal die beskrywende data wat ingesamel word, met my toesighouers bespreek word. |
| Meganiese data-insameling | Ek sal gebruik maak van video-opnames en 'n bandspeler. |
| Deelnemende navorser | 'n Refleksiejoernaal sal gebruik word om my persepsies en aannames te noteer en te toets en om te verseker dat die deelnemer se response begryp is. |
| Deelnemer-opvolging | Gedurende die navorsingsproses sal daar informeel met die deelnemer geskakel word ten einde akkurate begrip van response of situasies te noteer. |
| Deelnemer-terugvoering | Dit behels die uitklaar van misverstande en/of konsepte met die |

| | |
|---|---|
| | deelnemer alvorens die data geïnterpreteer word. |
| Diskrepante data | Ek sal terugvoering gee oor enige negatiewe of diskrepante data wat verskillende patrone in die data-insameling voorstel. |

Aangepas uit McMillan en Schumacher (2001:408)

Vervolgens word die etiese oorwegings wat in hierdie studie van toepassing is, bespreek.

### 3.9 ETIESE OORWEGINGS

Etiese maatreëls is van kardinale belang wanneer navorsing uitgevoer word. McMillan en Schumacher (2001:196-198) identifiseer die volgende etiese maatreëls waarvan die navorser bewus moet wees en waaraan ek sal voldoen:

i) Eerlikheid teenoor die deelnemer.
ii) Beskerming van die deelnemer teen enige fisiese en of geestelike ongemak en gevaar.
iii) Toestemming van die deelnemer om by die navorsingsprojek betrokke te wees.
iv) Vertroulikheid van alle persoonlike inligting rakende die deelnemer.
v) Toestemming van die betrokke instansie waar die navorsing uitgevoer word.
vi) Maatreëls om verkeerde interpretasie van data te minimaliseer.
vii) Bespreking van die resultate van die navorsing met die deelnemer.

### 3.10 MOONTLIKE BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die volgende beperkings is moontlik by die gevalstudie as navorsingsontwerp:

i) Die mate waarin die navorsing veralgemeen kan word (op grond van een gevalstudie) dien as beperking.

ii) Die moontlikheid bestaan dat die deelnemer wat vir die studie gekies word, nie deur die hele navorsingsproses by die studie betrokke kan wees nie.

iii) Die studie is van beperkende omvang omdat ‘n enkele gevalstudie tydens die navorsing gebruik is.

iv) Die subjektiewe interpretasie van die navorser kan as beperkend beskou word, want die resultate kan deur ander navorsers verskillend geïnterpreteer word.

v) Die kliënt gebruik ‘n psigofarmakologiese middel, wat moontlik newe-effekte teweeg mag bring.

vi) Sand as terapeutiese medium mag beperkend tot die studie inwerk (sommige mense mag daarvoor gril om met sand te werk).

## 3.11 OPSOMMING

Hoofstuk 3 het aan die leser 'n oorsig gebied van die navorsingsontwerp en navorsingsverloop van die onderhawige studie. Die paradigma waaruit die studie onderneem sal word, is verduidelik om die leser te begelei in verband met die bepaalde wyses en perspektiewe waaruit die navorsingsontwerp voortspruit. 'n Idiografiese gevalstudie as navorsingsontwerp sal in die onderhawige studie geïmplementeer word.

In hoofstuk 4 sal die bevindinge weergegee en bespreek word.

# ‘N ERICKSONIAANSE BENADERING TOT SANDSPELTERAPIE VIR ‘N DEELNEMER WAT AGGRESSIE AS ONTWIKKELINGSTEURNIS ERVAAR

## HOOFSTUK 4

## BEVINDINGE EN BESPREKING: GEVALSTUDIE TER ILLUSTRASIE VAN DIE TOEPASSING VAN DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT SANDSPELTERAPIE VIR ‘N DEELNEMER WAT AGGRESSIE AS ONTWIKKELINGSTEURNIS ERVAAR

### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die toepassing van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir ‘n deelnemer wat aggressie as ontwikkelingsteurnis ervaar bespreek. Elke terapeutiese sessie asook elke individuele en gesamentlike onderhoud(e) sal geanaliseer word. Temas sowel as kategorieë sal geïdentifiseer word. Die navorsingsproses en beplande aktiwiteite soos uiteengesit in Hoofstuk 3 word egter in hierdie hoofstuk aangepas.[4]

Kwalitatiewe redenering stel immers die eis van induktiewe redenering en is primêr daarop gemik om verhoogde insig in ‘n bepaalde situasie of fenomeen oor ‘n bepaalde tydperk te fasiliteer. Om hierdie rede word probleme of navorsingsvrae in kwalitatiewe navorsing breër gestel as wat die geval is by kwantitatiewe navorsing en bestaan die moontlikheid dan ook dat die aanvanklike navorsingsvraag of -vrae deurentyd gewysig mag word namate nuwe inligting aan die lig tree (McMillan & Schumacher, 2001). McMillan en Schumacher (2001:579) beklemtoon dit dat kwalitatiewe navorsers hulle besig hou met *an ongoing event or a process in a discovery orientation.* My ervaring tydens my huidige studie was sterk in ooreenstemming met hierdie siening.

[4] ‘n Verduideliking hiervan volg in paragraaf 4.4.4.3

Vervolgens word die agtergrondinligting van die deelnemer bespreek.

## 4.2 AGTERGRONDINLIGTING VAN DIE DEELNEMER

Die deelnemer[5] – van nou af genoem Lala – is ‘n dertienjarige Afrikaanssprekende dogter in graad 8 en die tweede oudste van drie dogters. Haar susters is in hoofstroomskole en vaar akademies bevredigend. Lala woon by haar moeder en stiefvader en het geen kontak met haar biologiese vader nie. Haar moeder is reeds tien jaar van haar biologiese vader geskei, en het ‘n hofinterdik teen hom gekry as gevolg van sy aggressiewe optrede teenoor haar. Lala se moeder is ‘n tuisteskepper en haar stiefvader bestuur ‘n sekuriteitsbesigheid. Laasgenoemde toon ook ‘n geskiedenis van aggressiewe gedrag.

Lala is gebore na ‘n normale 40-week swangerskap, en haar ontwikkelingsmylpale was normaal. Haar klasonderwyseres in graad 4 het egter aanbeveel dat sy geëvalueer word met die oog op buitengewone onderwys. Haar IK-telling is in die laag gemiddelde interval.

Omdat Lala se moeder bekommerd was oor haar aggressiewe uitbarstings, het sy hulp by die skool kom vra, veral ten opsigte van gedragsprobleme soos aggressie, swak taalgebruik, swak dissipline en ‘n geneigdheid om van die huis af weg te loop. Lala is aanvanklik verwys na die skoolpsigiater wat ‘n spesialis is op die gebied van kinderpatologie. Ten spyte van ‘n normale EEG het die psigiater aanbeveel dat sy vir ‘n proefperiode met Risperdal behandel word.

Die studie is met Lala en haar ouers bespreek en hulle is ingelig met betrekking tot die beplande terapeutiese ingreep waarvoor hulle toestemming verleen het.

[5] Ten einde my kliënt se privaatheid te beskerm, gebruik ek ‘n skuilnaam

Vervolgens word die onderskeie onderhoude en terapeutiese ingrepe in datum-volgorde bespreek.

## 4.3 ONDERHOUDE EN TERAPEUTIESE INGREPE

**Ek besef dat my interpretasie plek-plek baie subjektief mag voorkom, maar ek is primêr konstruktivisties ingestel en verwerp as sulks die idee van absolute waarheid (*absolute truth*) (Patton & McMahon, 1999). Soos hierdie outeurs, glo ek dat geen navorser die realiteit kan observeer sonder om ten diepste en op 'n subjektiewe en deelnemende wyse by die navorsing betrokke te raak nie.**

Die onderhoud en terapeutiese ingrepe het uit tien sessies bestaan.

### 4.3.1 Sessie 1 – onderhoud 1

Hierdie sessie het 'n onderhoud met Lala en haar moeder behels.

#### 4.3.1.1 Aanvanklike onderhoud met moeder en deelnemer

Ek het tydens hierdie sessie die navorsingsproses aan Lala – wat reeds geruime tyd aan my bekend is – en haar moeder verduidelik en hulle skriftelike toestemming daarvoor verkry (Bylae A). Hierna is semi-gestruktureerde individuele onderhoude gevoer, eerstens met die moeder en daarna met Lala (Hartman, 2004). [6]

#### 4.3.1.2 Verloop van die onderhoud en temas geïdentifiseer

Gedurende hierdie sessie het die volgende temas ten opsigte van die deelnemer na vore gekom:

i) Aggressie
ii) Hulpbronne
iii) Behoeftes
iv) Buitesintuiglike vermoëns
v) Emosie

[6] Onderhoude soos aangepas uit Kursus 1 van Ericksoniaanse hipnoterapie deur Dr W Hartman.

vi) Uiting van patologie

vii) Interpersoonlike verhoudingsproblematiek

#### 4.3.1.3 Refleksie

Dit was vir my asof die moeder na iemand anders verwys het in haar vertellings van die deelnemer se aggressiewe uitbarstings tuis. Eersgenoemde se gevoel van wanhoop, hartseer en magteloosheid met betrekking tot hierdie gedrag het duidelik in die onderhoud na vore gekom. Veral Lala se opmerking dat sy selfmoord oorweeg was 'n groot bron van kommer, nie net vir die moeder nie, maar ook vir my. Ek het ook die indruk gekry dat die moeder haar telkens in verhoudings bevind waar aggressie 'n groot rol speel. Dit blyk uit die feit dat sowel haar vorige as huidige eggenoot aggressiewe gedrag vertoon. Sy het egter genoem dat laasgenoemde se aggressiewe gedrag nie so erg is as wat haar eerste man s'n was nie. Dit het my laat wonder of Lala die gedrag van haar vader en stiefvader modelleer, waarteen die moeder sterk standpunt ingeneem het.

Volgens hierdie onderhoud wil dit voorkom asof die moeder bekommerd is oor Lala se verhoudings met seuns, en asof hierdie verhoudings 'n bron van konflik tussen die ouers[7] en Lala is. Dit blyk verder dat sy as gevolg van hierdie konflik al van die huis af weggeloop het.

Lala het gedurende die onderhoud aangedui dat sy gefrustreerd voel omdat haar ouers haar nie vertrou nie en geen vryhede gun nie.

Beide die moeder en Lala het positief gereageer op my verduideliking dat sy individuele terapie sou ontvang indien hulle besluit om deel te neem aan die navorsingsproses.

### 4.3.2 Sessie 2 – terapie 1

In hierdie afdeling word die doelwitte en verloop van die sessie bespreek, asook die refleksies van die navorser en Lala.

[7] Ek verwys na ouers omdat die deelnemer na haar stiefvader as 'Pappa' verwys.

#### 4.3.2.1 Doelwit(te) van die sessie

Die hoofdoelwit van hierdie sessie was om Lala bekend te stel aan hipnose, en te beklemtoon dat alle hipnose selfhipnose is (Yapko, 1995:35). Ek het met hierdie sessie gepoog om die deelnemer daarvan bewus te maak dat alle mense struikelblokke in hul lewens ervaar, maar dat hierdie struikelblokke nie noodwendig 'n kruk hoef te wees nie.

#### 4.3.2.2 Verloop van die sessie

Ek het vir Lala die verhaal vertel van elke kind op aarde wat met 'n perfekte ligbal gebore word. Telkens, soos wat 'n mens groter word, gebeur daar dinge met en om jou wat jou ongelukkig kan maak. Dit kan dinge wees wat jou laat seerkry, nie noodwendig fisies nie, maar dikwels emosioneel. Ongelukkigheid en woede as gevolg van sulke ervarings word dan soos klippe wat in jou ligbal inval. Dit kan gebeur dat hierdie ligbal soveel klippe inkry dat 'n mens glad nie meer die lig kan sien nie en kort voor lank word jy soos een van hierdie klippe en kan jy nie verder groei nie (Mills & Crowley, 1988:303) (Bylae B).

Na die hipnoterapie het ek gevra dat Lala vir my haar ligbal in die sand moes uitbeeld. Sy het 'n fee, 'n vis, 'n boom en 'n stoel in haar ligbal geplaas en het die volgende verduideliking gegee (Bylae C):

> *Die feetjies voel dat ek in die lug is. Die vis vir as ek in die see is en die boom voel of ek teen die berge is en die stoel voel dit of ek by 'n rivier sit.*
>
> 17 Januarie 2006

Lala se tuisopdrag was om 'n ligbal te gaan maak met al die klippe wat haar ligbal verdof daarin, sodat ons dit kon uitgooi.

#### 4.3.2.3 My refleksie

Dit het vir my voorgekom asof Lala diep onder hipnose was. Vir die eerste keer het ek opgelet dat haar hande ontspanne in haar skoot rus. Die sandtoneel na die hipnoterapie was egter vir my 'n teleurstelling. Dit het vir my voorgekom asof sy huiwerig was om die toneel te bou en sy het dit vinnig afgehandel. Haar verduideliking van die sandtoneel was vir my oppervlakkig

en dit het vir my gevoel asof sy slegs 'n enkele deel van die verhaal van die ligbal geneem het en in die sand uitgebeeld het.

Moontlik het sy tyd nodig gehad om die inligting te verwerk voordat sy dit kon weergee.

#### 4.3.2.4 Die deelnemer se refleksie

Uittreksels uit die deelnemer se refleksies word weergegee soos sy dit geskryf het, sonder taalkundige verbeteringe. Die volgende is 'n uittreksel uit haar refleksie na die tweede sessie:

> *Help my asseblief tannie. Almal is misluk met my wat kan ek doen. Vrydag wil ek gelukag gewees het maar ek mag nie gelukag wees nie. Patti het my kom help want ek het gestres want my ma wil my nie help nie. My droom het waar geword. Almal haat my in my gesin. Ek het 'n grood probleem. Help my asseblief met die probleem. Dit dogter het iemand doodgemaak en dis ek. Skool is nie lekker nie.*
>
> 18 Januarie 2006

Die klippe wat Lala in haar ligbal geteken het, dui op geweld, woede, haat en onaanvaarbare taalgebruik. Sy het dit met die woorde "slaan", "kwaad", "haat", "vloek" en "humeur" aangedui.

Dit wat ek graag in die sandtoneel uitgebeeld sou wou gehad het, het die deelnemer tuis gaan teken. Ons volgende sessie is beplan rondom hierdie uittreksel en die klippe wat sy in haar ligbal geteken het.

### 4.3.3 Sessie 3 – terapie 2

In hierdie afdeling word weer eens die doelwitte en verloop van die sessie bespreek, asook refleksies.

#### 4.3.3.1 Doelwit(te) van die sessie

Die hoofdoelwit van die sessie was om die deelnemer deur middel van hipnoterapie te ondersteun om die struikelblokke wat sy aangedui het uit haar lewe te verwyder.

#### 4.3.3.2 Verloop van die sessie en temas geïdentifiseer

Lala is gevra om die klippe in haar ligbal te bespreek. Daarna is hipnoterapie gedoen waartydens sy ondersteun is om die klippe in haar ligbal uit te gooi sodat haar liggie weer helder kon skyn (Bylae D 1). Sy is versoek om tydens hipnoterapie enige toneel wat tot haar spreek in die sand te bou. Lala het begin deur met haar vinger 'n groot sirkel in die middel van die sandkas te teken. Daarna het sy 'n halfwe sirkel bo om die sirkel getrek waarna sy twee skuins strepe links en regs bo in die sand getrek het. Sy het twee bome geneem en dit afsonderlik links en regs bo in die sand geplaas. Aan die punte van die halfsirkels het sy 'n wit perd en 'n vis geplaas, waarna sy 'n voël en 'n sebra op die lyne van die sirkel geplaas het (Bylae D).

Sy het die volgende betekenis aan die sandtoneel geheg:

> *Ek kan kies saam met wie ek wil gaan, die voëls of die visse of op 'n perd se rug. Ek voel veilig onder die boom en kan die klippe begin uitgooi. Ek kies 'n voël en 'n perd om op te ry. Ek kan die klippe maklik uitgooi en beter, ligter voel.*
>
> 19 Januarie 2006

Na hierdie verduideliking is hipnoterapie hervat.

Gedurende hierdie sessie het die volgende temas by die deelnemer na vore gekom:

i) Aggressie
ii) Hulpbronne
iii) Behoeftes
iv) Buitesintuiglike vermoëns
v ) Emosie
vi) Uiting van patologie
vii) Interpersoonlike verhoudingsproblematiek

Die volgende twee temas dui op hindernisse en hulpbronne:

viii) Die hindernisse in haar lewe is haat, skeldtaal, geweld en 'n onbeteuelde humeur
ix) Hulpbronne is aangedui as 'n voorliefde om met haar hande te werk, ontspanning voor die rekenaar en haar geloof.

#### 4.3.3.3 My refleksie

Lala het tydens hierdie sessie bekendgemaak dat sy *vermoed dat sy van die duiwel besete is* (Bylae E).[8] Hoewel die beplande hipnoterapie nie so 'n mededeling kon vooruitsien nie en dus nie daarop gemik was nie, het ek voortgegaan volgens my beplanning. Lala het na die hipnoterapie rustig en kalm voorgekom. Deur haar mededeling van moontlike duiwelbesetenheid is ek genoodsaak om verdere ondersoek hierna in te stel alhoewel hierdie nie die aanvanklike aanmeldingsprobleem was nie.

#### 4.3.3.4 Die deelnemer se refleksie

In haar refleksie dui die deelnemer aan dat die hipnoterapie nie die gewensde uitwerking het nie:

> *kan ons iets anders probeer asseblief?*
>
> 20 Januarie 2006

Dit was asof sy steeds gejaag is deur haar gedagtes en nie vrede in haarself kon vind nie.

### 4.3.4 Sessie 4 – onderhoud 2

Hierdie sessie het weer die vorm van 'n onderhoud aangeneem.

#### 4.3.4.1 Verloop van die onderhoud en temas geïdentifiseer

Ek het die onderhoud met die moeder aangevra om ondersoek in te stel met betrekking tot die deelnemer se stelling dat sy glo dat sy van die duiwel besete is. Die doel hiervan was om toestemming by die moeder te verkry om 'n persoon wat in die veld van satanisme ervare is by die terapie te betrek.

Gedurende hierdie sessie het die volgende temas na vore gekom:

i) Aggressie
ii) Behoeftes
iii) Buitesintuiglike vermoëns
iv) Emosie
v) Uiting van patologie

---

[8] Bylae E is getranskribeer en die verskillende temas wat uit die onderhoud na vore gekom het is daarop aangedui

vi) Interpersoonlike verhoudingsprobleme

#### 4.3.4.2 My refleksie

In hierdie onderhoud het dit na vore gekom dat Lala, haar moeder en haar ouma die vermoë het om geeste te hoor en te sien en dat die bonatuurlike 'n groot deel van hierdie gesin se daaglikse bestaan vorm. Tydens die onderhoud was dit opvallend dat die moeder, alhoewel sy soms harder gepraat het, nooit uit 'n gesagsposisie gepraat het nie. Wanneer die deelnemer buierig en uittartend begin praat het, het die moeder haar begin paai. Terwyl ek die onderhoud getranskribeer het was dit vir my opvallend dat ek soms vanuit my eie geloofsisteem gepraat het en nie te alle tye op die moeder en die deelnemer gefokus het nie. Ek het op daardie stadium besef dat terapie met slegs die deelnemer nie 'n verskil in hierdie gesin se lewens sou teweegbring nie. Gesinsterapie was onafwendbaar, alhoewel dit nie aanvanklik die doel van hierdie navorsing was nie.

#### 4.3.4.3 Die deelnemer se refleksie

Lala se refleksie was baie kort. Ek het gewonder of ek nie te veel van haar verwag het nie, gegewe haar intellektuele vermoë.[9] Sy het genoem dat die onderhoud vir haar positief was, maar dat sy steeds 'n probleem gehad het. Haar "nuwe" probleem was dat sy nie vriendinne gehad het nie. Sy het steeds gefrustreerd gevoel omdat haar ouers haar nie genoegsaam vertrou het om smiddae met haar seunsvriende te speel nie. Dit het uit haar refleksie geblyk dat sy nie saamgestem het met haar moeder se persepsie dat sy nooit van enige van die mans gehou het waarmee haar moeder 'n verhouding gehad het nie. Hierdie mededeling het haar hartseer gemaak.

### 4.3.5 Sessie 5 – terapie 3

'n Bespreking van die doelwitte en verloop van die sessie word weer eens gevolg deur die refleksies van die navorser en die deelnemer.

[9] Kyk paragraaf 4.2: bl. 52

#### 4.3.5.1 Doelwit(te) van die sessie

Tydens hierdie sessie is gepoog om Lala bewus te maak van verskillende maniere waarop 'n mens aggressiewe uitbarstings en woede-aanvalle kan hanteer. Tydens hipnoterapie word suggesties gemaak om ego-versterking te laat plaasvind.

#### 4.3.5.2 Verloop van die sessie

Deur middel van hipnoterapie is Lala na haar "veilige plek" geneem om ontspanne, veilig en kalm te voel. Hierna is die storie van Milton die Cheetah (Thompson, 2005;117) aan haar vertel (Bylae F). Na afloop van die hipnoterapie is die deelnemer versoek om 'n storie in die sand uit te beeld. Sy het die volgende miniatuurfiguurtjies uitgepak: 'n boom regs onder in die hoek, 'n leeu onder in die middel, 'n feetjie regs bo, 'n links bo en 'n tier onder die boom (Bylae G).

Sy het haar sandtoneel so verduidelik:

> *Die leeu was kwaad gewees, hy was woedend, toe gaan hy na 'n veearts toe, toe's hy in 'n hok, toe vertel iemand hom om terug te gaan toe hy klein was en hy't aan baie goeters gedink – asemhaling, teruggedink hoe lekker het hy gespeel, mense wat hom seergemaak het, wat hom hartseer gemaak het, sy stert getrek het. Hy was baie hartseer, toe gaan hy terug na die verlede toe, toe hy klein was – lekker speel. Hy't kalm geraak. Almal het van hom gehou (Sy kom voor asof sy in hipnose is. Sy staar en praat stadig en diep). Die seekoei, en hy't geweet iemand gaan met hom vriende raak.*
>
> *Dit laat my dink soos ek as ek kwaad word. As ek kwaad word, geklap word, my hare word getrek, die pyn binne my, woede en hartseer. Ek kan beter voel soos Milton as ek asemhaal, die woede deur my arm tot in my vuis laat gaan en my vuis oopmaak.*
>
> 27 Januarie 2006

#### 4.3.5.3 My Refleksie

Tydens hierdie sessie was dit vir my duidelik dat Lala vinnig ontspan het en my suggesties dadelik nagevolg het. Dit het steeds gelyk asof sy onwillig was om 'n sandtoneel te bou. Toe ek haar daarna gevra het, het sy dit ontken en dadelik 'n sandtoneel gebou. Dit was nie vir my duidelik of die uitbeelding van

dit wat in hipnoterapie plaasgevind het, versterking van die boodskap van die terapie tot gevolg gehad het nie.

#### 4.3.5.4 Die deelnemer se refleksie

Die deelnemer het sterk met die storie van Milton die Cheetah geïdentifiseer en het deurgaans sy verhaal na haar eie lewe deurgetrek. In haar refleksie blyk dit asof die deelnemer die terapie as positief ervaar en dit op haar eie lewe begin toepas.

> *Mense hou weer van my. Ek sal ook nuwe vriende maak as ek my kwaad laat los*
>
> 27 Januarie 2006

### 4.3.6 Interval 1: my refleksie

Voor die volgende terapie-sessie het Lala se moeder my laat weet dat sy van die huis af weggeloop het. Dit blyk dat Lala chaos in die huis teweeggebring het en haar oudste sussie met die vuis geslaan het voordat sy weggeloop het. Ek het aanbeveel dat hulle haar by een van haar skoolvriende gaan soek op grond van die feit dat ek vermoed het dat sy daarheen sou vlug. Ek het bang en magteloos gevoel omdat Lala reeds gedreig het dat sy selfmoord sou pleeg. Ek het gewonder of sy veilig is, waar sy was en waarom sy my nie geskakel het nie. Ek onthou eers later dat haar moeder haar telefoon by haar afgeneem het. Ek het op hiredie stadium begin twyfel of die terapie enige positiewe effek sou hê.

Die volgende oggend het ek die moeder vroeg van die skool af geskakel, net om uit te vind dat Lala steeds nie tuis was nie. Haar moeder het hartstogtelik gehuil en ek kon my eie gevoelens van magteloosheid en vrees in haar stem herken.

Kort hierna het die ouers by die skool opgedaag. Die vader was woedend en het my ingelig dat hulle die vorige aand by die skoolhoof was en besluit het dat Lala Nywerheidskool toe gestuur sou word sodra sy opgespoor kon word. Ek was geskok en het aanbeveel dat hulle haar eers ‘n kans in die skool se koshuis moes gun voor so ‘n drastiese stap. Hulle het daartoe ingestem.

Ek het besluit om self na Lala te gaan soek en haar vriend se adres by haar maats gekry. Terwyl ek na my motor toe gestap het, het die polisie opgedaag omdat die ouers haar reeds as vermis aangemeld het. Die polisie het my vergesel en ons het haar by haar vriend se huis gekry. Sy het gehuil en beweer dat haar ouers haar aangerand het, en dat sy weggeloop het omdat sy bang was vir haar pa. Ek het aan haar verduidelik dat sy in die koshuis geplaas sou word.

Ek kon nie help om te wonder oor Lala se motiewe nie. Hoekom was sy soms so geweldig aggressief? Het sy werklik so ingehok en gefrustreerd gevoel in haar huis? Wat wou sy met haar aksies bereik? Hoe het die situasie vir haar gewerk? Was dit ‘n manier om te verseker dat sy haar sin kry?

Die volgende oggend het ek ‘n briefie van Lala onder my kantoordeur gekry. Sy het gedreig dat sy selfmoord sou pleeg indien ek haar nie dadelik uit die koshuis sou haal en terugneem huis toe nie. Kort hierna het sy in my kantoor ingestrompel en wanhopig gehuil. Ek was enersyds bekommerd oor haar dreigement, maar andersyds het ek gewonder of sy nie besig was om die situasie te manipuleer nie. Ek het besluit om haar keuses vir haar voor te hou: sy kon in die koshuis bly en haar samewerking begin gee om te laat blyk dat sy ‘n sukses van haar lewe wou maak, of sy kon Nywerheidskool toe gaan. Ek het aan haar verduidelik dat haar gedrag gevolge het, en dat die gevolg van haar wegloop van die huis af was dat sy nou ‘n koshuisskolier was. Ek het gewonder of sy haar ouers met hierdie selfmoord-dreigement gemanipuleer het om so haar sin te kry. Nietemin het ek tog oor my optrede getwyfel, want as sy werklik selfmoord sou pleeg, kon ek daarvoor verantwoordelik gehou word. Ek het gebid dat ek die regte besluit geneem het.

Aangesien dit vir my duidelik was dat hierdie gesin nie so kon voortgaan nie, het ek ‘n persoon wat in satanisme spesialiseer, geskakel en die situasie aan hom verduidelik. Hy was gewillig om met die deelnemer en haar ouers in gesprek te tree. Ter wille van anonimiteit verwys ek slegs na “dominee D”.

### 4.3.7 Sessie 6 – onderhoud 3

Hierdie sessie het weer 'n onderhoud behels.

#### 4.3.7.1 Verloop van onderhoud en temas geïdentifiseer

Dit was die eerste geleentheid wat Lala en haar ouers mekaar weer gesien het nadat sy weggeloop het. Aangesien die vader beweer het dat hy haar nooit weer wou sien nie, het ek dit goedgedink om albei partye 'n geleentheid te gun om af te koel. Hierdie onderhoud is gereël twee dae na die wegloop-insident.

Gedurende hierdie sessie het die volgende temas na vore gekom:

i) Aggressie
ii) Behoeftes
iii) Emosie
iv) Uiting van patologie
v) Interpersoonlike verhoudingsproblematiek

Die volgende drie temas hou verband met die vader se gevoelens:

vi) Hy uiter 'n bedekte dreigement aan Lala: indien sy nie die koshuislewe sou aanvaar en haar houding sou verander nie, sou sy permanent in die koshuis moes bly
vii) Ten spyte van hierdie dreigement het hy haar ondersteun en bemoedig
viii) Dit was vir die vader belangrik dat sy moes leer om ouerlike gesag te aanvaar

#### 4.3.7.2 My refleksie

Alhoewel Lala beweer het dat haar stiefpa haar haat en wou doodmaak, was hy die een wat haar moed ingepraat het tydens die onderhoud. Indien ek nie gekeer het nie, sou hy toegelaat het dat sy dadelik weer terugkeer huis toe. Was dit deel van die struikelblok, dat die vader onbeheersd kwaad kon word, maar net so vinnig weer goed? Het hy probeer vergoed vir sy woede-uitbarstings deur aan Lala se eise toe te gee? Wat het dit vir Lala geleer? Dat sy dieselde kon doen? Op hierdie stadium was my ooreenkoms met Lala dat sy in die koshuis sou bly totdat die skool aan die einde van die termyn

sluit. Indien sy in terapie haar samewerking sou gee, sou haar koshuisplasing in heroorweging geneem word.

#### 4.3.7.3 Deelnemer se refleksie

Alhoewel sy huilerig was na die onderhoud, was sy ook positief. Sy het baie daarna uitgesien om vir die naweek huis toe te gaan:

> *Ek kan nie wag om by die huis te kom nie, dan gaan ons shopien doen en na my ouma toe gaan my lewe gaan verander ek weet dit sal verander dat ek weer 'n dagskolier word as my naweek lekker is dan sal ek posetief wees ek sal vasbuit en vasbuit in die koshuis*
>
> 22 Februarie 2006

### 4.3.8 Sessie 7 – onderhoud 4

Hierdie onderhoud is deur dominee D uitgevoer.

#### 4.3.8.1 Verloop van die onderhoud en temas geïdentifiseer

Met die toestemming van die ouers en die deelnemer het ek vir dominee D gevra om by die terapie betrokke te raak. [10] Hy het versoek om aanvanklik slegs met Lala te gesêls omdat dit vir hom belangrik was om meer inligting te kry rondom haar bonatuurlike ervarings.

Gedurende hierdie sessie het die volgende temas na vore gekom:

i) Aggressie
ii) Hulpbronne
iii) Behoeftes
iv) Buitesintuiglike vermoëns
v) Emosie
vi) Uitdrukking van patologie
vii) Interpersoonlike verhoudingsproblematiek

#### 4.3.8.2 My refleksie

Dit het my rustig gestem dat sominee D hierdie deel van die terapie oorgeneem het. Omdat hy ook met die ouers 'n onderhoud wou voer, is 'n afspraak gereël om die ouers en sussies tuis te gaan besoek. Gedurende die

[10] Kyk par. 4.3.4.1 (p58)

onderhoud het ek weer eens gesien hoe belangrik dit vir ‘n terapeut is om nie jou kliënt te oordeel of binne ‘n spesifieke raamwerk wat vir jou as terapeut aanvaarbaar is, te plaas nie. Dominee D het dit wat Lala met ons gedeel het onvoorwaardelik aanvaar en verhouding is onmiddellik gestig. Sy was op haar gemak en het haar diepste gevoelens met ons gedeel. Dit het gestrook met haar eerlikheid wat altyd vir my opvallend was in ons gesprekke.

Alhoewel Lala se aggressiewe gedrag tuis die aanvanklike aanmeldingshindernis was, kon ek hierdie aspek van bonatuurlike ervarings, nie ignoreer nie. Dit het ‘n ovoorsiene verwikkeling in my navorsing veroorsaak, en ek het dit as problematies beskou totdat ek besef het dat dit waarmee ek besig was, juis Ericksoniaanse terapie was, omdat ‘n kenmerk hiervan was dat Erickson die behoefte van die kliënt in sy beplanning van terapie in berekening gebring het (Rosen, 1988:5). Die feit dat ek dominee D genader het om ons te ondersteun het daarop gedui dat ek nie vasgevang was binne ‘n bepaalde terapeutiese raamwerk nie, maar bereid was om te doen wat nodig was vir die kliënt.

Ek was bekommerd oor die verwikkeling ten opsigte van die aanmeldingshindernis, omdat ek nie geweet het hoe ek dit in my skripsie wat hoofsaaklik oor aggressie handel, sou verantwoord nie. Hierdie tema van die bonatuurlike is een waar daar volgens my nie werklik ‘n waar of vals antwoord is nie. Of is daar? Sommige mense glo in die bonatuurlike en ander nie. Hoe moes ek dit beskryf? Waar lê my oortuigings en is my eie oortuigings relevant? My eerste reaksie was dat dit bog was en dat Lala nie van die duiwel besete was nie. Later het ek egter getwyfel.

#### 4.3.8.3 Deelnemer se refleksie

Die deelnemer het na die onderhoud kalm en rustig gevoel en was verlig dat iemand bereid was om na haar te luister en haar te help. Sy het laat blyk dat sy berou gehad het oor haar dade en graag aan haar aggressie wou werk sodat sy kon huis toe gaan. Sy het die volgende in haar reflektiewe dagboek geskryf:

*Maar ek is ook baie kwaad want ek het gehoop ek gaan huis toe as ek jammer sê maar nee ek moet maar bly*

20 Februarie 2006

Hierdie stelling het my insig gegee in wat moontlik tuis gebeur het. Wanneer Lala beheer verloor het, het sy later berou getoon, op grond waarvan haar ouers haar gedrag oorgesien het. Sodoende het sy nooit geleer dat 'n mens se dade gevolge het waarvoor jy verantwoordelikheid moet neem nie. Sy het nou vir die eerste keer in haar lewe geleer dat dit wat sy doen gevolge het en dat daardie gevolge nie altyd aangenaam is nie. Die gevolg van haar mees onlangse optrede tuis was koshuisplasing. Sy het alles in die stryd gewerp om die koshuisplasing vry te spring, maar sonder sukses. Vir weke moes ek hoor ek hoe sy en haar pa mekaar haat en daar geen verhouding tussen hulle is nie. Ten spyte hiervan het sy in haar refleksie die volgende geskryf:

*I love mom and dad. My parents. Mom and dad I love*

20 Februarie 2006

### 4.3.9 Interval 2: my refleksie

Lala het my tuis gebel vanuit die koshuis en onbedaardelik gehuil. Haar maats het van hulle ouers begin praat en sy het verskriklik na haar eie ouers verlang en wou huis toe gaan. Ek het haar tot bedaring gebring en gevra dat sy die volgende oggend vir my by my kantoor moes gaan wag.

Die volgende oggend het sy steeds hartstogtelik gehuil en daarop aangedring dat sy huis toe wou gaan. Sy het opstandig voorgekom. Ek het 'n meer direktiewe, ferm benadering met haar gevolg en weer eens verduidelik dat sy self daarvoor verantwoordelik was dat sy in die koshuis geplaas is en dat die plasing aan ons die geleentheid gebied het om sake by haar ouerhuis te ondersoek. Ek het verduidelik dat dit belangrik was dat daar verandering by haar en in haar ouerhuis moes plaasvind alvorens sy teruggeplaas kon word.

Die geval was emosioneel uitmergelend en het my energie getap. Ek kon egter nie toegee terwyl die deelnemer besig was om almal om haar te manipuleer nie. Die volgende aanhaling uit my reflektiewe dagboek illustreer my onsekerheid en verwarring:

> *Dit voel of ek 'n outoritêre monster is. Ek sê doodgewoon vir haar "NEE! Doen jou deel, wys jy is verantwoordelik vir jou optrede". Is dit terapeuties korrek? Is dit die rol wat ek moet inneem? Tree ek reg op? Ek voel onseker en is bang ek maak foute. Ek dink hierdie is die laaste kans wat ons het om Lala te ondersteun om die regte besluite te neem. Indien iets nou verkeerd gaan, gaan dit moontlik vir haar te laat wees – ek is bang en onseker!*
>
> 22 Februarie 2006

Ek en dominee D is die volgende dag na Lala se ouerhuis waar hy met die ouers en die sussies gepraat het. Gedurende hierdie besoek het die vader kalm oor sy gevoelens gepraat. Hy het dit duidelik gestel dat hy woedend was nadat Lala weggeloop het, maar dat hy haar mis en graag tuis wil hê. Dit het uit die gesprek geblyk dat die ouers al op verskeie maniere hulp vir Lala ingeroep het, maar nog nooit daaraan gedink het dat die familie as eenheid ondersteuning nodig het nie.

### 4.3.10 Sessie 8 – onderhoud 5

Hierdie onderhoud is deur dominee D met Lala gevoer.

#### 4.3.10.1 Verloop van die onderhoud en temas geïdentifiseer

Dominee D het aangedui dat dit vir hom belangrik was om na Lala se geestestoestand uit te vra en seker te maak dat sy 'n kind van die Here is alvorens hy die demoniese magte wat 'n invloed op haar lewe het, kon bind.

Gedurende hierdie sessie het die volgende temas na vore gekom:

i) Demoniese magte pla Lala, haar moeder, ouma en sussies

ii) Dominee D "bind" demoniese magte in Lala se lewe[11]

#### 4.3.10.2 My refleksie

Tydens hierdie sessie het Lala so aandagtig na dominee D geluister dat dit vir my moeilik was om te glo dat sy in staat was om haar humeur so onbeheerst te verloor. Ek het nog nooit een van haar aggressiewe uitbarstings beleef nie. Op hierdie stadium het dit vir my voorgekom asof die deelnemer oor die algemeen onseker gevoel het. Selfs met betrekking tot

[11] Dominee D se eie woorde

haar geloof was daar nie sekerheid nie. Moontlik sou hierdie sessie vir haar sekerheid bring en kon sy dit na ander fasette van haar menswees oordra.

#### 4.3.10.3 Deelnemer se refleksie

Die deelnemer skryf dat sy rustig en kalm gevoel het nadat dominee D vir haar gebid het. Sy het genoem dat sy nog nie weer enige bonatuurlike belewenis gehad het nie en snags rustig kon slaap.

### 4.3.11 Interval 3: my refleksie

Gedurende hierdie week het Lala gekla dat sy nie wel voel nie. Sy is in die hospitaal opgeneem en haar blindederm is verwyder. Ek en die dominee het hierdie periode gebruik om die ouers en sussies tuis te besoek. Dominee D het die huis met olie gesalf en vir elke gesinslid afsonderlik gebid. Lala is ontslaan en het tuis gaan herstel. Na twee weke is sy terug koshuis toe.

### 4.3.12 Sessie 9 – terapie 4

Die bespreking van die doelwitte en verloop van die sessie word gevolg deur die refleksies van die terapeut en die deelnemer.

#### 4.3.12.1 Doelwit(te) van die sessie

Die struikelblokke wat in hierdie terapeutiese ingreep aangespreek is, was ouerkonflik, gevoelens van hartseer, negatiewe gedagtes en onvervulde wense. Die hulpbronne wat ontwikkel is, was om Lala daarvan bewus te maak dat sy moes vra vir dit wat moontlik is, dat sy positiewe en spesifieke doelwitte vir haarself moes stel, dat sy self verantwoordelikheid moes neem om die doelwitte te bereik, dat sy hard moes werk vir dit wat sy graag wou hê en dat sy oplossing-gefokusde vrae moes vra (Burns, 2001:189).

#### 4.3.12.2 Verloop van die sessie

Gedurende hierdie sessie het ek 'n nuwe vorm van induksie (Bylae H) soos uiteengesit deur Allen (2004:5) toegepas. Die deelnemer het rustig en kalm voorgekom en goed saamgewerk. Na die verhaal van die gesie (genie) (Bylae H), het ek versoek dat sy 'n toneel in die sand moes uitbeeld. Hoewel sy onwillig voorgekom het om 'n sandtoneel te bou het sy dit tog gedoen. Sy

het ‘n boom regs bo in die sandkas en ‘n voël links bo geplaas. Hierna het sy vir geruime tyd na die volgende miniatuurfiguurtjie in die kas gesoek. Sy het ‘n gees (genie) en ‘n meisie gekies wat sy onderskeidelik regs onder en links onder in die hoeke geplaas het. Sy was egter nie hiermee tevrede nie en het die meisie skuins voor die boom geplaas. Laastens het sy ‘n feetjie links onder in die sand geplaas (Bylae I).

Lala het haar storie so vertel:

> *Die dogtertjie is dat sy nie altyd haar wense kan regkry nie. Daar was nie regtig ‘n genie nie en wense kom partymaal waar en die boom is (pouse) dit het gevoel asof ek droom onder die boom en die voëltjies wat vleis wat fluit hier langs my, wat langs my kom sit. Ek praat met hulle en toe dink ek oor die wense wat ek wil wens. My wens was dat dit goed gaan by die huis, dat ek die seuns kan uitlos, op my skoolwerk konsentreer. Partykeer wens jy iets en dit gebeur nie. Partymaal loop dinge skeef, jy kan nie altyd jou wense hê wat ander mense ook hê nie en die wens vir jou sal op jou tyd kom, moenie nou vooruitgaan nie en moenie ophou dink aan die .... gooi party wense uit en dink aan die positiewe, nie altyd aan die negatiewe dinge nie. Ek het geleer moenie altyd wens wat jy wil hê nie. Moenie uit die huis uit sommer gaan sonder toestemming nie want jou ouers is bekommerd oor jou Hulle weet nie waarnatoe jy gaan nie en moenie goed rondgooi en skop nie want jy kry altyd seer. Jy moet dink. Wanneer ek kwaad raak moet ek dink. Ek moet gaan sit en dink. Moet ek nou verder kwaad raak of moet ek dit net laat gaan?*
>
> 27 Maart 2006

#### 4.4.12.3 My refleksie

Vir die eerste keer het ek gevoel dat die bou van die sandtoneel verdieping van die hipnoterapie by Lala laat plaasvind het. Sy het die hipnoterapie haar eie gemaak en die storie na haar lewe deurgetrek. Ek het hoop, veral nadat Lala genoem het dat sy nie nodig het om fisies te reageer wanneer sy kwaad word nie, maar dat sy moet gaan dink voordat sy iets doen.

#### 4.4.12.4 Deelnemer se refleksie

Lala het in haar refleksie geskryf dat haar omstandighede tuis heeltemal verander het. Sy het genoem dat die verhoudingsprobleme tussen haar, haar moeder, vader en sussies iets van die verlede was. Sy kon nie wag om weer huis toe te gaan nie en het gevoel dat sy verander het.

*Dankie dat ek 'n mooi kind weer is en ek en my huisgesin baklei nie meer nie. Ek is trots oor my ek kannie gloo ek is 'n mooi kind nie. My lewe het skoon verander. My hart is seer want ek en my huisgesin kom regtig oor die weg. Ek kannie wag tot ek huistoe gaan nie. Ek wil weer na my ouma toe gaan en vir haar sê ek het regtig verander die liede is weer by my en my krag is weer by my ek is weer vol inergie vir die lewe. Elke oggend staan ek op met 'n glimlag. Ek en my pa het amper rofstoei gespeel, maar hy was moeg. Ek verstaan. Ek is baie lief vir hom. Niks sal my liefde vir my ouers weg fat nie.*

27 Maart 2006

Sy het verder vertel dat haar seunsvriende wat heelwat van die konflik tuis veroorsaak het, nie meer by haar kom kuier het nie, en dat sy nie meer enige bonatuurlike dinge gesien of gehoor het nie.

*My seunsvriende kom nie meer by my nie. Hulle het hulle alies afgeskruk. Hulle bel my so nou en dan maar ons is net vriende ek sien nie meer duiwels by die huis nie want my ma vervloek hulle in die naam van die Here.*

27 Maart 2006

Die deelnemer het ook geskryf dat sy bereid was om te doen wat van haar verwag word. Sy het nou geweet wat om te doen wanneer sy kwaad word, en sou nie weer wegloop van die huis af nie.

*Ek sal regtig my kand bring en as ek kwaad raak dan gaan ek na my plek toe waar ek rustag is en nie weer my hiemuur verloor nie. Ek gaan nie weer wegloop nie, ek belowe.*

27 Maart 2006

### 4.3.13 Sessie 10 – onderhoud 6

In die volgende afdeling word die verloop van die laaste onderhoud en geïdentifiseerde temas bespreek.

#### 4.3.13.1 Verloop van die onderhoud en temas geïdentifiseer

Ek het hierdie onderhoud met die ouers gereël as afsluiting van die terapie.

Gedurende hierdie sessie het die volgende temas na vore gekom:

i) Aggressie

ii) Hulpbronne

iii) Buitesintuiglike vermoëns

iv) Interpersoonlike verhoudingsproblematiek

#### 4.3.13.2 My refleksie

Alhoewel die deelnemer nog soms woede-uitbarstings gehad het, was dit verblydend om te sien dat die ouers haar op 'n ander manier hanteer het en sodoende verseker het dat die situasie nie buite beheer raak nie. Lala se houding teenoor haar ouers, veral haar vader het positief verander. Wanneer sy haar ouers gesien het, het haar gesiggie opgehelder en het sy van oor tot oor geglimlag. Sy het mooi met hulle gepraat en aandagtig geluister wanneer hulle met haar gepraat het.

Lala se vader het openlik opgemerk dat hy lief is vir haar en haar geweldig gemis het in die tydperk wat sy in die koshuis was. Dit was nodig dat sy dit van hom moes hoor. Ek kon sien dat Lala vir die eerste keer in 'n baie lang tyd gevoel het dat sy behoort en dat haar mense haar liefhet.

## 4.4 KATEGORISERING EN OPSOMMING VAN GEÏDENTIFISEERDE TEMAS

**<u>Tabel 4.1</u>: Betekenistabel van die deelnemer met kategorieë en temas wat tydens die onderhoud en terapie-sessies geïdentifiseer is.**

| **BETEKENISTABEL** | |
|---|---|
| KATEGORIE 1: AGGRESSIE | |
| **Subkategorieë** | **Terapiesessie** |
| Konfrontasie | 1,2,4,6 |
| Medikasie | 1,2 |
| Buierig, geïrriteerd, humeurig | 1,2,4,Terapie 4 (T4)[12],6 |
| Lae-frustrasietoleransie | 1,2,6 |
| Uittartend | 1,2,4,6 |
| Jaloesie | 1,2 |
| Fisiese geweld | 1,2,4,T4,6 |
| Gekruide taal | 4,T4,6 |
| Onvergenoegd | 2,3 |
| Opstandig | 1,2,4 |
| Belewing van aggressie | 1,2,4,T4 |
| HULPBRONNE | |
| Rekenaar | 1, T2,T4 |

[12] Terapie 4 word afgekort as: T4

| | |
|---|---|
| Koshuis | 6 |
| Moeder, materne grootouers | 1,4,T4,6 |
| Toekomsoriëntering | T4 |
| Asemhaling | Terapie 2(T2),Terapie 3(T3)[13],T4 |
| Geloof | 1,T2,4,T4 |
| Terapeut | T4,6 |
| Begrip: dade het gevolge | 6 |
| Vermoë om met hande te werk | T2 |
| Alhoewel sy soms nog humeurig raak hanteer haar ouers haar op 'n ander manier | 6 |
| Sy geniet dit tuis en wil graag huis toe gaan | 6 |
| Lala sien of hoor nie meer okkultiese dinge nie | 6 |
| BEHOEFTES | |
| Liefde en aanvaarding | 1,2,4,T4 |
| Vryheid | 1,2 |
| Seunsvriende | 3 |
| Berou | 4 |
| Hulp | 1,2,3,4,T4 |
| BUITESINTUIGLIKE VERMOËNS | |
| Sien/hoor/voel okkultiese | 2,4,T4,5,6 |
| Van duiwel besete | 2,4,T4 |
| Okkultiese druk haar vas | 4 |
| Okkultiese het invloed op haar lewe | 4 |
| Okkultiese moedig aggressie aan | 4 |
| Betrokke by okkultiese speletjies | 4,5 |
| Uitdryf van duiwels | 4,T4,5 |
| Familie betrokke by okkultiese | 1,2,4,T4,5 |
| Na aggressie – okkultiese ervarings | 4,T4 |
| Nagmerries | T4 |
| Optrede buite beheer as gevolg van okkultiese | 2,T4 |
| EMOSIE | |
| Hartseer | 1,2,3,,4,T4 |
| Haat | 2,3,T4 |
| Vrees | 1,2,4,T4 |
| UITING VAN PATOLOGIE | |
| Dreig met selfmoord | 1,2,3,4,T4 |
| Depressief | 1,2,T4 |
| Wegloopgedrag | 1,2,4 |
| Obsessie met seuns | 1,2,3,4,T4 |
| Geheuverlies | 4,T4 |
| INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGSPROBLEMATIEK | |
| Opstandig teenoor ouergesag | 1,2,4 |
| Kommunikasieproblematiek | 2,3,4,T4 |

[13] Terapie 2 en 3 word afgekort as: T2 en T3

| | |
|---|---|
| Verhoudingsproblematiek | 1,2,3,4,T4,5 |
| Vader dreig vir Lala met koshuis indien sy haar vorige gedrag sou hervat | 6 |

## 4.5 OPSOMMING

Om vergelykende/evaluerende kriteria tussen die verskillende benaderings te formuleer, of 'n raamwerk te probeer verskaf waarbinne sowel die meer tradisionele as die hipnoterapeutiese en sandspel-benadering tot kinderprobleme beoordeel en met mekaar vergelyk kan word, is uiters moeilik. Om aan te dring op sogenaamde "wetenskaplike" bewyse van alle aspekte, getuig in 'n bepaalde mate nie net van 'n wankonsep ten opsigte van die aard van die opvoedkundige sielkunde nie, maar ook van die wetenskap self.

Vanselfsprekend word daar nie in hierdie skripsie "bewys" dat enige spesifieke benadering die enigste (of selfs beste of 'n beter) 'metode' is wat geïmplementeer behoort te word nie en word rekening gehou met die beperkings inherent aan al die verskillende ontwerpe. In hierdie skripsie word wel beweer dat nuwer benaderings tot die hantering van kinderprobleme wel 'n identifiseerbare, positiewe, moontlik selfs langtermyneffek op hierdie kinders se selfverwerkliking en lewensgeluk kan hê (Maree & Beck, 2004).

Die verskillende nuwer benaderings en die meer tradisionele benaderings is nie maklik *empiries* vergelykbaar nie, eenvoudig omdat hulle heeltemal verskillende *doelstellings* nastreef, asook vanuit heeltemal verskillende *leerteoretiese* en *filosofiese* standpunte vertrek, terwyl verskillende benaderings in die sielkunde en opvoedkunde slegs empiries sinvol met mekaar vergelyk kan word indien hulle min of meer dieselfde doelstellings nastreef. In so 'n geval sou dit verwesenlik word, te evalueer, en sodoende tot 'n slotsom te kom oor watter een die "beste" is. So iets is uiteraard nie in die onderhawige geval moontlik nie. Die enigste moontlike basis vir evaluering hier is 'n teoretiese evaluering en vergelyking van die respektiewe

doelstellings, iets wat noodwendig subjektief gekleur sal word deur die betrokke navorser se eie teoretiese uitgangspunte.

My vertrekpunt was en is bloot dat dit moontlik en sinvol is om navorsing te doen of die gestelde doelstellings van verskillende benaderings tot terapeutiese intervensie haalbaar is, asook tot watter mate dit geskied. Ek hoop dat die onderhawige skripsie 'n beskeie bydrae gelewer het tot die debat rondom die relatiewe waardes van verskillende benaderings tot terapeutiese intervensie.

Ten slotte wil ek my graag aansluit by Jansen (2006:35) wat die problematiek rakende die relatiewe waarde van benaderings, asook die toelaatbaarheid en wenslikheid daarvan om verskillende *modi* van getuienislewering in die navorsingsproses te implementeer, soos volg opsom: *"I propose, as have others, the need for humility in both advocates and critics of evidence."*

## 4.6 SLOT

In hoofstuk 4 is 'n uiteensetting verskaf van die gevalstudie wat in die onderhawige studie bestudeer is. Die agtergrondinligting van die deelnemer is verskaf, asook die redes waarom sy as navorsingsdeelnemer gekies is. 'n Opsomming van die kategorieë wat deur die terapiesessies geïdentifiseer is, is saamgestel.

In Hoofstuk 5 sal die bevindings en aanbevelings rakende die spesifieke studie bespreek word.

# ‘N ERICKSONIAANSE BENADERING TOT SANDSPELTERAPIE VIR ‘N DEELNEMER WAT AGGRESSIE AS ONTWIKKELINGSTEURNIS ERVAAR

## HOOFSTUK 5

## SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

### 5.1 INLEIDING

Die onderhawige navorsing het gefokus op die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir ‘n deelnemer wat aggressie as ontwikkelingsteurnis ervaar. In hierdie hoofstuk word ‘n oorsig gebied van die agtergrond, beplanning, verloop en bevindings van die studie, soos in die voorafgaande hoofstukke bespreek is. Die opsommings en bevindings maak dit vir die navorser moontlik om tot grondige gevolgtrekkings te kom en relevante verbande te formuleer.

Ter inleiding van die hoofstuk sal die navorsingvraag of probleem wat ondersoek is en die oorkoepelende doelwit van die studie weer gestel word. ‘n Bespreking van die bevindings en aanbevelings van die studie word gevolg deur ‘n oorsig van die beperkings wat op die navorsing betrekking gehad het, asook die etiese aspekte van die studie.

#### 5.1.1 Probleemstelling

Die probleem wat in hierdie studie ondersoek is, is deur die volgende vraag gerig: wat is die moontlike waarde van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir kinders wat emosionele ontwikkelingsteurnisse ervaar?

### 5.1.2 Doel van die studie

Die doel van hierdie studie was om te verken of die Ericksoniaanse hipnoterapie-benadering met sandspelterapie gekombineer kan word om kinders wat aggressiewe gedrag toon, te ondersteun.

## 5.2 BEVINDINGS WAAROP DIE AANBEVELINGS GEGROND IS

Om die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie te motiveer, is dit noodsaaklik dat die verloop van die navorsing kortliks saamgevat word.

### 5.2.1 Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering

Na ‘n inleidende oorsig oor die probleem van ontwikkelingsteurnisse by kinders is die motivering of rasionaal vir die studie kortliks bespreek, waarna die probleem en doel van die studie geformuleer is. In ‘n poging om ‘n *gestalt* te vorm en die fenomeen wat bestudeer is te verstaan is sekere aspekte beklemtoon: die verbandhoudende konsepte – te wete “Ericksoniaanse benadering”, “sandspelterapie”, “kind”, “ontwikkelingsteurnisse”, “leerhindernis” en “aggressie” – is kortliks bespreek. Dit is gevolg deur ‘n vooruitskouing van die verwagte uitkomste van die studie en moontlike probleme wat die studie kon bemoeilik.

### 5.2.2 Hoofstuk 2: Literatuuroorsig

In Hoofstuk 2 is die Ericksoniaanse benadering tot terapie bespreek gevolg deur ‘n bespreking van sandspelterapie. Daarna het ek gepoog om ‘n vergelyking te tref tussen die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie. Die hoofstuk is afgesluit met ‘n bespreking van aggressiewe gedragsprobleme by kinders.

### 5.2.3 Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp

Die studie is onderneem vanuit die konstruktivistiese en interpretivistiese paradigma. In Hoofstuk 3 is die kwalitatiewe, beskrywende en eksploratiewe navorsingsontwerp, wat tydens die studie gebruik is, bespreek. Die onderskeie navorsings-, data-insamelings- en analisemetodes wat in die

studie toegepas is, is ook in detail bespreek. Die stapsgewyse bespreking van die navorsingsmetodes in die betrokke studie het gepoog om geldigheid, vertroubaarheid en etiese verantwoordelikheid te illustreer.

### 5.2.4 Hoofstuk 4: Bevindinge en bespreking: Gevalstudie ter illustrasie van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir 'n deelnemer wat aggressie as ontwikkelingsteurnis ervaar

Hoofstuk 4 behels 'n bespreking van die gevalstudie wat onderneem is om die impak van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie op 'n kind wat agrressiewe gedrag toon te ondersoek. Data het die kliënt se agtergrondinligting, onderhoude met verskeie betrokkenes, reflektiewe dagboeke van die kliënt en die navorser, en terapie-sessies ingesluit. Hierdie data is geanaliseer om relevante temas te identifiseer. Vanuit die temas is 'n aantal kategorieë benoem, naamlik aggressie, hulpbronne, behoeftes, buitesintuiglike vermoëns, emosie, uiting van patologie en interpersoonlike verhoudingsproblematiek.

Die implementeringstrategieë en die impak van die kliënt se aggressiewe gedrag is in die studie geëvalueer. Daar is bevind dat die onderhoude met die kliënt en haar ouers (gesamentlik en afsonderlik) en reflektiewe dagboeke van die kliënt en die terapeut laasgenoemde in staat gestel het om areas waaraan aandag gegee moes word vooruit te identifiseer en duidelike terapeutiese doelwitte te formuleer.

Ek is van mening dat die genoemde onderhoude en reflektiewe dagboeke bruikbare inligting verskaf het met betrekking tot die hantering van die kliënt se aggressiewe gedrag. Die onderhoude het die terapie gefasiliteer deurdat die probleem-areas voor terapeutiese ingryping geïdentifiseer kon word en ek die terapie-sessies daarvolgens kon struktureer. Die afsluitingsonderhoud en die refleksie van die kliënt na afloop van die terapeutiese ingreep was nuttig om te bepaal of die terapeutiese intervensie suksesvol was al dan nie.

## 5.3 BEANTWOORDING VAN DIE ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG

Alhoewel dit aanvanklik voorgekom het of Ericksoniaanse hipnoterapie nie versterk word deur sandspelterapie nie, het die kliënt in haar refleksiejoernaal anders laat blyk. Ten spyte van 'n verwikkeling in die studie – toe 'n aspek wat nie deel van die aanmeldingsprobleem was nie, opgeduik het – het dit uit die kliënt se refleksiewe dagboek en tydens die afsluitingsonderhoud geblyk dat sy wel baat gevind het by die terapeutiese ingreep.

## 5.4 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Enkele beperkings van die betrokke studie was soos volg:

i) Die Ericksoniaanse benadering tot terapie, gekombineer met sandspelterapie is 'n nuwe terrein wat nog nie voorheen nagevors is nie. Die geskiktheid van so 'n werkswyse kon slegs met verloop van die studie bepaal word.

ii) Sommige kliënte mag ongemaklik daarmee voel om met sand as terapeutiese medium te werk. In hierdie studie het dit wel gedurende die eerste terapie-sessies gelyk asof die deelnemer onwillig was om voorstellings in die sand te maak.

iii) Die aanmeldingshindernis mag met verloop van terapie verander. In hierdie studie is die aanmeldingshindernis gekompliseer toe 'n betrokkenheid met die bonatuurlike na vore gekom het. Dit is egter op sinvolle wyse in die studie ondervang.

iv) Die moontlikheid vir veralgemening is beperk omdat die enkele gevalstudie nie verteenwoordigend is van die hele populasie van kinders wat Ericksoniaanse terapie gekombineer met sandspelterapie ontvang nie. Navorsers wat by soortgelyke gevalle betrokke raak, kan egter die verloop van die studie en die agtergrond van die probleem in ag neem om te besluit of die benadering vir hulle sinvol mag wees.

v) Die studie is van beperkte omvang omdat 'n enkele deelnemer tydens die navorsing gebruik is.

vi) Die subjektiewe interpretasie van die navorser kan moontlik in 'n bepaalde mate as beperkend beskou word, want die resultate kan deur ander navorsers verskillend geïnterpreteer word. Ek het egter die dienste van 'n ervare kodeerder bekom wie my gehelp het om dié aspek professioneel en objektief te benader.

vii) Die kliënt het tydens die terapeutiese sessies 'n psigo-farmakologiese middel gebruik. Die middel kon moontlike newe-effekte – soos 'n oormatige kalmerende effek of korttermyn-geheueverlies – teweeggebring het. Hierdie newe-effekte kon moontlik 'n invloed gehad het op die terapie-sessies.

## 5.5 AANBEVELINGS

Aanbevelings kan gemaak word met verwysing na die praktyk, verdere navorsing en opleiding.

Waar dit moontlik is in die **praktyk,** word aanbeveel dat die terapeut aanvanklike onderhoude voer met alle belanghebbende persone voordat die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie toegepas word. Die rede hiervoor is dat die terapie-sessies dan meer gefokus is, wat meebring dat die terapie gefasiliteer word. Daar word ook voorgestel dat onderhoude met dieselfde persone gevoer word gedurende terapie ten einde te bepaal of daar beweging plaasvind in terapie. Dit wil voorkom asof dit wenslik is om na afloop van die terapeutiese ingreep verdere onderhoude met die betrokke persone te voer, ten einde te bepaal of al die areas wat in die aanvanklike onderhoud geïdentifiseer is, deur die terapie aangespreek is.

Ek beveel sterk aan dat beide die terapeut en die kliënt refleksiejoernale gebruik, omdat dit dien as bron van verwysing gedurende terapeutiese ingrepe om vas te stel of die doelwit(te) van die onderskeie sessies suksesvol bereik is.

Vir **verdere navorsing** word die volgende navorsingsmoontlikhede voorgestel:

i) Die impak van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie met die oog op die behandeling van ander psigiatriese versteurings.
ii) Die impak van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir die behandeling van ander hindernisse wat die persoon se potensiaal om ten volle te ontwikkel, benadeel.
iii) 'n Groter fokus op die simboliek van die miniatuurfigure wat gedurende sandspelterapie deur die kliënt uitgepak word.
iv) 'n Vergelykende studie waar meer as een geval bestudeer word.

Met verwysing na **opleiding** kan die navorser aanbeveel dat sielkundiges opgelei moet word in die begrip en waarde van die Ericksoniaanse benadering in hul terapeutiese prosesse met kliënte.

## 5.6 ETIESE ASPEKTE

Etiese riglyne wat voorgestel word om kliënte te beskerm, is deurgaans in die betrokke studie geïmplementeer. Ingeligte toestemming is verkry van die kliënt self, haar ouers en die skool waar sy 'n leerder is, en haar identiteit is altyd beskerm. Die kliënt en haar ouers is ook ingelig dat hulle deelname vrywillig was en dat hulle dus enige tyd tydens die studie kon onttrek. Hulle het ook na afloop van die navorsing terugvoer met betrekking tot die bevindings ontvang.

Geskikte navorsingmetodes is gebruik en alle interpretasies van die resultate het met die ingesamelde data verband gehou. Die navorser het gepoog om die hoogste metodologiese standaarde te handhaaf en akkuraatheid na te strewe en navorsingsbevindings is akkuraat en verantwoordelik weergegee.

## 5.7 SAMEVATTING

Die bevindings van die gevalstudie waarop die navorsing gebaseer is, het die impak van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie op 'n adolessent wat aggressie as ontwikkelingsteurnis ervaar, toegelig. Die gevolgtrekking na afloop van die studie is dat die ingreep positiewe gevolge vir die kliënt gehad het.

Ek is van mening dat onderhoude met alle belanghebbende persone (deelnemer, ouers en ander) sinvol kan wees by die opstel van 'n suksesvolle terapeutiese program, maar nie 'n voorvereiste is om sukses te behaal met Ericksoniaanse sandspelterapie nie. In die onderhawige studie is dit wel duidelik dat die bepaling van die aanvangshindernis deur middel van onderhoude en die inkorporering van die verbandhoudende inligting in die terapeutiese proses voordelig en suksesvol was.

Die samevoeging van navorsing sluit gewoonlik 'n aanduiding in van hoe die resultate ooreenstem met of verskil van vergelykbare studies. Omdat hierdie studie egter 'n benadering gevolg het wat, sover vasgestel kon word, nog nie vantevore in navorsing toegepas is nie, is so 'n vergelyking nie moontlik nie.

## 6. BIBLIOGRAFIE


A parable of hope and despair. *Sunday Times,* 21 December 2005:13.

Allen, R.P. (2004). *Scripts and strategies in hypnotherapy. The complete works.* Wales: Crown House Publishing.

Altepeter, T.S. & Korger, J.N. (1999). Disruptive behavior: Oppositional defiant disorder and conduct disorder. (118-133). In: Netherton, S.D., Holmes, D. & Walker, C.E. (Eds). 1999. *Child and adolescent psychological disorders. A comprehensive textbook.* New York: Oxford University Press.

Amatruda, K. & Simpson, P.H. *Sandplay, the sacred healing. A guide to symbolic process.* New Mexico: Trance Sand Dance Press.

Barlow, D.H. & Durand, V.M. (1995). *Abnormal psychology.* London: Brooks/Cole Publishing Company.

Battino, M.S. & South, T.L. (2002). *Ericksonian approaches: a comprehensive manual.* London: Crown House Publishing.

Bellak, L. & Abrams, D.M. (1997). *The thematic apperception test. The children's apperception test and the senior apperception technique in clinical use. 6th Edition.* Boston: Allyn & Brown.

Bloomquist, M.L. & Schnell, S.V. (2002). *Helping children with aggression and conduct problems.* London: The Guilford Press.

Boik, B.L. & Goodwin, E.A. (2000). *Sandplay therapy. A step-by-step manual for psychoterapists of diverse orientations.* New York: John Wiley & Sons, Inc.

Bradway, K. (1999). *Sandplay with chilren.* http://www.sandplay.org [Datum besoek: 2006-03-12].

Brandell, J.R. (2000). *Of mice and metaphors.* New York: Basic Books.

Burns, G.W. (2001). *101 Healing stories for kids and teens. Using metaphors in therapy.* New York: Wiley.

Burns, N. & Grove, S.K. (1993). *The practice of nursing research conduct: Critique and utilization. 2nd Edition.* Philadelphia: W.B. Saunders.

Carey, L.J. (1999). *Sandplay therapy with children and families.* London: Jason Aronson Inc.

Christophersen, E.R. & Mortweet, S.L. (2001). *Treatments that work with children. Empirically supported strategies for managing childhood problems.* Washington: Sheridan Books.

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. (2002). *Research methods in education. 5th Edition .* London: Routledge Falmer.

De Domenico, G.S. (2002). Sandtray-Worldplay. *Sandtray Network Journal,* 6(1), 214-234.

De Vos, A.S. (Ed). (1998). *Research at grass roots: A primer for the caring professions.* Pretoria: Van Schaik Publishers.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (1998). *The landscape of qualitative research: theories and issues.* California: Sage Publishers.

Dumas, J.E. & Nilsen, W.J. (2003). *Abnormal child and adolescent psychology.* Illinois: Allyn and Bacon.

Edgette, J.H. & Edgette, M.P.H. (1995). *The handbook of hypnotic phenomena in psychoterapy.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

Egan, G. (1998). *The skilled helper. A problem-management approach to helping. 6th Edition.* London: Brooks/Cole Publishing Company.

Families in moordsake. *Rapport,* 5 Maart 2006:10.

Geary, B.B. & Zeig, J. K. (Eds). (2001). *The handbook of Ericksonian psychotherapy.* Phoenix: The Milton H. Erickson Foundation Press.

Geldard, K. & Geldard, D. (2002). *Counselling children. A practical introduction.* London: SAGE Publications.

Gephart, R. (1999). Paradigms and research methods. *Research Methods Forum,* Vol. 4 (Summer 1999), 1-6.
Beskikbaar by: http://www.aom.pace.edu/rmd. [Datum besoek: 2004/07/08].

Gilligan, S.G. (1989). *Therapeutic trances. The cooperation principle in Ericksonian hypnotherapy.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

Guion, L.A. (2002). *Triangulation: Establishing the validity of qualitative studies.* http://www.geocities.com [Datum besoek: 2005-04-11].

Haley, J. (1994). Typically Erickson. (3-24). In: Zeig, J.K. (Ed). 1994. *Ericksonian methods. The essence of the story.* New York: Brunner/Mazel Inc.

Hartman, W. (2004). Kursus 1: Ericksoniaanse hipnoterapie, 30 Maart 2004.

Havens, R.A. (2003). *The wisdom of Milton H. Erickson.* London: Crown House Publishing, Ltd.

Hees-Stauthamer, J. (2005). Sandplay: zandspeltherapie volgens de methode van Dora Kalff. *Journal of Sandplay Therapy,* 40(1), 132-143.

Hele wêreld lees van die verkragsaak. *Beeld*, 10 Maart 2006:2.

Holloway, I. & Wheeler, S. (1996). *Qualitative research for nurses.* Oxford: Blackwell Science.

Hudson, A. (2003). Applied behavior analysis. (165-173). In: Phares, V. (Ed). 2003. *Understanding abnormal child psychology.* United States of America: John Wiley & Sons, Inc.

I'm in hell. *The Citizen,* 15 Maart 2006, 3.

Janesick, V.J. (2000). *Handbook of qualitative research. 2nd Edition.* London*:* Sage*.*

Jansen, J.D. (2006). Is evidence overrated? *Quest,* 2(3), 33-35.

Kalff, D.M. (1980). *Sandplay. A psychotherapeutic approach to the psyche.* California: Sigo Press.

Kalff, D.M. (1991). Introduction to sandplay therapy*. Journal of Sandplay Therapy*, 1(1), 34-47.

Kalff, D.M. (2004). *Jungian sandplay therapy.* http://www.theresebimka.com/Articles.htm. [Datum besoek: 2006/2/11].

Klippstein, H. (Ed). (1991). *Ericksonian hypnotherapeutic group inductions.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

Klorer, P.G. (2000). *Expressive therapy with troubled children.* London: Jason Aronson Inc.

Krefting, L. (1991). Rigor in qualitative research: The assessment of trustworthiness. *The American Journal of Occupational Therapy,* 45(3), 214-221.

Landreth, G.L. (1991). *Play therapy. The art of the relationship.* Florence: Accelerated Development Inc.

Lankton, S.R. (Ed). (1989). *Ericksonian hypnosis: application, preparation and research.* New York: Brunner/Mazel, Inc.

Lather, P. (1986). Research as praxis*. Harvard Educational Review,* 56(3), 257-277.

Lopez, S.J., Snyder, C.R., & Rasmussen, H. (2003). Striking a vital balance: developing a complementary focus on human weakness and strength through positive psychological assessment. (30-49). In: Lopez, S.J. & Snyder, C.R. (Eds). 2003. *Positive psychological assessment. A handbook of models and measures. 1st Edition.* Washington: American Psychological Association.

MacMillan, J.H. & Schumacher, S. (2001). *Research in education: A conceptual introduction. 5th Edition.* New York: Addison Wesley Longman, Inc.

Maree, J.G. (2005). Persoonlike mededeling, Universiteit van Pretoria, 7 November 2005.

Maree, J.G. & Beck, G. (2004). Using various approaches in career counselling for traditionally disadvantaged (and other) learners: Some limitatiions of a new frontier. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde,* 23(4), 80-87.

Marshall, C. & Rossman, G.B. (1989). *Designing qualitative research.* Newbury Park, CA: Sage Publications.

Maxwell, J.A. (1996). *Qualitative research design.* California: Sage Publications.

Mills, J.C. & Crowley, R.J. (2001). *Therapeutic metaphors for children and the child within.* New York: Brunner-Routledge.

Mitchell, R.R. & Friedman, H.S. (1994). *Sandplay past, present and future.* New York, London: Routledge.

Mouton, J. (1996). *Understanding social research.* Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

Naudé, H. (2005). Persoonlike mededeling, Universiteit van Pretoria, 2 November 2005.

Netherton, S.D., Homes, D. & Walker, C.E. (Eds). (1999). *Child and adolescent psychological disorders. A comprehensive textbook.* New York: Oxford University Press.

Neuberger, J. (2000). The educated patient: new challenges for the medical profession, *Journal of Internal Medicine,* 24(7), 6-10.

Neuman, W.L. (2000). *Social research methods. Qualitative and quantitative approaches. 4th Edition.* London: Allyn & Bacon.

Norton, C.C. (1997). *Reaching children through play therapy. An experiential approach.* Denver: The Publishing Cooperative.

Odendaal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booysen, C.M. (1983). *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2de Uitgawe.* Johannesburg: Perskor-Boekdrukkery.

O'Hanlon, B. (1994). The third wave. *Family Therapy Networker,* (Nov/Dec), 1-16.

Pearson, J.E. (2004). *Understanding clinical hypnotherapy.* http://www.athealth.com/Consumer/particles/Pearson.html [Datum besoek: 2005-11-02)].

Pearson, M. & Wilson, H. (2001). *Sandplay and symbol work. Emotional healing and personal development with children, adolescents and adults.* Melbourne: Australian Council for Educational Research Ltd.

Penny, A. & Clark, K. (2005). *Sandplay therapy.* http://www.ccyp.co.uk [Datum besoek:2006-03-17].

Pervin, L.A. & John, O.P. (1997). *Personality. Theory and research. 7th Edition.* New York: John Wiley & Sons, Inc.

Phares, V. (Ed). (2003). *Understanding abnormal child psychology.* New York: John Wiley & Sons, Inc.

Porat, L. & Meltzer, B. *Brief theoretical introduction to sandplay therapy.* http://www.users.actcom.co.il [Datum besoek: 2006-03-12].

Rogers, C.R. (1997). *On becoming a person. A therapist's view of psychotherapy.* London: Constable & Company Ltd.

Rosen, S. (1988). What makes Ericksonian therapy so effective? (5-21). In: Zeig, J.K. & Lankton, S.R. (Eds). 1988. *Developing Ericksonian therapy. State of the art.* New York: Brunner/Mazel, Inc.

Rossi, E.L. (1980). (Ed). *Innovative hypnotherapy by Milton H. Erickson.* London: Irvington Publishers, Inc.

Schaffer, D.R. (1999). *Developmental psychology. 5th Edition.* London: Brooks/Cole Publishing Company.

Schurink, W.J. (1998). Participant observation. (277-296). In: De Vos, A.S. (Ed). 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions.* Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

Siegelman, E.Y. (1990). *Metaphor and meaning in psychotherapy.* New York: Guilford press.

Sunderland, M. (2004). *Using storytelling as a therapeutic tool with children.* Oxford: Speechmark Publishing Ltd.

Teglasi, H. (2001). *Essentials of TAT and other storytelling techiques assessment.* New York: John Wiley & Sons, Inc.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (2002). *Research in practice: applied methods for the social sciences.* Cape Town: University of Cape Town Press.

Thompson, L. (2005). *Harry the hypno-potamus. Metaphorical tales for the treatment of children.* Wales: Crown House Publishing.

Tsugawa, H. (2000). Play as therapeutic metaphors: Ericksonian play therapy. *The Japanese Journal of Brief Psychotherapy,* 9(1), 18-38.

Van Dyk, A. (1995). *Transpersonal sandplay therapy.* http://www.sandplay.net [Datum besoek: 2006-02-12].

Van Niekerk, P.A. (1986). *Ortopedagogiese diagnostiek.* Lansdowne: Citadel Pers.

Vaughn, S., Schumm, J.S. & Sinagub, J. (1996). *Focus group interviews in education and psychology.* California: Sage Publications Inc.

West, J. (1996). *Child centred play therapy. 2nd Edition.* London: Gray Publishing.

Westbrook, L. (1994). Qualitative research methods: a review of major strategies, data analysis techniques, and quality controls. *Library and Information Science research,* (16), 241-254.

Weinrib, E.L. (1983). *Images of the self. The sandplay therapy process.* Massachusetts: Sigo Press.

Westen, D. (1992). *Psychology. Mind, brain and culture.* New York: John wiley & Sons, Inc.

Wicks-Nelson, R. & Israel, A.C. (2000). *Behaviour disorders of childhood. 4th Edition.* New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

Yapko, M.D. (1995). *Essentials of hypnosis.* New York: Brunner/Mazel, Inc.

Zeig, J.K. (Ed). (1980). *Teaching seminar with Milton H. Erickson.* New York: Brunner/Mazel, Inc.

Zeig, J.K. (Ed). (1994). *Ericksonian methods. The essence of the story.* New York: Brunner/Mazel Inc.

Zeig, J.K. & Lankton, S.R. (Eds). (1988). *Developing Ericksonian therapy. State of the art.* New York: Brunner/Mazel, Inc.

Zeig, J.K. & Munion, W.M. (1999). *Milton H. Erickson.* London: SAGE Publications.

University of Pretoria etd – De Villiers, D A  (2007)

# BYLAE

**Bylae A:** Skriftelike toestemming deur die deelnemers, haar ouers en die Departement van Onderwys

**Bylae B:** Terapie 1: Die storie van die ligbal

**Bylae C:** Terapie 1: Sandtoneel

**Bylae D:** D1 – Terapie 2: Uitgooi van klippe
D2 – Terapie 2: Sandtoneel

**Bylae E:** Terapie 2: Transkripsie en kategorieë

**Bylae F:** Terapie 3: Die storie van Milton die Cheetah

**Bylae G:** Terapie 3: Sandtoneel

**Bylae H:** Terapie 4: Die storie van die gesie (genie)

**Bylae I:** Terapie 4: Sandtoneel

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# BYLAE A

Toestemmingsbriewe van ouers, deelnemer, skool en departement.

# TOESTEMMING DEUR OUER/VOOG

Ek ______________________________ ouer van ___________________________ gee hiermee toestemming dat hy/sy mag deelneem aan die studie getitel: *‘n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir ‘n deelnemer wat aggressie as ontwikkelingsteurnis ervaar.*

- Ek verstaan ten volle my kind se rol in die studie
- Ek is bereidwillig om deel te neem aan die studie tot voltooiing daarvan
- Ek gee toestemming dat die inligting verkry van die studie gepubliseer mag word
- Ek is bewus daarvan dat alle informasie wat my kind insluit, vertroulik hanteer sal word.

___________________________________

**Ouer**

___________________________________

**Navorser: Me D. de Villiers**

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# TOESTEMMING TOT VOORGENOME STUDIE

Geagte deelnemer

U word uitgenooi om aan 'n navorsingsprojek deel te neem. Hierdie navorsingsprojek is 'n studie om vas te stel of die Ericksoniaanse benadering tot hipnoterapie suksesvol met sandspelterapie gekombineer kan word wanneer gekyk word na jeugdiges wat aggressie as ontwikkelingsteurnis ervaar.

U deelname aan hierdie navorsingsprojek is vrywillig en streng vertroulik. U sal nie gevra word om enige inligting weer te gee wat u identiteit sal bekendmaak nie. Indien u uself bereid sou verklaar om aan 'n individuele onderhoud deel te neem, sal vertroulikheid gewaarborg word. U mag enige tyd uit die navorsingsprojek onttrek.

Die resultate van hierdie studie sal weergegee word in die navorser se akademiese skripsie wat noodsaaklik is om aan die vereistes vir die M.Ed (Opvoedkundig Sielkundige)-graad aan die Universiteit van Pretoria te voldoen. Akademici sal hierdie navorsing bestudeer.

Indien u gewillig is om aan hierdie navorsingsprojek deel te neem, kan u hierdie brief teken om in te stem tot deelname aan hierdie projek. U verklaar dat u vrywillig aan hierdie projek deelneem en dat u verstaan dat u ter enige tyd van die projek kan onttrek. Deelname aan hierdie fase van die projek verplig u nie om aan enige opvolg onderhoude/terapie deel te neem nie. Sou u egter besluit om aan die opvolg onderhoude/terapie deel te neem, is u deelname steeds

vrywillig en kan u te enige tyd onttrek. Onder geen omstandighede sal die identiteit van deelnemers bekendgemaak word nie.

| | |
|---|---|
| ______________________________ | ______________________ |
| **DEELNEMER SE HANDTEKENING** | **DATUM** |
| ______________________________ | ______________________ |
| **NAVORSER SE HANDTEKENING** | **DATUM** |

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

**Aan: Die Hoof: Skool vir buitengewone onderwys**

**Aan: Die Hoofsielkundige**

Geagte mnr. (naam van skoolhoof) en me (naam van sielkundige)

***Toestemming om navorsing te onderneem***

Hiermee versoek ek toestemming om 'n navorsingstudie te onderneem by die skool vir buitengewone onderwys sodat ek my skripsie getitel: "'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir 'n deelnemer wat aggressie as ontwikkelingsteurnis ervaar" kan voltooi.

Om my navorsing te voltooi benodig ek u toestemming om 'n leerder by u skool te betrek by my gevalstudie.

Dankie vir u bereidwillige samewerking.

Vriendelike groete

D. de Villiers

____________________________ ____________________________

**SKOOLHOOF** **SIELKUNDIGE**

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

**UMnyango WezeMfundo**
**Department of Education**

**Lefapha la Thuto**
**Departement van Onderwys**

| | |
|---|---|
| **Date:** | **15 November 2005** |
| **Name of Researcher:** | **De Villiers Dirkie** |
| **Address of Researcher:** | **11 Vaal Drive** |
| | **Petersfield Ext** |
| | **Springs, 1562** |
| **Telephone Number:** | **(011) 8115754** |
| **Fax Number:** | **(011) 8115755** |
| **Research Topic:** | **Die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie met kinder swat ontwikkelingsteurnisse ervaar** |
| **Number and type of schools:** | **1 LSEN School** |
| **District/s/HO** | **Ekurhuleni East** |

## Re: Approval in Respect of Request to Conduct Research

This letter serves to indicate that approval is hereby granted to the above-mentioned researcher to proceed with research in respect of the study indicated above. The onus rests with the researcher to negotiate appropriate and relevant time schedules with the school/s and/or offices involved to conduct the research. A separate copy of this letter must be presented to both the School (both Principal and SGB) and the District/Head Office Senior Manager confirming that permission has been granted for the research to be conducted.

**Permission has been granted to proceed with the above study subject to the conditions listed below being met, and may be withdrawn should any of these conditions be flouted:**

1. ***The District/Head Office Senior Manager/s concerned must be presented with a copy of this letter that would indicate that the said researcher/s has/have been granted permission from the Gauteng Department of Education to conduct the research study.***
2. ***The District/Head Office Senior Manager/s must be approached separately, and in writing, for permission to involve District/Head Office Officials in the project.***
3. ***A copy of this letter must be forwarded to the school principal and the chairperson of the School Governing Body (SGB) that would indicate that the researcher/s have been granted permission from the Gauteng Department of Education to conduct the research study.***

**Office of the Senior Manager – Strategic Policy Research & Development**
Room 525, 111 Commissioner Street, Johannesburg, 2001 P.O.Box 7710, Johannesburg, 2000
Tel: (011) 355-0488 Fax: (011) 355-0286

4. *A letter / document that outlines the purpose of the research and the anticipated outcomes of such research must be made available to the principals, SGBs and District/Head Office Senior Managers of the schools and districts/offices concerned, respectively.*
5. *The Researcher will make every effort obtain the goodwill and co-operation of all the GDE officials, principals, chairpersons of the SGBs, teachers and learners involved. Persons who offer their co-operation will not receive additional remuneration from the Department while those that opt not to participate will not be penalised in any way.*
6. *Research may only be conducted after school hours so that the normal school programme is not interrupted. The Principal (if at a school) and/or Senior Manager (if at a district/head office) must be consulted about an appropriate time when the researcher/s may carry out their research at the sites that they manage.*
7. *Research may only commence from the second week of February and must be concluded before the beginning of the last quarter of the academic year.*
8. *Items 6 and 7 will not apply to any research effort being undertaken on behalf of the GDE. Such research will have been commissioned and be paid for by the Gauteng Department of Education.*
9. *It is the researcher's responsibility to obtain written parental consent of all learners that are expected to participate in the study.*
10. *The researcher is responsible for supplying and utilising his/her own research resources, such as stationery, photocopies, transport, faxes and telephones and should not depend on the goodwill of the institutions and/or the offices visited for supplying such resources.*
11. *The names of the GDE officials, schools, principals, parents, teachers and learners that participate in the study may not appear in the research report without the written consent of each of these individuals and/or organisations.*
12. *On completion of the study the researcher must supply the Senior Manager: Strategic Policy Development, Management & Research Coordination with one Hard Cover bound and one Ring bound copy of the final, approved research report. The researcher would also provide the said manager with an electronic copy of the research abstract/summary and/or annotation.*
13. *The researcher may be expected to provide short presentations on the purpose, findings and recommendations of his/her research to both GDE officials and the schools concerned.*
14. *Should the researcher have been involved with research at a school and/or a district/head office level, the Senior Manager concerned must also be supplied with a brief summary of the purpose, findings and recommendations of the research study.*

The Gauteng Department of Education wishes you well in this important undertaking and looks forward to examining the findings of your research study.

Kind regards

ALBERT CHANEE
ACTING DIVISIONAL MANAGER: OFSTED

| The contents of this letter has been read and understood by the researcher. | |
|---|---|
| *Signature of Researcher:* | DVilliers |
| *Date:* | 15/11/05 |

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# BYLAE B

Terapie 1: Die storie van die ligbal

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

Bylae B

## Die storie van die ligbal

Terwyl jy daar sit, hoor jy miskien geluide daar buite, die voëltjies wat sing. Jy is miskien bewus van die wind wat hier deur die gordyne waai, die son wat deur die venster skyn. Miskien kan jy die kar hoor wat hier verby ry of kinders wat verbyloop Jy mag bewus wees van enige iets wat buite gebeur.

Miskien raak jy nou bewus van gedagtes wat in jou kop is. Enigeiets wat in jou bewuste opkom, en soos wat jy hiervan bewus word, kan jy hierdie gedagtes toelaat om in jou binneste in te kom. Maak nie saak wat dit is nie.

En, soos wat jy nou na my stem luister, mag jy miskien bewus word van jou asemhaling, in en uit, in en uit, en dan keer jy net rustig in jouself en waardeer jouself. Hier en nou, in die hier en die nou, in die hier en die nou.

Ek kan sien jy sit lekker rustig. Jou handjies is gevou, jy kyk vir my en jy skud jou kop. Jou voetjies is uit mekaar uit en jy lyk baie rustig, en dis reg. Hou aan om hierdie ervaring op jou eie unieke manier te ervaar.

En soos wat jy gemaklik en rustig sit en in- en uitasem, kan jy miskien bewus word daarvan dat jou ooglede swaar word, dat jy voel jy raak baie rustig en dat jou ogies wil toegaan. En as jy dit voel, kan jy jou ogies maar toemaak.

Ek wil dat ons miskien op ‘n ontdekkingsreis gaan, en as jy gemaklik daarmee voel kan jy jou ogies nou maar toemaak. Maak toe jou ogies.

‘n Ontdekkingsreis is iets lekkers waar jy nuwe en vreemde dinge ontdek, en ek gaan jou nou vra, *Naam* om jou te verbeel dat jy bo-aan 'n stel trappe staan, 'n pragtige en veilige stel trappe. Ek weet nie watter tipe trappe jy sien nie, maar dit is misien 'n outydse stel trappe of miskien 'n moderne stel trappe, dalk is dit verbeeldingstrappe.

En wanneer jy hierdie stel trappe sien in jou innerlike gedagtes ,kan jy dit op jou eie unieke manier beleef. Knik net jou kop as jy hierdie trappe sien. Mooi. Goed.

Nou gaan ek jou vra om met jou trappe af te loop soos wat ek tel. Wanneer jy reg is, gaan ek jou vra om daardie eerste tree te neem, dan die tweede en soos wat jy aangaan na die derde trappie, die vierde trappie, die vyfde trappie en die sesde trappie, mag jy miskien 'n soliede reëling aan een of albei kante van jou trappe sien waaraan jy kan vashou. Ek weet nie, jy sal weet. Dan die sewende trappie, die agtste trappie, die negende trappie en die tiende trappie. Jy is nou halfpad.

En, met elke tree wat jy nou neem, kan jy … kan jy jouself regtig toelaat om met elke tree te ontspan, meer en meer te ontspan. Dan die elfde trappie en die twaalfde trappie en die dertiende trappie, af en af tot by die veertiende trappie, vyftien, sestien en af tot by sewentien, agtien. Nog twee om te gaan, so mooi kyk waar jy loop, negentien en twintig.

En soos wat jy die laaste trappie van jou eie innerlike trappe gegee het, gaan ek jou vra om jou na jou innerlike self te keer en na 'n plek te gaan wat jy as die kern van jou eie menswees sien. Miskien 'n plek waar dit rustig, stil en veilig vir jou is.

[1] Mills & Crowley (2001:85)

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)



**Die storie van die ligbal**

Rustig[1], stil en veilig net vir jou, en ek het nie 'n vae idee waar hierdie plek is nie. Miskien is dit êrens by die see of in die berge. Laat jouself nou toe om daar te wees, nou, en om dit op jou eie manier te ervaar. Maklik, so gemaklik, so aangenaam. Dis reg. Dis baie goed.

En nou wil ek hê jy moet rustig luister na my stem hier waar jy veilig by jou eie innerlike plek is, veilig en rustig en terwyl ek praat kan jy miskien, ek weet nie, hierdie verhaal jou eie maak …

Elke kind op aarde word met 'n perfekte ligbal gebore. Met hierdie ligbal kan jy wonderlike, toweragtige dinge doen. Jy kan saam met die visse gaan swem, op dolfyne se rûe ry, saam met die voëltjies hoog in die lug opvlieg en vry voel om te wees wie jy is en om te doen wat jy graag wil doen.

Maar elke nou-en-dan, soos wat jy groter word, gebeur daar dinge met en om jou wat jou ongelukkig kan maak. Dit kan dinge wees wat jou laat seerkry, nie noodwendig fisies nie, miskien emosioneel: dit kan byvoorbeeld jaloesie wees of woede.

Hierdie ongelukkigheid en woede word dan soos klippe wat in jou ligbal inval. Dit kan gebeur dat hierdie ligbal soveel klippe inkry dat 'n mens glad nie meer die lig kan sien nie, en kort voor lank word jy soos een van hierdie klippe en kan jy nie meer verder groei nie.

MAAR wat wonderlik is, is dat jy net moet leer hoe om hierdie ligbal van jou om te keer en die klippe uit te gooi, want die klippe kan die lig nooit doodmaak nie; die lig is altyd daar.

En terwyl jy nou veilig en rustig by jou eie unieke innerlike plek is, kan jy miskien jou eie ligbal sien. Miskien is hy helder of dof, of dalk heeltemal donker omdat daar soveel klippe in is. En terwyl jy by jou eie veilige plek is, kan jy jouself leer hoe om jou ligbal om te keer sodat die klippe kan uitval en verdwyn en nooit weer terugkom nie, sodat jou lig die hele tyd helder kan skyn.

Laat jouself toe om vir 'n oomblik jou ligbal om te keer en heeltemal vry te voel …


En nou gaan ek jou vra om hierdie gevoel van vryheid wat jy miskien nou gevoel het, saam met jou te bring en om gemaklik en rustig en op jou eie manier terug te beweeg na die trappe en teen jou eie tempo te klim, tot jy bo is. Wanneer jy bo is, kan jy jou oë gemaklik oopmaak – georiënteerd voel, verfris en heeltemal wakker. Dis reg. Laat jouself toe om op jou eie manier hier en nou bo te kom. En as jy bo is, kan jy jou ogies rustig oopmaak.

[1] Mills & Crowley (2001:85)

# BYLAE C

Terapie 1: Sandtoneel





University of Pretoria etd – De Villiers, D A  (2007)

# BYLAE D

Bylae D1 –Terapie 2:  Die uitgooi van die klippe

Bylae D – Terapie 2:  Sandtoneel

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)



| |
|---|
| (Naam) fokus op enige kol teen die muur. Kyk daarna. Wanneer jy so voel, kan jy jou oë toemaak.<br><br>Jou ligbal is op die oomblik vol klippe. Hierdie klippe maak jou ontsettend gespanne, angstig en ongelukkig.<br><br>Verbeel jou nou dat jy, soos in die verhaal van jou ligbal, saam met die voëls kan vlieg en saam met die visse kan swem. En wanneer jy gereed, is kan jy jou ligbal vol swaar klippe vat en kies saam met wie jy wil gaan. Wil jy saam met die voëls gaan vlieg, of saam met die visse diep in die see gaan swem? Net jy weet saam met wie jy op hierdie avontuur gaan. Miskien vlieg jy op ‘n arend se rug, of dalk is jy op die rug van ‘n dolfyn. Miskien vlieg jy nou hoog in die lug, ver uit die stad oor bome en berge, daar waar geen mens is nie. Miskien is jy diep in die see en kan jy op die dolfyn se rug staan en jou ligbal hoog bo jou kop hou – die ligbal met al die klippe in, wat jou liggie binne nie toelaat om helder te skyn nie. Maar jy weet, al wat jy hoef te doen is om jou ligbal om te keer en al die klippe uit te gooi sodat jou liggie wat altyd daar is, weer helder kan skyn.<br><br>Vat jou klippe een vir een – noem hulle by die naam – en gooi hulle uit jou ligbal uit. Kyk hoe dit verdwyn voor jou oë. Jy weet wat jou klippe genoem word. Gooi hulle nou weg.<br><br>Pouse<br><br>Miskien kan jy nou na ‘n veilige plek toe gaan. ‘n Plek waar jy rustig en kalm kan wees. ‘n Plek waar jy jouself kan wees, en waar jy jouself kan bederf. Wanneer jy daar is, knik jou kop.<br><br>Bederf jouself hier by jou veilige plek, doen wat jy graag wil doen. Wees jouself.<br><br>Pouse<br><br>Jy het van ‘n groot las ontslae geraak. Terwyl jy ontspanne en rustig is, kan jy terugkeer na die hier en die nou sodat jy jou verbeeldingsreis vir my in die sand kan uitbeeld. Ek gaan tel van vyf tot by een, en wanneer ek by een kom, sal jy terug wees by die hier en die nou. Vyf, vier, drie, twee, een. |
| Bou sandtoneel |
| Ons gaan nou elke deel van jou liggaam laat ontspan, bietjie vir bietjie. Elke keer wanneer ek die woord “ontspan” sê, kan jy outomaties tien keer meer ontspanne voel as wat jy alreeds was.<br><br>Konsentreer nou veral op die gevoelens in jou tone en voete ... laat toe dat al die spiere en weefsel in jou tone en voete baie diep ontspan ... miskien kan jy selfs in jou verbeelding sien hoe dit sal lyk ... vir al daardie klein, klein spiere en weefsel om te ontspan ... om los en diep ontspanne te voel ... sien in jou verbeelding hoe jy ‘n |

paar stywe skoene wat jy vir ‘n lang dag aangehad het, uittrek ... en jy kan nou al die spanning in jou tone en voete laat gaan, en voel hoe die ontspanne gevoel versprei.

Pouse

En nou, verbeel jou dat hierdie ontspanne, gemaklike gevoel besig is om te versprei, en soos ‘n sagte warm rivier opvloei, deur jou enkels en deur jou kuite. Laat gaan al die spanning in jou kuite ... laat toe dat hulle diep en rustig en gemaklik ontspan. En nou hou daardie gemaklike gevoel aan ... vloei op ... in jou knieë, agter jou knieë, deur jou knieë tot in jou bobene ... laat gaan al die spanning in jou bobene, soos wat hulle diep, diep ontspan ... sink bewegingloos en gemaklik weg en ontspan.

Hierdie gemaklike gevoel vloei steeds op en versprei teen sy eie tempo ... na die middeldeel van jou lyf ... vloei na jou maag, deur jou heupe en na jou lae rug ... laat daardie heerlike, diep gemak versprei ... sentimeter vir sentimeter deur jou liggaam van spiergroep na spiergroep ... jou hele liggaam word diep ontspanne. Nou, hierdie ontspanne gevoel – hierdie rivier van warmte – gaan geleidelik aan, op deur jou bors ... in jou rug in ... tussen jou skouerblaaie en in jou skouers ... dieper ... dieper ... ontspanne. Elke spier teen jou rugstring af ontspan ... ontspan al hoe meer ... swaar en ontspanne ... Laat al die spanning toe om los te kom en weg te vloei, asof net om asem te haal jou meer gemaklik maak ... en jy word meer en meer ontspanne. En laat daardie gemak en ontspanning toe om na jou nek en keel te vloei ... verbeel jou miskien weer hoe dit lyk ... al daardie klein spiertjies in jou nek en keel, so diep ... sag ... gemaklik ontspan ... laat die gevoel van ontspanning diep in jou nek insink ... en geleidelik na jou kop vloei ... regoor jou kopvel asof dit jou kop met golwe ontspanning en gemak baai. Diep ... totaal ontspanne ... en hierdie gevoel van ontspanning kan nou binne-in jou kop en voorkop vloei en soos ‘n sagte golf oor jou gesig in jou oë, jou wange, jou mond en jou kakebeen ... Laat al die spanning in jou gesig gaan ... jou mond ... jou kakebeen ... om jou oë ... laat die spiere toe om los te word en slap en ontspanne te word ... heeltemal ontspanne.

En laat die gemak toe om terug te vloei deur jou nek, oor jou skouers, af in jou arms, jou hande ... jou vingers en jou vingerpunte ... laat gaan al die spanning ... laat gaan al die stres en spanning ... laat jou liggaam toe om te rus en totaal te ... ontspan. Hierdie is jou tyd en dit is ‘n baie spesiale tyd vir jou ... niemand wil iets hê nie ... niemand het iets nodig nie ... niemand verwag iets nie.

Jy is nou diep ontspanne ... jou gedagtes is baie sensitief en ontvanklik vir wat ek sê ... sodat alles wat ek daar laat ,‘n diep en volgehoue indruk daar sal laat, en niks kan dit uitwis nie ... hierdie suggesties en instruksies sal altyd vir jou eie voordeel wees.

Elke gevoel waarvan ek jou vertel ... sal jy ervaar. Jou senuwees sal elke dag

sterker en sterker word ... jou gedagtes kalmer en helderder ... meer agtermekaar ... meer gemoedelik. Dit sal vir jou makliker wees om nie oor alles bekommerd te voel nie ... jy gaan nie meer maklik bang of versigtig voel nie ... jy gaan nie so vinnig ontsteld raak nie.

Jy gaan in staat wees om helderder te dink ... om beter en makliker te konsentreer. Elke dag ... gaan jy emosioneel kalmer raak ... heeltemal ontspanne ... minder gespanne ... geestelik en fisies.

Jy gaan elke dag ‘n groter gevoel van persoonlike veiligheid en sekuriteit voel. Ek wil hê dat jy jouself nou moet verbeel dat jy buite voor ‘n baie hoë muur staan. Daar is ‘n groot houtdeur in die muur. Daar is ‘n groot handvatsel aan die deur ... en soos wat jy die handvatsel draai, gaan die deur gemaklik oop voor jou en jy loop in die lieflikste tuin in wat jy nog ooit gesien het.

Hierdie is jou spesiale plek. Trek uit jou skoene en loop kaalvoet oor die gras ... sien die blomme ... die wonderlike kleure ... ruik die heerlike geur van die blomme ... die gras en die bome ... sien die bruin en groen van die bome ... sien die blare wat saggies in die sagte wind waai ... die voëls sing melodieus in die bome ... Kry nou vir jou ‘n plekkie waar jy kan gaan lê. Rus jou kop terug en kyk vir die helder blou hemel ... waar die son saggies skyn en waar alles in jou wêreld goed gaan ... en soos wat jy opkyk na die hemel, sien jy een wit wollerige wolk ... hierdie is jou wolk ... jou spesiale wolk ... en soos wat jy gelukkig en op jou gemak na hierdie wolk kyk, sien jy hoe dit stadig na jou toe afsweef totdat jy uiteindelik binne-in hierdie sagte wolkie lê. Die wolk masseer jou liggaam saggies ... met ‘n sagte energie, en jy voel kalm, veilig en tevrede. Jy kan die liefdevolle energie voel wat jou hele liggaam masseer ... nou kan jy voel hoe die liefdevolle energie binne in jou lyf ingaan ... in deur jou sweetgaaitjies ... vloei deur jou liggaam en stoot alle spanning ... depressie en angs uit ... stoot dit uit deur jou vingerpunte en tone ... al daardie slegte gevoelens word uitgestoot ... alle negatiwiteit word uitgestoot en jy voel kalm, ontspanne ... niemand wil iets van jou hê nie, niemand het iets van jou nodig nie ... jy is kalm ... veilig, want die wolk het ‘n beskermende skild om jou liggaam gesit. Dit beskerm jou heeltemal teen die wêreld ... dit is ‘n onsigbare skild om jou liggaam en dit sal daar bly.

Jy kan voel hoe jou liggaam kielie met pure gesonde energie ... jy kan die wonderlike skoon vars lug geniet. So, neem ‘n diep asemteug en soos wat jy uitblaas, ontspan jy dieper en dieper. Jy ontspan dieper en dieper en soos wat jy aanhou ontspan, voel jy jouself ... ontspanne met jou gevoelens ... en sou enige druk wat jy nie wil hê nie na jou kant toe kom ... onthou jy word omring deur ‘n onsigbare skild van die wolk ... wat jou sal beskerm teen druk ... die skild sal jou beskerm. Druk sal van jou afspring, maak nie saak van waar dit kom of wie dit stuur nie. Af en weg ... jy word beskerm teen spanning en angs.

Jy sal nou ontspanne deur jou dae gaan ... jy sal voel hoe die spanning van jou afspring en wegskiet ... hoe meer stres buite is, hoe kalmer voel jy aan die

binnekant.[1] Jy is 'n kalm mens en jy word beskerm teen stres ... jy tree op maniere op wat jou laat goed voel ... jy het nou nuwe, kalm reaksies op ou situasies... hierdie nuwe reaksies sal jou laat sterk voel ... kalm en vry ... jy sal goed voel oor jouself, want jy het nuwe kalm reaksies wat jou dae vry van stres maak. Jy is kalm ... en tevrede. Voel hoe jy ontspan noudat jy in beheer is van jou keuses. Jy het die keuse om gestres, gespanne of maklik kwaad te wees ... jy het ook die keuse om kalm ... ontspanne en gemaklik in jou omgewing te wees ... en jy kies nou om die lewe op 'n kalm, ontspanne manier te benader en om gemaklik met die lewe se *ups* en *downs* te vloei.

Die spanning kan by die skool of by die huis opbou, maar jy bly kalm en ontspanne ... jy haal maklik asem en jou maag is kalm ... van nou af maak jy die keuse om te ontspan in enige situasie. Jy sal voel hoe jy gemaklik in- en uit asemhaal ... Nou, laat hierdie nuwe keuse vir kalmte en vrede deur elke sel van jou liggaam vloei.

Jy voel nou baie goed ... jy kan 'n innerlike stilte voel wat nie voorheen daar was nie. 'n Innerlike vrede ... en dit voel goed ... al daardie spanning ... al daardie angs ... gelig ... weg van jou af ... jy word gelaat met vrede ... en dit voel goed ....so baie, baie goed. En hierdie vrede wat jy nou voel, gaan by jou bly en sterker en sterker word ... dit is iets waarvan jy baie bewus gaan wees ... jy voel die vrede nou ... en jy sal voel hoe dit sterker en sterker word soos wat elke dag verbygaan ... en die sterkte van daardie vrede ... gaan aan jou die sterkte gee om met enigiets wat in jou lewe gebeur, te *cope* ... jy sal in staat wees om daarmee te deel ... want daardie vrede ... daardie perfekte vrede wat jy voel, gaan in jou bly en sterker en sterker word soos wat elke dag verbygaan.

Terwyl jy na my stem luister, wil ek hê dat jy al hierdie vrede, rustigheid en goeie gevoelens saam met jou moet bring.

Ek gaan tel van tien tot by een, en wanneer ek "Een" sê, gaan jy jou oë stadig oopmaak.
Tien, nege, agt, sewe, ses, vyf, vier, drie twee en een. Terug hier, terug nou! Maak oop jou oë.

[1] Allen (2004:38)

# Bylae D



University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# BYLAE E

Terapie 2: Transkripsie en kategorieë

# TERAPIE SESSIE 2

## 19 Januarie 2006

T: OK, so hierdie is jou ligbal wat jy vir my geteken het. Wat het jy alles in jou ligbal gesit?

K: Haat, vloek, slaan kaste, humeur, word vinnig kwaad.

T: So di's al die klippe wat jou liggie dof maak, nê?

K: Knik met kop.

T: As jy vir my sê haat, beskryf dit vir my. Wat beteken dit?

K: OK haat. Di's my pa en hy hou nie van my nie. Ons is regtig waar, kom nie goed oor die weg nie. Ons háát eintlik mekaar met ander woorde en hy't toe hy met my ma getroud is, het hy my altyd afgeskeep en gesê hy't 'n gly in my gekry. Hy haat my. Hy't gewens ek wil doodgaan en goeters, so di's hoekom ek hom ook nou begin haat, want hy, hy's teenoorverdig *something* het hy teen my . Hy trek ander voor. OK, dit pla my nie, maar eintlik doen dit my, want dit voel of ek weggetrek word en dae kom wat ek en hy mekaar – 'n gly in mekaar gekry het – eintlik 'n haat in mekaar gekry het. Hy't baie vir my, baie gevloek, geskel en ek het hom teruggevloek en geskel, en di's hoekom ons kan nie goed oor die weg kom met mekaar nie. Nou die dag toe hy my met die vuis wou slaan, het hy gesê hy gaan my doodmaak, ek moet solank kamer toe gaan. Di's hoekom ek in die brief geskryf het, in my drome het dit waar geword, ek gaan doodgemaak word, want my pa't dit gesê. Di's beter dat ons uitmekaar se pad bly, want volgende keer slaan hy my kop teen die muur vas.

T: Het hy so gesê of is dit wat jy dink?

K: Nee, hy't so gesê. Hy't gesê hy slaan my kop teen die múúr vas volgende keer as ek net naby hom kom. So as hy in die gang loop skuif ek as ek sien daar kom hy in die gang in afgeloop, skuif ek in my sussie se kamer in, dan sit ek daar vir 'n rukkie totdat hy nou kamer toe is, want hy maak nou eers *highfy* skoon en goeters, dan gaan ek eers na my ma toe. Di's hoekom hy en ek, ons paaie loop so. Hy eenkant

Aggressie

Interpersoonlike Verhoudings-probleme

Emosie

Emosie

Uiting van patologie

Emosie

Emosie

Aggressie

Interpersoonlike verhoudings-probleme

Uiting van patologie

Aggressie

Aggressie

Interpersoonlike Verhoudings-probleme

en ek eenkant. Di's maar liewerste beter.

T: OK. Nou het jy hier in nog humeur en slaan.

K: Ja, ek het baie humeur. Ek het 'n lelike humeur aan my, wat almal sê. My tannie ook. Hulle sê ek kan so mooi dogtertjie wees, maar iets is binne my wat vir my al daai goete, dinge sê. Laas keer was daar 'n duiwel binne my gewees. My oë was swart binne. Ek was nogal groot gewees. En ons het 'n *movie* nou van ook 'n meisiekind wat – sy was in Chrisnis en toe, hoe sy eendag, toe wil sy 'n onderwyser word en toe gaan leer sy vir 'n onderwyser. Toe't sy iets geruik wat brand, en dit, my ma sê dit was ek ook. Toe loop sy in die gang. Di's amper soos 'n koshuis waarin hulle geslaap het. Toe loop sy in die gang in af, toe sien sy die deur gaan oop toe, oop toe, maar hy't hard geslaan. Toe sê my ma di's soos ek. En haar oë het ... later het sy gegaan lê, toe sien sy haar glasie met al haar penne en goeters in draai so in die rondte, maar sy kan sien hoe draai hy en toe val hy. Dit was drie uur. My ma sê my oë word presies dieselfde. Ek het ook amper gekyk of die, my vuis het so getrek, soos hare, ek het so stokstyf gelê in die bed. Ek het selfs skuins getrek, maar ek het dit nooit vir my ma vertel nie. Ek het ook, ek het gevoel of ek ook so inmekaar in trek.

Aggressie

Buitesintuiglike Vermoëns

Buitesintuiglike Vermoëns

T: Wanneer was dit Lala?

K: Di's ek en my pa 'n uitval gehad het.

T: Was dit nou soos in twee weke terug, of was dit in die vakansie?

K: Ja. Dit was in die vakansie en twee weke terug. Toe voel ek my vuis begin so styf word maar ek kan nie, ek probeer om my duime reg te druk, maar ek kan nie. Die duiwelse krag was weer in my gewees en my ma't gesê ek kan myself doodmaak, ek kan 'n vuis, my eie vuis vat en ek kan hom dalk in my maag inslaan, dan kan ek self dood wees, want die duiwel se krag is sterk. Ek het nooit vir my ma vertel dat ek, as daar 'n uitval is tussen my en my pa, dan voel ek my vuis. Ek kan nie my vuis reguit maak nie, maar my een hand kan ek, maar my regterhand, die regterhand is mos van God. Ek kan hom nie reguiter maak nie. Eers 'n rukkie as ek die Bybel oopmaak, dan voel ek my vuis is reg.

Buitesintuiglike Vermoëns

Hulpbron

T: Hoekom sê jy die regterhand is van God?

K: Want die tannie het vir my gesê die regterhand is van God en die linkerhand is ek weet nie. Sy het gesê die regterhand is.. Toe ek my vuis ook teen die deur geslaan het, die regterhand pla haar baie. Toe sê sy vir my

Aggressie

T: Watter tannie is dit?

K: Tannie Tersia. Die tannie waar ek altyd heen gegaan het. Sy het gesê die regterhand van my pla haar, dit pla haar baie, want hy was kort-kort hier in my regterhand, en ek skryf ook met my regterhand. Di's hoekom sy sê dit is die duiwel se krag. Hy wil nie hê dat ek met my regterhand moet baklei nie.

Buitesintuiglike Vermoëns

T: Glo jy dit?

K: Nee, eintlik glo ek dit nie, want dit is eintlik ... Sy sê dat spook daar by haar en goeters en di's hoekom

T: Nou wie's tannie Tersia? Is sy van julle bure?

K: Ja sy is, maar sy bly nie in ons straat nie. My ma het altyd daarnatoe ook gegaan as my pa op haar nou gegil het as ek en my pa 'n uitval gehad het en dan gil ons baie en sy gil terug, dan voel sy di's haar skuld nou. Maar dit was eintlik my skuld gewees nou. My pa is eerste misluk met my, dan is ek terug misluk met hom. Ek groet hom nie, ons bly uit mekaar se pad uit. Drie weke terug het ek vir hom gesê: "Hallo pappa, hoe was pappa se dag verder?" Toe sê hy: "Nee niks, niks met jou nie" Hy het my net *flat* ignoreer. Toe sê ek vir my ma ek gaan hom nie weer groet nie, want hy groet my nie. En ek word ... kyk as niemand my teruggroet nie, ag ek gee nie om nie, maar ek voel regtig as ek vir iemand hallo sê moet hy, moet iemand vir my ook hallo sê. Soos my maatjies by die skool, JJ *offcource*, hardloop na my toe, ons gee vir mekaar drukkies – goeie vriende – maar my pa, ek hou niks van hom nie en hy hou niks van my nie. Ons het niks vir mekaar te sê nie, so

Aggressie

Interpersoonlike Verhoudings-Probleme

Interpersoonlike Verhoudings-Probleme

Interpersoonlike Verhoudings-probleme

T: Was daar ooit 'n tyd wat dit goed gegaan het tussen julle?

K: Ja, daar was 'n rukkie wees, toe was al die duiwels uit my huis en dit was baba-olie wat my... Daai tannie het water gegooi en alles het so bo gedryf, toe sê sy: "Kyk alles wat uit jou uitgekom het". My ma het gesê sy het so hoendervleis

gekry en

T: Watter tannie is dit? Weer tannie Tersia?

K: Ja. My ma het so hoendervleis gekry want die duiwel wou haar ook aangevat het en vir tannie Tersia, toe sê sy iets van: "Die engel van God sal uitkom en die satan wegjaag", maar sy het ander woorde ook gebruik. Ek sal vir tannie daai *movie* bring dat tannie hom, di's eintlik 'n DVD, lat tannie hom gaan kyk. Sy sê my oë was presies, presies dieselfde gewees. Nou my ma sê sy kon nog bietjie die blou gesien het, maar di's min wat jy kon blou sien. Dit was so half rondom, so klein stukkie omtrent wat hulle kon gesien het, wat my ma die blou gesien het. Maar my oë was regtig, sy het gesê dit was regtig baie erg. Sy het gesê dit was nie my skuld nie. Die tannie het ook so gesê. → Buitesintuiglike Vermoëns

T: So, as jy dink dat tannie Tersia dan nou die duiwels uitgedryf het, dan het sy nou nie geslaag nie, want jy word nog steeds kwaad?

K: Ja, maar, die duiwel probeer my nog steeds aanval, want ek voel dit. → Buitesintuiglike Vermoëns

T: Nou hoekom dink jy doen hy dit?

K: Want gewoonlik as ek selfs alleen is, sê hy vir my ... Sê nou ek word kwaad vir my sussies en goeters dan sê hy vir my: "Slat jou vuis teen die muur. Slat! Slat!" Ek kan dit hoor en ek sien geeste ook. Sondag het ek weer een gesien. Sy sit op die bank, maar ietsie is hier deur haar nek. Dit lyk of haar nek gesny is met 'n mes. Toe sê ek vir my ma: "Sy sit op die bank". Toe sê my ma: "Wie?" Toe sê ek: "Sy sit op die bank". Ek voel in 'n toestand as dit gebeur en toe sê ek: "Sy sit op die bank! Sy sit op die bank!" My ma sê: "Moenie vir haar kyk nie. Moenie vir haar kyk nie". Ewe skielik, ek draai net weg en ek bid vir die Here: "Here help my". Toe ek weer kyk toe's sy weg. Die duiwel probeer my in 'n ander kwessie van tyd wil hy my na sy kant toe sleep. My ma het gesê die duiwel gaan so probeer dat hy my eendag kan wegvat van die familie af, heeltemal wegstoot dat ek ook soos die meisiekind word op TV, maar, en ek bid elke aand vir die Here. Ek slaap nou by my sussie want ek's nou bang. Ek's regtig bang, want ek hoor geluide en goeters en een aand, ek moet eers mooi dink, een aand toe staan ek op, toe gaan ek badkamer toe. My kamerlig brand nou en ek gaan nou → Aggressie → Buitesintuiglike Vermoëns → Hulpbron → Emosie

kombuis toe ook en ek is nou dors, my keel brand van dorsgeit. Toe gaan ek terug. Voor ek my lig kon afsit, toe blaas my lig en so tien minute later kon ek weer my lig aansit. Ek weet nie wat het daar aangegaan nie. Toe sit ek my lig aan en ewe skielik ek hoor iets. My ma het gesê sy het een Vrydag, dit was laas Vrydag, toe hoor sy die kas, die kombuiskas van ons gaan oop en grou in die sakke rond, dan gaan dit weer toe. Oop, toe, oop toe. My ma't so bang gevoel dat sy die, al die Bybels in die huis, gaan oopmaak het. Ons het omtrent dertig duisend Bybels in die huis. Sy maak al die Bybels oop wat in die huis was en toe hoor sy dit gaan weg en toe hoor sy nou weer iemand huil in die huis.

Buitesintuiglike Vermoëns

Emosie

Buitesintuiglike Vermoëns

T: So, sien jou ma ook goed?

K: Ja, sy hoor goed maar sy sien dit nie. Soos ek kan hulle sien en ek kan hulle hoor. Soos nou die dag toe praat 'n gees met my. Ek was, ek het my ore toegedruk. Ek het gesê: "Ek glo nie aan jou nie, ek glo nie aan jou nie. Ek glo aan die Here". Maar, dit voel of hulle my vasdruk, omtrent vasdruk, in 'n hoekie of iets. Nou die aand toe was daar

Buitesintuiglike Vermoëns

T: Wat het hy vir jou gesê? (Sy't nooit genoem waaroor die geeste met haar wil praat nie)

K: Hy't vir my gesê: "Lala kom, kom saam my kom, kom" en ek het net vir hom 'n rukkie, 'n rukkie na hom geluister, toe sê hy vir my: "Kom, ek wil jou iets gaan wys, kom!" Dit was ook die een wat ek gesien het met die sny in die nek, iets in die nek en ewe skielik, ek het net gesê: "Los my uit! Los my uit! In die Naam van die Here Jesus Christus, los my uit!" Maar toe wou sy nie weggaan nie. Toe sê ek weer: "In die Naam van die Here Jesus Christus, help my dat ek in hierdie toestand haar kan wegkry en U kan my beskerm". Toe ek dit die derde keer sê toe verdwyn sy. Sy gaan nie vir die eerste keer weg nie, maar di's altyd wat ek haar sien, of ek sien 'n klein dogtertjie wat se oë uit is. Of ek sien 'n man, maar di's regtig, di's *weird*. Dit voel of hulle my in die aande ... Kyk in die aande, ek slaap in 'n donker kamer, nogal 'n lekker donker kamer, maar die ligte, die straatligte skyn, dan's daar net een, twee ligte wat deurskyn, die ander het geblaas en nou't ek 'n lampie hier by my. Ek sit die lampie aan. Gewoonlik as ek iets dalk sien, sit ek dadelik die lampie aan, dan haal ek vinnig asem, my hart klop soos in vinnig. En ek kan nie slaap in daai kamer nie en die ander kamers ... OK ek slaap nou by my sussie wat nie 'n TV het nie. Die TV trek my aandag

Buitesintuiglike Vermoëns

Hulpbron

Buitesintuiglike Vermoëns

Buitesintuiglike vermoëns

| | | |
|---|---|---|
| | regtig, ek kan nie slaap nie. En ek was vanoggend baie moeg gewees toe sê my ma ek moenie meer daar slaap nie. Ek weet nie, ek het nie vir my ma gesê ek kan nie. Ek sal vanaand weer probeer om in my kamer te slaap maar as ek iets dadelik hoor, dan gaan ek terug na my sussie se kamer toe. Di's net dinge wat my aanval, my en my ma. My ma hoor goeters wat sy nie moet hoor nie en sy hoor di's regtig wreed, in die huis spook dit. My ander suster sê ook dit spook in die huis, maar hulle sien nie, hulle hoor nie en hulle voel ook nie. Di's net ek en my ma wat daai drie goed voel en hoor. | Buitesintuiglike vermoëns |
| T: | Nou, hoe oud was jy toe dit begin het? | |
| K: | Ek dink dit was twaalf jaar ook gewees. | |
| T: | Is dit twee jaar terug? Hoe oud is jy nou? | |
| K: | Veertien. | |
| T: | So dit het twee jaar terug eers begin? | |
| K: | Ja, en 'n week later het dit ook bietjie, stadig vir stadig het dit begin wegraak, dit het al hoe dowwer en dowwer geraak, want die duiwel het gesien ek gaan nie natuurlik na hom toe nie. Noudat ek ouer word, di's die Here se kant en die duiwel se kant. Die Here begin my beskerm, en die duiwel wil dit nie hê nie. Die duiwel probeer my wegtrek van God af. My Bybel is permanent oop, ek lees lekker, ek ... partymaal as ek goed nie verstaan nie, hardloop ek na my ma toe: "Mammie wat beteken dit?" Dan verduidelik my ma my, of ek gaan na my oupa toe. | Hulpbron |
| | Laas keer het ek my hande gelig vir my ma, en dit is waar dit ook begin het. | Aggressie |
| T: | Wanneer? Laas jaar? | |
| K: | Ja, laas jaar. Ek dink April, het dit begin dat ek my hande vir my ouers lig. Dit het ek ... dit het in my probeer ... probleme gee dat ek hulle kan hoor. Eers kon ek hulle regtig waar nie hoor nie, ek het net hulle gesien. Maar toe ek my hande vir my ouers lig, toe begin ek hulle te hoor. Mens kan hoor hoe sê hulle: "Lala, di's reg wat jy gedoen het". En as ek sê nou *Passions* kyk. *Passions* is nogal *cool* vir my en di's nogal 'n hartseer storie. Dit begin my ook te bekommer want ek kyk nie nou veel *Passions* nie want hulle's ook ... hulle gebruik | Aggressie<br><br>Buitesintuiglike vermoëns |

ook die Here se krag en goeters want daar's 'n meisiekind wat ... sy was, sy was soos 'n duiwel in jou gehad met ander woorde, het krag gehad, en toe't ek opgehou begin kyk, want di's duiwels en een aand toe kyk ek weer en toe sit hulle op. Toe wys hulle weer terug op die myngat. Hulle het in 'n myngat ingeval en Shirley of iemand was soos 'n duiwel gewees. Haar oë was pikgietswart. Toe laat dit my terugdink aan ek, want my gesig was toe met my hare gewees. Ek het my hare los gedra. My gesig was heeltemal toe met my hare. Mens kon net die helfte van my oë sien en hierdie tannie het gesê ek is toe voor die Here. Toe vra ek vir haar: "Hoekom? Jy weet niks!" Ek dink ek was ongeskik, toe sê ek vir haar: "Die Here se ... die Here se krag kan my nie help nie." Dit was die duiwel wat vir my gepraat het. En eendag, lank terug, ek dink dit was by my tannie, het ook 'n bietjie geswem en dit was OK gewees. Toe gaan ek daai dag huis toe, toe sien ek my pa's kwaad vir my. Later het ek gesê: "Ek is moeg vir dit, nou gaan ek terugbaklei." Toe baklei ek terug. Ek het terug en terug en terug baklei. Dit het, dit het my hart eintlik regtig seergemaak, want ek is regtig lief vir my pa. Ek wil nie met hom baklei nie. Maar di's nie ek nie. Di's die duiwel, en die duiwel probeer al hoe sterker my terug te kry na hom toe, want hy het my een keer probeer kry. Ek is so lief vir my familie, ek wil hulle nie nou verloor nie. Maar, die dinge wat ek sê, die dinge wat ek doen

T: Wanneer het jy so uitgehaak?

K: Dit was laas week in Vrydag ek dink.

T: As jy nou sê die duiwel het jou een keer probeer kry, wanneer was dit?

K: Dit was in die vakansie gewees, laas jaar in die vakansie, ek dink. Desember het hy my pro... het hy my gekry, want ek was regtig, ek was lelik gewees. Ek was, ek het 'n houding gehad op almal. Ons het mos 'n *pink lady* opgemaak vir *founder's keepers*, en die duiwel, die duiwel het in my gewerk daai dag. Ek het begin rook, bier gedrink. Ek het regtig, ek het uitgehaak. Ek het regtig vir my pa lelik gesê. Ek het vir hom gesê jy en jou: "Gaan terug tannie Rina toe. Los my ma uit. Vat jou goed en efof". Ek het dit vir hom gesê. Di's toe my ma sê dit was nie ek nie.

Aggressie

Aggressie

Berou

Berou

Aggressie

Aggressie

=T: As dit gebeur, en jy praat so kan jy 'n paar uur later of die volgende dag onthou daarvan?

K: Nee, my sussie sê: "Onthou jy hoe't jy vir pappa gevloek?" Dan sê ek vir haar: "Ag nee man ek het hom nie gevloek nie". As my ma ook sê: "Lala kom hierso. Onthou jy toe jy mamma daai dag gevloek het?" "Nee, wanneer was dit? Ek kan nie ... as ek die Bybel oopmaak, dan kan ek niks onthou nie. Dan vra ek vir almal: "Hoekom is pappa kwaad vir my? Hoekom is mamma kwaad vir my? Hoekom is julle kwaad vir my?" Dan voel ek .. ek het.. wat het ek verkeerd gedoen? Di's hoekom hulle sê die duiwel het in my gewerk. Die duiwel werk nog altyd in my. Hy probeer my eenkant kry, wat ... sy kant. En dit pla my verskriklik, dit maak my eintlik baie kwaad as niemand vir my kan sê wat het ek verkeerd gedoen nie, want ek wil ook hoor wat het ek verkeerd gedoen. En, eendag, my ma sê vir my: "Lala kom sit hierso. Onthou jy daai dag toe jy vir pappa gevloek het?" Ek sê: "Wanneer was dit?" Sy sê: "So twee weke terug. Jy moet nou jammer gaan sê". OK, ek gaan sê jammer en goeters. Hy gee my nie 'n drukkie terug nie. Hy sê nie jammer terug nie. Toe dink ek nou: "Nee wag ... nou gaan ek met my ma praat, wat het ek alles aan hom gedoen?". Toe vertel my ma my, toe sê ek: "Ek kan dit regtig nie onthou nie". Toe begin ek ... ek het uit trane gebars. OK ek gaan kerk toe alles, maar: "As ek kerk toe gaan voel jy lekker, jy word skoon binne. Ek het gisteroggend, gisteroggend het ek gestaan in die kerk, want ek het al my probleme opgestuur na die Here. Toe ek uit die kerk uitstap, toe kry ek ewe skielik hierdie rukkings. Dit voel of iemand dwarsdeur my hardloop, maar dit... ek loop voor karre in. My ma't my amper uit die pad uitgeruk, toe sê sy: "Wat's fout met jou?". Toe sê ek: "Ek weet nie. Di's die duiwel". Di's die duiwel en hoe meer ek 'n humeur het en vloek en skel en ... hoe lekkerder kry hy. Maar my ma't gesê ek gaan hulp kry. Tannie Patty werk daaraan, ek moet nog in hierdie week gaan vir bloedtoetse. Maar die ding is, ek kan nie gaan nie. My ouma-hulle is te vas. Dit is vergaderings, dit is Goue Blare. My oupa ... hy weet nie ... di's nog die semis ook wat hulle moet regmaak dat daar mense intrek. My oupa het gesê, my ma het gesê ek gaan die oggend skool toe en dan kom haal hulle my so tien uur elf uur, dan reël hulle daai dag ... hoe vinniger hulle my kom haal, hoe vinniger kan hulle die probleem kry. Maar, hulle gaan nie 'n probleem kry in my bloed nie, hulle gaan nie. Ek gaan ek ga ... ek moet die woord van God hê. Dit is wat tannie Patty oppad is

Patologie

Aggressie

Patologie

Interpersoonlike Verhoudings-Probleme

Patologie

Emosie

Buitesintuiglike Vermoëns

Aggressie

om vir my te doen. Maar

T: Wat presies gaan tannie Patty doen?

K: Sy gaan met tannie Lenie praat, dit was, dit is, toe ek klein was was ek baie lief vir haar. Sy't ... ek was ook so soos ek nou is. Ek het van geen mansmens gehou nie, geen. My lewe was nie lekker nie, ek het altyd, ek het altyd probeer my polse sny, altyd. En ek, en nou die dag toe vat ek weer 'n mes. Gelukkig het my sussie my gekeer want die mes, mens kon sien hoe druk ek my vel, en my sussie gryp die mes en sy sê: "Wat doen sy .. jy?" en ek loop net en ek loop net en ek gaan maak my Bybel oop. Na 'n rukkie toe kom sy na my toe, toe vra sy my: "Hoekom sny jy jou polse?" "Ek weet nie." Toe gaan sy, toe gaan vertel sy my ma. Toe sê my ma: "Hier kom ons alweer, hier kom ons alweer" en hoe meer ek terug wil gaan na die Here, hoe trek die duiwel my weg. Die duiwel trek my weg. Di's, dit voel of, dit voel of jy heeltemal weg is van jou familie af.

Patologie

Emosie

T: So dink jy jy het nie 'n keuse daarin nie?

K: Partymaal het ek nie. Partymaal gaan ek net. Hy wil my vat en die Here werk so hard met my. En in die aande kry ek drome van, weer van die meisiekind, en ek is saam haar in die ding in, ek probeer saam mense doodmaak. Di's hoekom ek in die brief geskryf het, ek, ek gaan doodgaan, want dit gaan, dit gaan laat veroorsaak dat ek doodgaan. Die duiwel gaan my so vat, dat ek seerkry. Ek gaan nie meer skool toe kan kom nie, ek gaan siek wees. Dit wat in my drome is. Ek gaan siek wees. Ek gaan .... ek gaan in 'n hophuis, of 'n malhuis of daar wees. Ek gaan my ..... vingers breek .. ek het nog sovêr my vuis teen die muur slaan, my vingers omdraai en my naels kou. Ek gaan dit kou totdat dit bloei. My vel bloei ....... dit wat ek in my drome het. Dit is ..... ek kan nie

Patologie

En gister toe sny ek my raak met 'n mes. Ek het die mes, ek het die mes so gevat. Toe sny ek my, toe toe gaan die velle en toe sê ek net: "Here, asseblief, help my" Ewe skielik en toe voel ek net, ek het so begin koud kry, so koue rillings. Toe gaan staan ek 'n rukkie in die son en toe voel ek nie .... ek kry nou regtig, ek kry nou regtig baie koud en toe gaan trek ek 'n baadjie aan vir 'n rukkie toe voel ek ek kry nou weer warm. Ek het 'n jean aangehad en 'n klein toppetjie met dun *strappies* en toe loop ons nou Spar toe. Toe's ek nou baie stil, so nou en dan met my ma gepraat want sy ... daai outjie,

daai outjie ..... een outjie by die skool wag vir die outjie wat my ma geslaan het. Ek weet nie ... wat's sy naam nie, ek het vergeet toe my ma gister ... Toe sê ek vir my ma: "Di's die outjie wat my laas keer in my maag geslaan het". Toe sê my ma: "Ja, daai outjie het haar gegooi met 'n kondoom vol water". My pa het toe na hulle toe gestap. Maar die outjie is baie vuil. Mens kan sien dis lae klas, ek wil dit nou nie, ek wil dit nou nie anderste sê nie, met ander woorde, hulle is vuil. Hulle koppe jeuk alewig. Hulle moet alewig krap. Hulle lok seuns en hulle doen dit met seuns en toe sê my ma dankie tog ek is nie so grootgemaak nie. Want ek sal, ek sal uit die huis uit gegaan het. Ek sal my goed gepak het en geloop het. Ek sal dit gedoen het want daai dag toe ek en my pa 'n uitval gehad het, toe't hy my ook in my gesig geklap en op my kop en .... hy't my amper ook, hy't amper ook doodgemaak. Hy't my rondgegooi met ander woorde. Toe sê hy ek moet my klere pak, ek moet vanaand nog uit die huis uit gaan. Toe sê ek: "Fine, ek sal dit doen. Ek sal vir my ander blyplek gaan kry, maar sê my net een ding, julle gaan nie my soek nie". Toe sê hy: "Nee, hoekom sal ek nou, hoekom sal ek jou nou gaan soek?" Hy't dit reguit voor my gesig gesê: "Ek's 'n lae klas". Toe sê ek vir hom: "Ek is nie. Ek is nie soos Hannetjie nie". Sy suster. Sy suster het hom, het ons belowe voor ons klaar is met skool gaan ons *prams* stoot en ek het vir haar gesê ek sal haar nie haar sin gee nie. Sy't daai dag toe my pa sy arm deur die venster gedruk het, vir my ... want... nou meisiekind se *boyfriend*, ons was nou saam op kamp gewees, 'n Christelike kamp. Ons het geswem en alles. Hy het van my gehou en ek het van hom gehou. Naderhand het ons begin met mekaar te .... flirt met ander woorde. Hy't my vasgehou en eendag toe sê ek vir hom: "Dit kan nie meer nie. Ek gaan nou huis toe, ek is jammer ons kan nie meer nie en as Sherene gaan uitvind". OK, hy't langs my gesit en my vasgehou en ek het hom vasgehou. Toe ons stop by die kerk het hulle ... waar die huis is ... toe laai ons nou alles af, toe gryp hy my toe soen hy my. Toe sê ek vir hom: "Nee". Toe gaan Muis, een van die meisiekinders, ons noem haar Muis, want haar regte naam ek dink is Muis of Manny of ek weet nie. Toe gaan hulle na Angelique se ma toe, toe kom hulle hier na my toe. Toe sê hulle vir my: "Ja, ja, maar jou kinders is dit en dit en Andries dit". Andries het my kalm gehou en goeters, en toe sê ek vir hom eendag: "Ons kan nie meer nie". Toe sê hy: "Hoekom?" Toe sê ek vir hom: "Want hier's probleme. My pa gaan my ... ek weet nie". Toe naderhand toe wil hy nou mooi *shine* vang toe sê hy: "Jy's my *girlfriend*". Toe sê ek: "Ja, OK *whatever*". Ek het vir hom reguit gesê:

| |
|---|
| Aggressie |
| Patologie |
| Aggressie |
| Patologie |
| Interpersoonlike Verhoudings-Probleme |
| Aggressie |
| Aggressie |

"Ja, OK, whatever". Toe gaan ek buitetoe, toe klim ek op my fiets toe ry ek vir 'n rukkie rond toe kom Andries weer by my toe sê hy ons kan skelm uitgaan. Toe sê ek vir hom: "Di's 'n goeie idee" dat my pa nie weet nie. My ma het geweet en eendag toe kom hy daar aan, maar Andries is elke week 5 uur ... hy kom 5 uur van die werk af en dan bly hy tot 6 uur daar by my want hy mis my en goeters toe sê hy. Toe kom hy eendag na my toe toe sê hy di's verby, toe huil ek verskriklik. Ek het, my ma't gesê: "Eintlik is hy nie die moeite werd vir my nie" en di's waar ek en my pa begin het. Dit was met die een-en-twintigjarige ou. Maar ek was 13, 12 daar rond gewees. Toe't hy eendag vir my gesê: "Di's verby, di's oor, ek gaan terug na Angelique toe". Want hy't geweet hy gaan my nie in die bed kry nie. Hy't vir my 'n verloofring gekoop, toe sê ek: "Nee, ek is nog te jonk om verloof te raak" want hy wou dit, hy wou dit gedoen het. Toe sê ek vir hom eendag: "Nee ons kan nie, ek is nog 'n kind. Ek wil my lewe voorkyk, ek wil nie nou, ek wil nie my s.. my pa se suster, Hannetjie, se sin vir haar gee nie". Toe sê hy: " O OK is dit, is dit hoe jy wil wees, dan fine"Toe maak hy dat ek en my pa begin uitvalle kry. Hy't al gesien hoe soen ons en ... hy sou my een aand uitgevat het, toe sê ek vir hom ook: Nee". Di's waar die probleme al ook begin het, is met die een-en-twintigjarige jare ou. En dis hoekom ons kan nie, ek kan nie, ek kan nie my pa ... Hy sê my al so sleg by ander mense. My familie wil my nie eers kom vat om te gaan kuier nie. Ek dink ek was voor die ding was ek vir die naweek by my tannie gewees, by tannie Rita. Ek was nie by haar gewees in die huis nie, maar ons het een aand, een dag het ons die stokvel gaan haal by haar. Toe sê sy ja, ek moet bietjie kom kuier vir haar en ... die seuns mis my en ek is amper soos 'n tomboy. Ek is lief vir seuns. Ek hou daarvan om met hulle te speel, maar as ek seerkry is dit my saak, want ek speel mos ook rof. Eendag toe speel ons in die swembad hierdie *bullfighters*. Dit was nogal *cool* gewees ... hier op die nek sit en dan, dan gaan een onder water dan gaan jy ook onder water dan klim jy van sy nek af, dan tel jy hom weer op. Maar my niggies, my nefies is nogal baie swaar, dan tel ek hulle op, dan *fight* hulle, maar ons *fight* in die vlakkant, want in die diepkant kan jy nie eintlik nie, maar ons *fight* nou weg van die kante af. Nou *fight* ons en goeters, maar dit was nogal, dit was lekker gewees en nader... naderhand het ek vir hulle gesê: "Kom ons speel 'n ander *game*" Toe sê hulle: "Nee". OK toe gaan ek huis toe. Di's waar ook die probleme begin het. Ek mag nie eintlik by seuns gaan swem nie. Di's hoekom my pa het 'n gly in my gekry. Hy *like* nie hoe ek is nie. Hy wil hê ek

Interpersoonlike Verhoudings-Probleme

Uitdrukking van patologie

Interpersoonlike verhoudings-probleme

Interpersoonlike verhoudings-probleme

moet 'n mooi sagte meisie wees, maar ek is so gebore. So ek, voordat ek uit my ma se maag gekom het toe sê hulle ek is 'n seun. My ma het alles blou klere gaan koop per ongeluk, en toe ek daar uitkom toe sê hulle: "Mevrou jy't 'n dogtertjie. " My ma sê sy't my reg gebid eintlik.

Ek het so gelag daai dag toe my ma my dit sê. Hoe wild was ek, maar ek was mal oor my pa gewees, my regte pa. Voor die deur gesit en gehuil en ek het blou klere aanghad, almal het gesê ek's 'n seuntjie, maar ek het altyd gelag. Ek lag oor simpel dinge partymaal.

Ons het baie DVD's. Ek hou daarvan om DVD te kyk, maar ek doen eers my huiswerk klaar. Gistermiddag, toe was ek nie seker oor die huiswerk wat ons moet doen by wiskunde nie. Ons sou nou die tweede periode by wiskunde gewees het, gelukkig is ek nou nie daar nie, want em. Ek het alles in potlood gedoen, want Valentyns is om die draai en Marinda, ek en sy noem mekaar sussies. Ek en sy is nog steeds bymekaar. Soos, ons voel soos 'n tweeling. Ek en sy, ek weet nie. Vandat sy in die skool gekom het en ek in die skool gekom het, dit voel of ... ek het altyd vir my maatjies gesê: "Kyk daar, dit noem ek nou 'n sussie" Sy't altyd met my gespeel, ons het saam netbal gedoen. Ons het saam huistoe gegaan eendag. Eendag het haar tannie ons kom haal, want ek kon nie meer nie, want em, hierdie meisiekind em Michelle of ... ja Michelle. Ek en sy kon nie goed oor die weg kom nie. Kyk, ek en sy is heeltemal uit. Sy't my gevloek, ek het haar gevloek, ons twee het altwee humeure gehad en .... ek weet nie wie't ons gehelp nie, dit was 'n ander tannie wat voorheen hier was, ek dink dit was 'n terapie juffrou, want ek en Riaan van Zyl het mos uitgegaan toe vat sy vir Riaan van Zyl weg van my af. Ons het vir 'n hele maand uitgegaan, 'n hele jaar. Ek en hy was, kan nie sê nie ... ek en hy was soos in 'n goeie couple gewees want almal sê so, maar ek was te wild ... noudat ek groter word is ek rustig, en nou die dag toe sê ek vir my ma: "Kyk, daar loop Riaan van Zyl. Ek kan nie glo hy's so groot nie." Sy stem het skoon verander. Hy was altyd so ... hy was vol, hy was spelerig. Ek het altyd saam met hom rugby gespeel maar nou ... hy sê hy kan dit nie glo nie ek's so rustig, ek het ... ek het mooier geword vir hom en ... toe sê ek: "Ja nee, ons mis maar die verlede" Toe sê hy: "Ja, ons mis" en toe't ek skoon begin huil want ons, ek sien hom mos nie meer nie want hy's mos nie meer in hierdie skool nie, hy's nou in 'n Ander skool. Nou en dan dan sien ons mekaar, dan sê ons net "Hallo" en hy het 'n meisie en ek

Behoefte aan liefde en aanvaarding

Aggressie

Hulpbron

Uiting van patologie

Emosie

Emosie

| | |
|---|---|
| het nou 'n boyfriend. Ek werk nog hier aan een, so 'n nuwe outjie wat ingekom het, ek dink sy naam is Adriaan. Ek en hy is mal oor mekaar, maar Frikkie ... Frikkie pla my. Frikkie wil nie hê ek en hy moet uitgaan nie. Frikkie maak my sleg by hom en ... ek het mos altyd met Jessy uitgegaan, maar Jessy was nie die regte ou vir my nie. Hy stuur lelike SMSe, stuur lelike picture messages vir my. Dit kan ek nie vat nie. En eendag toe sê ek vir hom: "Jessy di's verby, di's oor". Toe sê hy: "Nee,hoekom?" En hy bly vir my briewe stuur, heeltyd, nou nog, maar ek skeur dit op, ek steur nie daaraan nie. Maar ek hou gelukkig al die briewe wat hy vir my skryf, hou ek in 'n boks, want as ek groot is lees ek al die briewe ... *stupid* goeters en em *stuff* wat hy vir my geskryf het, maar, ek hou alles, alles in 'n ... boks, my skoolskoenboks wat ek gekry het, hou ek dit in 'n boks. Maar eendag, toe kry ek 'n lelike brief wat ek opgetel het onder die deur in. Toe was dit ook van my ... Andries, die ou wat my nou gelos het: "Jammer ek het met jou gebreek, maar jy wou dit nie gedoen het met my nie", maar hy skryf die hele woord daar "sex gehad het met my nie". Ek wys toe, ek wys toe die brief vir my vriendinne by die skool want ek weet hulle het altyd vir my raad. My een vriendin het vir my goeie raad gegee: ek moet die brief bêre en daai eendag as hy nou weer na my toe kom en nog 'n brief onder die deur skryf dan moet ek daai briewe polisiestasie toe vat, want ek sou die brief polisiestasie toe gevat het sonder my ma se toestemming, maar toe dink ek maar: "Nee, los dit goeters, dit sal oorwaai". Dit sal ook probleme veroorsaak en daar het ek een, eerste, my eerste gees gesien wat ek nie moes sien nie, en dit was 'n man. | Uitdrukking van patologie<br><br>Uitdrukking van patologie<br><br>Uitdrukking van patologie<br><br>Buitesintuiglike vermoëns |
| Dit, party geeste se koppe is af, koppe sit langs hulle, dit maak hulle hare mooi en stuff en dit word die ... word die eerste gees wat ek gesien het wat se kop af was. | Buitesintuiglike Vermoëns |
| T: Hoe lank terug was dit? | |
| K: Em, dit was, dit was drie vier maande terug. Dit, dit was eintlik *weird* Ek het nog nooit my ma vertel van hierdie gees wat ek gesien het nie | Buitesintuiglike vermoëns |
| T: Waar't jy dit gesien? | |
| K: Dit was in die pad gewees op die sypaadjie, want ons het daar gesit. Andries het sy musiek ... gespeel, toe's ... toe't hy | |

nou gesê dis verby, en daar briewe onder deur die deure kom druk.

Eendag toe kry my pa my onderklere buitekant, voor, in die roosboom. Toe sê ek vir my ma: "Ek kan nie, wat is dit?" Toe sê my ma: "Sy weet nie". My onderklere was voor in die jaart gewees

T: Hoe't dit daar gekom?

K: Ek weet nie, regtig waar nie, ek weet nie .... en .... toe my pa sê: "Kyk hierso ... julle het nou seker weer 'n simpel ou was simpel meisie ... toe sê my ma vir my ek moet haar gaan help om die bed om op te maak omdat dit, dit pla my nou nog. Hoe kom my onderklere voor en in die roosboom? Hoe kom dit daar? Want kyk ek is baie bang vir storms, kyk as die weerlig slaan, ek begin bang raak want sodra die eerste weerlig slaan sien ek my eerste gees. Hoe meer die weerlig slaan hoe meer sien ek hoe meer bang word ek. Hoe donkerder dit raak hoe banger word ek. Ek weet ... ek weet regtig waar nie hoekom nie.

Emosie

Buitesintuiglike vermoëns

Emosie

Jodine my ... die een vriendinnetjie wat ek het, het altyd vir my gesê dat ek nie my moet steur aan die goed nie. Sy weet nie hoe voel ek nie, want ek het vir haar gesê ek kan baie aan haar hare doen vir *Valentines*, vir die ou wat sy wil hê in die Hoërskool. Toe sê ek vir haar: "Ek kan baie doen aan jou hare". OK, ek wil 'n haarkapper word, ek's lief om met my hande te werk. So nou die dag toe speel ek met my hare, en ek begin hierdie snaakse dinge uit begin maak. Ek sê vir my ma: "Mammie, hoe lyk dit?" Ek het twee ponies gehad met 'n klomp vlegsels in, toe sê ek: "Mammie, hoe lyk dit?" Toe sê sy vir my: "Jy lyk soos pop". Toe begin ons altwee te lag, toe sê ek: "Nee maar begin nou ernstig raak". Sy sê: "Jy lyk soos 'n pop, regtig". En ek sê vir haar: "Wag, ek gaan nou weer iets met my hare doen". Toe maak ek my hare los, toe draai ek met my vinger my hare, toe begin dit al hoe stywer draai, en toe los ek dit, toe bly dit so. Ek sê: "Mammie hoe lyk dit?" Toe sê sy: "My kind nou lyk jy soos 'n regte prinses". Ek sê: "OK, nou moet ek nog net 'n rok gaan aantrek". Toe sê my ma: "OK , moet nou so ver gaan nie, voor jou pa begin kwaad raak. Toe sê ek: "O ja, OK." Toe maak ek my hare ... toe kam ek my hare.. maar ek het mooi krulhare.

Hulpbron

Aggressie

Hulpbron

Ek het eendag my hare losgemaak by my tannie en Quinten die outjie, my tannie se seun. Hy sê vir my: "Jee wie's jy?" Ek sê: "Ek's Lala. Hy sê: "En jou van, van der Heever ?" Hy sê: "Ek kan nie glo ... ek het nog nooit my niggie gesien wat met los hare loop nie". Hy sê: "Jy't die mooiste, pragtigste hare wat ek nog gesien het". Toe sê ek: "Dankie Quinten". Maar nou begin ek en hy nie oor die weg kom nie, want hy maak my sleg by sy *tjommies* en ek maak hom sleg by my een vriendinnetjie wat hom wou gehad het. Toe sê ek: "Moenie met hom uitgaan nie, hy's so en so en so. Hy wil nie hê dat ek ander outjies moet leer ken by hom nie. Moenie met hom uitgaan nie." Toe sê sy: "Ag is dit hoe hy is?" Toe sê ek: "Ja, di's hoe hy is". Toe skeur sy die foto op van hom, want hy het 'n foto vir haar gestuur. Sy het sommer haar selfoonnommer, alles verander. Haar *computer* se kode en se *e-mail* het sy alles verander, alles, alles, alles! En eendag toe sê sy vir my: "Lala, kom kyk gou hierso". Toe kyk ek nou op haar rekenaar, maar dit was nogal 'n grapperigge gediggie of ietsie, want dit was iets van die reën ... ek kan nie meer iets onthou nie. Maar sy't nou ongelukkig getrek. Sy's nou daar in Bloemfontein, daar rond. Nou en dan sien ek haar as ek by my tannie gaan kuier. Sy bly in die straat daar by my tannie. Maar ek kan haar nie meer herken nie, sy's groot, sy het nou 'n *boyfriend* en alles. Maar eendag toe kom sy na my toe, toe sê sy: "Hallo, ek ken jou". Toe sê ek: "Ek ken jou ook, maar, wie is jy?". Sy sê: "Ek is Natasha". Ek sê: "Natasha, onthou jy my nog?" Sy sê: "Nee". Ek sê: "Ek is Lala". Toe gee ons vir mekaar 'n drukkies en .... ag ... ons het ... ons het teen 'n berg opgegaan, daar waar jy ... daar waar jy so oor die hele hele wêreld amper kan kyk. Toe gaan ons nou daar op. Toe sien ek haar ... sy en haar ou nou staan, toe waai ek vir haar, toe waai sy terug. Ek het my kop daar skoon gekry, regtig

Hulpbron

Behoefte aan liefde en aanvaarding

Hulpbron

T: Waar is dit?

K: Dit, dit is so em, ek sal ... ek sal vir tannie Dirkie die naam gee, maar di's so berg wat jy opry daar in Bloemfontein. Jy ry tot hoog op. Jy ry, jy's so hoogtevrees. Die huise so teen die berg op. Dit lyk baie mooi. Toe sê ek vir my tannie: "Sal tannie asseblief vir my 'n foto bring?" Tannie Hettie. Toe sê sy sy sal sodra haar kamera reg is. Sy sal vir my 'n video of 'n kamera, ag 'n foto neem. Toe sê ek vir haar: "OK". Maar in die aande is dit mooi. Jy kan ... jy kan sien waar's die strate se ligte. Dit is ... dit vorm Afrika, dit .. die hele Afrika. Dit vorm so kaart van Afrika en Mark, my sussie se *boyfriend*

het haar ongelukkig nou gelos want hy's te besig vir haar en toe sê ons nou kan ons nie opgaan nie. Nee, ons kan nie meer daar gaan kuier nie, want my pa sê ook hy hou nie van oom James nie, so. Maar hulle twee maak so goeie *couple* en toe sê ek vir my ma ek wil eendag afgaan met die bus. Toe sê my ma sy sal kyk om ons weer af te stuur met die bus. Dit sou nou gewees het, want die Mark, die outjie wat met my sussie uitgegaan het, het vir haar ringe gekoop. 'n Hangertjie, skoene, klere, alles wat sy wou gehad het. Maar eendag toe sê hierdie outjie vir haar di's verby en toe sê my sussie: "Moet ek vir jou al die goed terugstuur?" Toe sê hy: "Nee, ek koop nie goeters om met jou te breek en vir my terug te stuur nie, so hou dit, en as jy huil van my, moenie, moet liewers nie huil nie". Toe sê sy: "OK". Maar sy was baie hartseer. Sy was mislik met ons gewees en partymaal as ek haar vra om my te help met my wiskunde het sy haar goed gegryp. Naderhand het sy daaroor gekom. Soos ek met Riaan. Ek het baie stadig daaroor gekom, want, soos my liefde, my liefde vir hom was baie sterk gewees en sy liefde was vir my. Hy het vir my gesê daai dag toe ons opgebreek het was hy ook nogal hartseer. Dit het gevoel of ons ... hy my heeltemal weggestoot het. Toe sê ek vir hom : "Nee man, dit voel nie so nie. Ons is, ons is, ons was ons was 'n baie goeie *couple* gewees maar noudat jy in 'n ander skool is, en ek nog steeds hier is" ..., want ek sou Olympia toe gegaan het vir haarkapper. Ek sou daar verder geleer het vir haarkapper. Toe sê hy vir my: "Ek dog jy gaan uit die skool uit". Toe sê ek: "Ja, ek het ook gedog". Want ek sou met my hande gaan werk het en dit was nader aan die huis. Toe sê my ma nee, sy wil my nie soontoe stuur nie, want wat sy gehoor het van die skool, hulle doen daar daai goed daarso en vloek die onderwysers, steel die onderwysers se karre en selfone en alles. Toe sê ek vir my ma: "Liewerste nie".

Uiting van patologie

T: Die vriendinnetjie waarvan jy netnou gepraat het?

K: Natasha

T: Nee, die een wat jy gesê het julle voel soos 'n tweeling?

K: O, Marinda?

T: Waar's sy nou?

K: Sy's ook in graad 8, by my.

T: In hierdie skool?

K: Ja, graad 8 in my klas. Sy't ongelukkig gedruip.

T: O

K: Ek en sy was, ek en sy is só. Sy't gesê sy't vir my 'n Valentyns gekry. Toe sê ek ek wil, ek wil die outjie sien, al is ons net vir *Valentines* daarso, ons hoef nie uit te gaan nie, net vir *Valentines*. Toe sê sy ja sy sal kyk. Ek kan baie doen met haar hare ook. Kyk haar hare is mos bietjie lank en goeters. Sy't gesê sy wil dik, dik krulle in haar hare sit. Kyk ek kan dit ook doen. En Jodine sê ek moet by haar gaan slaap die dertiende en dan oor gaan slaap. Toe sê ek weet nie, ek sal eers by my ma gaan uitvind en my ma wil nie, my ma wil nie hê ek moet oorslaap by kinders nie, want netnou, netnou verloor ek my humeur daar en wat dan? Toe sê ek vir my ma – want ek het al twee keer, drie keer oorgeslaap by 'n meisiekind wie ek ken – en toe ... Shelmari, want sy't ek dink een boetie en vriende. Hy was mal oor my. Mhm en ek weet nie wat het met my kop inge ... ingegaan nie. Die een outjie was bietjie vatterig .... Michael .... was bietjie vatterig ... die ander outjie was ... hyt net... hyt net drukkies gesoek en hande vasgehou en toe gaan ek huis toe, en toe vertel ek my ma nou die hele storie van Michael en ... toe sê my ma dan gaan ek nie meer uitslaap nie. Toe sê ek ek wíl nie meer uitslaap nie, want ek mis die huis en my *computer* mis ek nogal, maar ek weet nie wat gaan aan met my *computer* nie. Hy wil nie meer CD's vat nie om te speel en goed nie. *Games* met ander woorde, en nou die dag toe wil ek met my sussie sin gaan speel toe sê sy hare wil ook nie. My klein sussie doen alles wat sy kan op die *computer* om dit stukkend te maak. Nou kan ek net die *boringste games* speel. Di's blokkies en di's daai *skateboard game*. Dit help nogal daai *skateboard game*, dit laat my, dit laat my ook relax maar meeste wat my .. is daai trappe en goeters wat tannie my gesê het. Ek sit musiek op, en dan vat ek my eie trappies en dink aan wat, wat sou ek gedoen het as ek nie moes kwaad geraak het nie, en dan gaan ek na die rustige plek toe. Toe sê ek vir my ma, toe vertel ek vir my ma ook van hierdie storie en my ma sê di's nogal goed. Sy gaan vir my ook, ietsie opmaak wat ek moet deurlees en kyk of ek vir myself kan doen. Ja en ...

Behoefte aan liefde en aanvaarding

Aggressie

Uitdrukking van patologie

Uitdrukking van patologie

Hulpbron

T: Lala, jy moet vir jou ma sê sy moet net eers wag, dat ons net met ons eie goed eers aangaan hoor. Dit help nie daar is soveel mense wat nou probeer ... ek weet almal probeer jou help ... maar miskien doen ek een ding, en dan doen die ander persoon weer iets anders, en dan werk ons teen mekaar, dan help dit nie. OK? En sê nou eers vir tannie, het jy kwaad geword by die ander persoon se huis?

K: Ja, nogal em. Toe ek daar kwaad geword het het ek sulke rukkings gekry. Dit het gelyk of ek... sy't gesê dit lyk of ek epilepsie kry, maar daar ... ek het so kwaad geraak vir daai seuns dat ek so rukkings kry, dat ek gaan lê en dan trek ek so styf, en dan ruk ek ewe skielik. Ek het nie my vitamiene pille daar gehad nie, ek was verskriklik moeg daar gewees. Ek weet nie wat het .... ek het my ... ek het my vitamine pille vergeet, ek het net panados gevat, want ek het nog bietjie verkoue daar gehad en toe ek daai dag by die huis kom, toe was ek baie naar. Ek wou nie geëet het daar nie, ek weet nie hoekom nie, ek eet nie by ander mense nie. Ek eet nie by my vriendinne in die skool nie , ek... ek...

*Aggressie*

*Uitdrukking van patologie*

T: So dis vir jou moeilik by ander ...

K: Ja, dis baie moeilik vir my. Ek kan nie ... ek kan nie eet nie, ek kan nie drink nie en ek kan nie slaap nie ... want ... iets pla my, as ek ... as ek by ander kinders gaan slaap, pla iets my. "Is my ma ok? Was daar nie weer 'n inbreker nie? Het, het my pa my ma weer geslaan?" Kyk, as my pa my ma slaan spring ek elke keer in, en partymaal waag ek dit nie. Ek, ek dink dit was 'n jaar, vier jaar terug .... daar was 'n aardbewing daar by ons, toe val die spieël af, toe breek hy .. toe ... ons het dit ook bietjie gevoel .. weet... jy voel.... alles het so stadig begin ruk .... en die spieël toe val hy ewe skielik. Ek sê, ek skree toe: "Mamma is in trouble, en toe hardloop ons almal kamer toe en toe ons my pa het 'n glasstuk in sy hand en toe sê hy: "Ek steek jou vandag dood. Toe sê ... toe spring ek en toe sê ek vandag moet jy eers my doodmaak voor jy my ma doodmaak. Hy't heeltyd, hy vat dit, hy vat en dan maak hy dan maak hy so by my ma, tot hier by haar hart dan stop hy. Dan draai hy om dan probeer hy weer. Toe sê my ma vir hom: "Kom, probeer, kom maak my dood" en toe klap hy sy kop en ek weet nie wat het hy alles gedoen nie. Hy't hom so seergemaak self. Toe sê my ma dit was die duiwel ook wat in hom in was, want jy maak jouself seer. Jy maak jou ... jy maak jou ... kop heeltemal deurmekaar. Jy weet nie .... en die volgende dag het ... was alles normaal. Ons het

*Uitdrukking van patologie*

*Aggressie*

*Aggressie*

*Aggressie*

skoongemaak ... my ma se kamer was vol glasstukke. Die klein hondjie, wat epilepsie kry – sy het so groot geskrik dat sy .. dat as jy sê: "Lady" dan spring sy hier, dan wil sy agtertoe kom. Sy wil wegkom van die moeilikheid af , sy wil vrees, met ander woorde, sy wil weghardloop en die voorste hekkie was oop. Daai aand, daai aand het ons gebraai en ek het 'n bal by my gehad, my een vriendin se bal. Dit was net 'n week gewees, ja, net 'n week gewees, toe kom daar weer 'n aardbewing, maar, daai een was darem rustig en goeters en toe val my beste beste vriendinnetjie se poppie af, toe breek hy ook in stukkies. Toe toe sê ek vir hom ... toe bars ek in trane want di's my ware vriendin. Ek kan alles vir haar vertel wat ek wil vir haar vertel en sy kan *secrets* hou. Toe breek hy nou, nou het ek niks meer om aan haar te dink nie. En nou die dag, toe was daar ook 'n aardbewing. Ek dink .... eergister of ietsie. Toe val weer iets van my af, toe breek dit weer. Ek het *bad luck*. Alles, alles wat ek doen ... my pa het my een *clown* gebreek wat ek ook by 'n vriendin gekry het. Hy was daar bo in my kas gewees. Ek het hom nooit vir my ma gewys nie, nooit vir iemand gewys nie, want daar het gestaan: "I love you as a friend". Toe val hy ook en toe breek hy toe my pa so te kere gegaan het, en toe breek hy ook en toe maak ek al die stukkies bymekaar. Probeer ek dit vasplak, maar ek kon nie. Toe vee ek dit op, toe gaan gooi ek dit maar oor die *alley*. Ma ma sê ... my ouma sê dit kan die *alley* ook wees wat ... maar die *alley* is vuil agter, daar's katte wat dood is, ons het ons een kat daar oorgegooi wat dood is. Stienkie, sy was blind. Sy was 'n wonderlike kat gewees. As jy haar geroep het, het sy gekom en sy't gemiaau. Sy't die oulikste klein katjies gekry. Sy was ... sy was nie soos ander katte nie. Die kat wat ons nou het gooi alles af en sy's stout. Haar oë is, haar oë is groen. Sy's mooi, sy's gemmer. Sy's klein, sy's nie so groot soos die ander katte nie, maar sy soek, sy moet nou daai ... mannetjies. Toe spring sy nou die dag op my kas, toe breek daar ook iets van my. Toe sê ek vir haar: "Ag nee Sokkies". Maar soos jy met haar praat so sit sy by jou. Sy sit so oulik. Sy's nou geleer. Sy sit so dan kyk sy so diep in jou oë. Toe sê ek: "Agge nee Sokkies. Kyk wat het jy nou gedoen". Dan kom lê sy op jou skoot dan kom soek sy liefde en dan lek sy jou gesig, dan sê sy jammer. Sy's nogal 'n oulike katjie, maar sy sy doen dit met my, maar as die res by is, is sy bang vir my.

Uitdrukking van patologie

Emosie

Uitdrukking van patologie

Uitdrukking van patologie

Aggressie

Aggressie

T: Vertel my nou eers van die *alley*, wat is dit?

K: OK. Dit is 'n plek wat baie vuil is.

T: Is dit naby jou huis?

K: Ja. Di's net agter ons huis. OK, dit is ons, dan is dit die *alley*, dan is dit die losieshuis. Jig daai mense kan vloek. In die aande kan ons nie slaap daar nie, veral nie op 'n Sondag en 'n Saterdag en 'n Vrydag nie. Vrydae drink hulle en gaan tekere, dan hoor ons die bottels val. Die mense spring oor in die *alley*, veral die kinders. Ek weet nie hoe kan die kinders daar oorspring nie. Di's dorings, daar's slange, daar's spinnekoppe, daar's giftige plante daarso. Daar's drugs plante. Nou eendag, toe sien ek 'n outjie oorklim, die outjies in tweede laan. Ek sien hulle spring oor en hulle ruk 'n plant uit met wortels en al. En ek sien, en ek kom by my ma en ek ... en dit ... en dit was lank terug ek dink .... nee, dit was .... ek kan nie meer onthou nie, maar toe sê ek vir my ma: "Mamma, hoekom pluk die mense daar blomme daar agter?" Toe gaan kyk sy. Toe sê ek: "Kyk daai kinders daar wat die blomme pluk". Toe sê my ma dit kan miskien drugsplante wees, want di's so in 'n ... dan's daar so groen/gelerige blommetjies daarin. Toe sê my ma ons moet bietjie vir oupa vra. Toe sê my oupa daar groei baie verskriklike lelike goed daarso. Dit is ... OK ons het 'n perskeboom. Daar's twee perskebome daaragter, maar die een kan nie groei nie want die gemors is bo-op hom. Daar was 'n skoen bo-op hom. Toe sê my ma: "Los liewers daai skoen bo-op daar, 'n mens weet nooit watter plant dit is nie." Daar's giftige goeters. Nou die dag moes ek oorklim in die *alley* om die honde se bal te gaan haal, want ek het hom oorgeskop. Ek was kwaad, toe skop ek die bal, en toe klim ek oor. Daar was 'n huis wat leeg was. Toe klim ons nou daaroor, maar jy moet jou heeltemal jou ondertoe trek. Jouself forseer daarin, want die dak, die dak loop reguit dan loop hy so skuins om. Toe sê ons: "Nee wag, ons gaan die dak so afsny". Baie seuns het my gehelp om die dak af te sny. Nou moet jy ook versigtig wees want daai sinkplate is skerp. Jy moet jou heeltemal... jy sit eers jou bene skuins in, dan gooi jy jou hele lyf om ... jou ... jou middel, ek dink tot jou maag toe. Dan moet jy weer omdraai, dan moet jy tot hierso en dan moet jy heeltemal jou kop anderkant toe draai ek dink links of regs, dan kan jy eers deurkom en die ander een is maklik. Jy gooi eers jou voete deur, dan jou lyf, dan kan jy deurgaan, dan jou kop, dan kan jy deurgaan. OK. Ek gaan toe deur. Ek sien hierdie gelerige

Aggressie

Uitdrukking van patologie

slang. Ek, ek gril mos vir slange. Kyk, ek hou van slange op TV om te kyk, maar, ek sal nie aan ‘n slang raak nie, en ek gril toe en ek sê vir Dirk: “Dirk, ek kan nie. Gee my daai stok”. Ek vat toe die goeters weg dat jy kan loop. Daar’s ‘n baie mooi paadjie, kyk, di’s baie mooi daaragter, jy kan dit so mooi maak. Ek dink die mense net langs ons, Lindie-hulle, die klein dogtertjie. Hulle het daar skoongemaak vir drie, vier weke en die mense agter hulle, di’s die losieshuis bly klippe en saad gooi met ander woorde. Daar was ‘n boom wat nou die dag, ... sien hoe kap hulle blare en goed nou die dag af. Nou, jy kan dit nie aftrek nie, jy moet dit so afkap met ‘n mes of ietsie want daai plant is regtig, régtig hy’s hard. Mens kan nie, mens kan nie aan hom vat nie, hy steek vir jou. Hy steek vir jou laat die bloed loop en die dorings steek so in jou. Toe sê my ma dit kan ook miskien ‘n drugs plant wees. Toe kry ek die honde se bal, en toe gaan ek oor en die meisiekind daar agter sê: “Kry net gou-gou daai ding wat daar lê”. Ek kry hom vir haar, ek sê: “Wat is dit?” Sy sê: “My sussie se speelding”. Maar dit was so, dit was so ... so mannetjie affêre gewees met so *weird* gesiggie en dan is die lyfie soos ‘n meisiekind, en die voete is soos ‘n dier sin. En ek vra vir haar: “Watse soort ding is die?” Toe sê sy: “Nee man, di’s my sussie sin”. Ek ... nee, en toe sê ek vir haar: “Nee, ek gaan hom nie vir jou gee nie, want daai ding lyk regtig soos ‘n ... soos ‘n duiwelse ding”. Toe sê ek vir haar: “Nee ek gaan hom hier los. Toe sê sy: “Nee asseblief”. Toe sê ek: “Nee, ek gaan hom hier los”. Toe sê sy: “OK dan sal ek oorklim”. Toe klim sy oor, toe het sy haar arm gesny met die sinkplaatdak. Toe sê ek vir haar: “Jy moet liewerste nie hier inklim nie. Ek weet om ‘n *way* hier in te klim, en die seuns weet hoe om ‘n *way* hier in te klim. Moet jy nie hier inklim nie, asseblief. Hier kan dorings wees, hier kan spinnekoppe wees wat wat jou kan byt, giftige spinnekoppe. Hier’s slange en goeters hierso. Kom uit daar. Los dit”. En my ma sê, my ouma sê ons moet iemand bel ..... iets van .... ek weet nie meer nie ... ons moet hulle bel om daar skoon te kom maak want daar’s regtig, daar’s baie lelike goed daarso agter. Nou die dag toe ons ons kat daar oorgooi, en ons, ek bly ... ek bly vir haar kyk en ek kan nie glo sy’s dood nie. Sy was, sy was ook stokstyf gewees, en sy was nog swanger gewees en ek bly vir haar kyk en nou... nou die dag toe kyk ek weer vir haar en di’s net haar bene en haar hare wat daar lê. Toe sê ek vir my ma: “Tienkie lyk so erg, gaan ons ook eendag so lyk?” Toe sê my ma: “Ja, jou bene, jou bene gaan daar bly”. Toe sê ek vir haar: “Is daar wurms wat jou, vir jou eet?” Toe sê sy: “Hulle eet deur die kis, dan kom eet hulle jou”. *Oohee* toe begin ek

Buitesintuiglike vermoëns

sommer te gril en toe sê ek vir my ma: "Anton lyk seker ook so". My nefie wat mos geskiet is. Toe sê sy: "Ja my kind. Anton lyk ook so. As jy nou sy graf gaan oopmaak, gaan daar net bene wees". Toe sê ek vir haar: "Maar hoekom, hoekom moes Anton doodgaan?" Toe sê my ma: "Di's die Here se doel". Toe sê my ma: "Dis die Here se doel dat die duiwel jou ook partymaal wil kry". Toe sê ek vir haar: "Ja, OK". Want dit is ... dit is .... dit is regtig .... ek weet nie ........

Buitesintuiglike vermoëns

STILTE

Hipnoterapie neem ‘n aanvang

University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# BYLAE F

Terapie 3: Die storie van Milton die Cheetah

# Bylae F

## Die storie van Milton die Cheetah

Vandag gaan ek vir jou 'n storie vertel. Sodra jy rustig voel, kan jy net jou ogies toemaak en rustig na die storie luister.

Haal net lekker diep asem, raak ontspanne en probeer om van al die goed wat vandag al gebeur het, te vergeet. Fokus net jou aandag binne-in jouself en dan luister jy net na my stem.

Jy kan enige tyd as jy so voel net jou ogies toemaak.

Hierdie is die storie van Milton.

Dit was nag in die dieretuin. Milton, die cheetah, was kwaad en alleen en baie baie honger. Die dieretuin-opsigter het alweer vergeet om sy aandete te bring, net soos elke vorige aand.

Milton storm op die tralies af wat hom weghou van sy vryheid af, en grom en byt daaraan met sy lang skerp tande. Dit het nie gehelp nie. Hy kon nie uitkom nie. Dit het hom so magteloos laat voel. Hy het so hard gegrom as wat hy kon.

Die dieretuin-opsigter het aangehardloop gekom, maar hulle het niks kos saamgebring nie. Hulle het net nog meer op Milton geskree. Hulle het hom geskop en sy stert getrek. Hulle het die deur van sy hok agter hulle toegeslaan, en hom alleen in die donker gelos.

Hierdie dieretuin was 'n aaklige plek. Die dieretuin-opsigter, wat veronderstel was om na Milton te kyk, het hom elke dag verniel. Hulle gedrag het Milton hartseer en kwaad gemaak. Hy het die hele tyd sy humeur verloor, en dan het hy gegrom en gesis. Die ander diere in die hokke naby hom was bang. Niemand wou met hom vriende wees nie.

Een aand, terwyl Milton alleen in sy koue, donker hok was, het hy hartseer begin huil. Dit was 'n lang, hartseer, eensame, honger weeklaag. Skielik het iemand die lig in sy hok aangesit. Die dieretuin-opsigter het aangekom! Milton was baie bang. 'n Man het by sy hok ingestap. Dit was 'n dieretuin-opsigter wat Milton nog nooit voorheen gesien het nie. Vreeslik saggies het die dieretuin-opsigter Milton opgetel, en hom in 'n boks met 'n diep, sagte bed van skoon hooi neergesit. Milton het vir hom gesis.

"*Cheer up,* jong", het die nuwe dieretuin-opsigter gesê. "Ek gaan jou na 'n spinternuwe dieretuin toe vat".

Toe Milton die volgende oggend wakker word, het hy op sy sagte bedjie van hooi gelê, in 'n gemaklike veilige plek. 'n Man met wit hare en 'n vriendelike gesig het langs hom gesit.

Die man het vir Milton geglimlag en gesê: "Welkom by jou nuwe huis. Ons het

**Bylae F**

**Die storie van Milton die Cheetah**

gehoor hoe goor hulle met jou was by die ander dieretuin, en dit is waarom ons jou gaan haal het. Ek is die veearts. Hulle noem my Dokter van Tonder en ek gaan kyk hoe dit met jou gaan. Ek kan sien jy is baie kwaad. Aan die buitekant lyk jy gesond, maar ek is bekommerd, want ek dink jou seerkry sit aan die binnekant. Mense wat mooi na jou moes kyk, het jou verwaarloos en verniel."

'n Warm, souterige traan het by Milton se ogie uitgeglip, en teen sy pragtige sagte wang afgeloop.

"Ons almal voel maar partykeer kwaad", het Dokter van Tonder gesê. "As iemand ons irriteer, of as iets ons kwaad maak, raak ons omgekrap. Sommige diere, net soos party mense, word sommer vinnig kwaad vir die kleinste dingetjie. Ander vat weer lank om kwaad te word. Party diere kan sommer vinnig oor hulle kwaadgeit kom, maar ander vat weer lank. Party mense, en ook sommige diere, lyk asof hulle altyd kwaad is. Hulle koester hierdie kwaadgeit asof dit 'n gunsteling troeteldier is, en hulle laat nooit los nie. Daai mense by jou vorige blyplek was tien teen een so."

Milton het mooi geluister na alles wat Dokter van Tonder gesê het. "Ek word baie, baie vinnig kwaad", het hy vir die dokter gesê, "en dit voel vir my asof ek die meeste van die tyd kwaad en hartseer is".

"Woede is normaal", sê Dokter van Tonder. "Dit is nie goed of sleg nie, maar die manier waarop party mense optree wanneer hulle kwaad is, kan sleg wees. Party mense hou hulle woede binne-in hulleself en vertel nooit vir enigiemand hoe omgekrap hulle is nie. Dit kan hulle baie ongelukkig maak. Partykeer maak dit hulle siek. Ander mense skree en gaan te kere. Hulle gooi goed rond en breek dit, of hulle haal hulle woede op ander mense uit, soos hulle met jou gemaak het daar by die ander dieretuin. Sulke mense maak ander mense kwaad.

Milton het sy kop hartseer geskud.

"Dit was nie jou skuld dat die dieretuin-opsigter kwaad was nie, en jy kon niks aan hulle woede-uitbarstings doen nie", het die dokter gesê. "Jy is net verantwoordelik vir jou eie woede en gedrag."

Milton het sy kop op sy pote laat sak. "Ek weet nie hoe om dit te doen nie", het hy gesê.

"Ek weet van iets wat jou kan help om hierdie gevoelens van woede en aggressie vinnig en effektief beter te maak", het die dokter gesê. "Ek het 'n vriend wat jou self-hipnose gaan leer."

Miton het sy kop bietjie opgelig. "Self-hipnose, wat is dit?" het hy gevra.

Net toe het 'n klein vroutjie met donker hare die kamer binnegekom.

University of Pretoria etd – De Villiers, D A  (2007)

# Bylae F

## Die storie van Milton die Cheetah

“Dit is Zendi” het die dokter gesê. “Sy is ‘n baie spesiale persoon wat jou gaan help met jou humeur”.

Milton het sy kop hoog opgelig. “Dit klink wonderlik”, het hy gesê. “Ek wil hê die ander diere hier moet van my hou en my vriende wees”.

Zendi het langs Milton gaan sit. “Ek gaan jou leer hoe om met jou maag asem te haal”, het sy gesê. “Sit net soos wat jy nou sit, en neem diep ontspanne asemteue, heeltemal in, diep in jou maag, en voel hoe elke stadige rustige asemteug jou meer en meer ontspanne en gemaklik laat voel. Asem gemak in en blaas stres uit. Elke asemteug maak jou dieper en dieper ontspanne.”

Milton se pote was vas inmekaar geklem in stywe vuiste, maar soos wat hy sy maagoefeninge gedoen het, het hierdie vuiste begin oopgaan en begin ontspan. Milton se kakebeen wat hy so styf op mekaar gehou het dat sy tande skoon seer geword het, het ontspan.

Zendi het voorgestel dat dit interessant sou wees vir Milton om te voel hoe die gevoelens van woede uitgaan elke keer as hy uitasem. “Dis reg en met elke asemteug laat jy ‘n klein bietjie woede uit jou uitgaan, en dan meer en meer, en miskien kom jy selfs agter dat jou spiere ontspanne is en dat jy gemaklik en rustig voel.”

“Terwyl jy so ontspanne en gemaklik voel”, sê Zendi saggies, “wil ek hê jy moet na ‘n wonderlike plek toe gaan, enige plek wat jy in jou verbeelding sien, ‘n bekende plek, ‘n veilige plek. Miskien is dit dieselfde plek waar jy voorheen was, miskien iewers in die berge – by die see, ek weet nie.”

‘n Warm gemaklike gevoel het in Milton se borskas gegroei. Dit het vir hom gevoel asof hy in Afrika se sonskyn lê, daar waar die velde oop en wyd voor jou lê.

“Gebruik hierdie oomblik om hierdie spesiale plek te geniet”, het Zendi gesê. “Dis reg. Luister na die klanke van hierdie plek, so ontspanne, so bekend. Asem die reuke van rustigheid in. Let op na alles van hierdie spesiale plek. Hierdie is ‘n plek wat altyd binne-in jou is. Jy kan enige tyd en op enige plek terugkom na hierdie plek toe. Enige tyd wanneer jy so voel, en jy kan so lank as wat jy wil of vir so kort rukkie as wat jy wil, daar bly.”

“Dit is ‘n geskenk wat jy vir jouself gee – ‘n geskenk wat oor en oor toegedraai en oopgemaak kan word. Elke keer as jy na hierdie gemaklike, rustige plek toe kom, word dit vir jou makliker en makliker, en elke keer kan jy vinniger en vinniger daar kom.”

“Al wat jy ooit hoef te doen, maak nie saak waar jy is of saam met wie jy is nie, is

**Bylae F**

**Die storie van Milton die Cheetah**

om aandag te gee aan jou asemhaling. Haal stadig asem, diep af, diep af, tot diep binne-in jou maag, sodat elke asemteug jou dieper en dieper neem. Net deur asem te haal, sal jy dit kan doen. En dan gaan jy na 'n plek toe waar jy pret kan hê en waar jy veilig is.

Milton het alles gedoen wat Zendi gesê het. In sy verbeelding was hy terug in Afrika se grasvlaktes waar hy as 'n baba gespeel het.

"Nou", sê Zendi, "onthou jy daardie gevoelens van woede en aggressie wat jy gehad het? Voel weer daardie woedende, aggressiewe gevoelens. Soos wat jy van hulle bewus word, laat hulle toe om uit jou kop uit te vloei, af met jou arm, heeltemal af verby jou elmboog waar dit bymekaarkom in jou pote. Wag tot al jou woede daar is waar jy dit geplaas het. Nou, soos wat jy inasem, tel tot by vyf en verwoes dan hierdie gevoelens van woede en aggressie in jou vuis. Dan, soos wat jy uitasem, gooi hierdie verwoeste, woedende gevoelens weg, ver weg. Ek wonder hoe wonderlik dit jou sal laat voel. Asem die goeie, gelukkige trotse gevoelens in", het Zendi vir Milton gesê.

"Verbeel jou jy het 'n grootskerm-televisie wat jy met 'n afstandbeheer in jou poot kan beheer. Op die skerm sien jy 'n video van hoe jy in die verlede opgetree en gevoel het en hoe jy was wanneer jy kwaad geword het. Omdat jy in beheer van die *remote control* is, net soos wat jy in beheer van jou gedrag is, kan jy die video van jou woede-uitbarsting en swak gedrag stop met die *remote*."

"*Rewind* die video tot net voordat jy kwaad geword het", sê Zendi. "Kyk weer in *slow motion* totdat die woede en aggressie oor is. Speel dit weer terug en stop net voor dit begin. Omdat jy in jou verbeelding enigiets kan doen wat jy wil, herskryf die einde nou. Verander dit, kry vir jou 'n ander einde. Sien jouself dat jy iets anders doen. Dis mooi, ja, baie beter. Kyk met trots hoe goed dit voel om in beheer te wees. Haal die video uit en bêre dit in 'n veilige plek, sodat jy dit enige tyd weer kan speel wanneer jy wil of moet. Dit is om jou te herinner hoe jy dit wat jy gedink het jy nie kan beheer nie, wel kan beheer."

"In die toekoms", sê Zendi, "as jy begin om woedend of aggressief te voel, mag jy kies om na hierdie gevoelens op die groot TV-skerm te kyk en om enige tyd te stop of die kanaal te verander. Dan sal dit reg wees om baie trots daarop te voel dat jy jou woede en aggressie heeltemal op jou eie kan beheer."

"Soos wat jy beter en beter hiermee word en al hoe meer van jouself hou, sal die ander diere ook meer en meer van jou hou en jou vriende wil wees."

Milton was so gretig om ontslae te raak van sy woede en aggressie en om nuwe vriende te maak, dat hy dadelik begin oefen het wat Zendi hom geleer het.

Hy het vir lang uitstappies gegaan in die dieretuin en sy asemhaling die hele tyd geoefen. Op 'n dag het Milton so hard daarop gekonsentreer om stadige, diep

**Bylae F**

**Die storie van Milton die Cheetah**

asemteue[1] te neem, dat hy nie eers die modderpoel voor hom gesien het nie. Hy het nie die seekoei gesien wat besig was met sy modderbad nie. Hy het nie eers die glimlag op die gesig van die seekoei gesien wat Milton se eerste regte vriend sou word nie.

POUSE

Wanneer jy gereed is, wil ek dat jy van jou veilige plek af terugkom, rustig, ontspanne ... baie energiek. Soos wat jy terugbeweeg, haal diep asem ... in en uit, en wanneer jy gereed is, kan jy jou ogies oopmaak.

[1] Thomson (2005:15)

# BYLAE G

Terapie 3:  Sandtoneel



University of Pretoria etd – De Villiers, D A (2007)

# BYLAE H

Terapie 4: Die storie van die genie (gesie)

# Bylae H

## Die storie van die genie (gesie)

Ek wil hê jy moet vir enige plek op my hand kyk. Konsentreer. Fokus net op daai kolletjie. Terwyl jy na my stem luister, konsentreer ten volle op daardie plek op my hand. Jou oë mag nie wegbeweeg van dié plek op my hand nie. Binnekort, miskien sommer nou, gaan jy bewus word daarvan dat jou ooglede swaar raak; jy sal jou oë wil knip en dis OK. Miskien voel jou oë waterig, of 'n bietjie droog en dis ook OK. Miskien voel hulle swaar en moeg ... swaar en moeg, en dit sal vir jou so lekker wees om hulle net toe te maak. Soos wat ek my hand afbring, verby jou oë, verby jou neus, verby jou mond, toe ... toe ... en maak nou toe. Dis reg, jy begin al klaar ontspan en jy voel so gemaklik.

Ek gaan nou jou voorkop met my vinger aanraak. Hier. Ek sluit jou oë van buite af soos wat jy dit van binne af sluit en soos wat ek van een tot vyf tel, sal jou oë stywer en stywer toesluit.

Een ... oë styf toe.
Twee ... sluit styf toe.
Drie ... maak toe asof hulle toegegom is.
Vier ... hoe meer jy hulle probeer oopmaak, hoe stywer toe voel hulle.
Vyf ... stel jouself tevrede ... probeer hulle oopmaak en voel hoe hulle al hoe stywer sluit. Laat daardie gevoel nou toe om soos 'n ontspannende golf deur jou liggaam te vloei – jou arms, jou bene, jou hele liggaam voel los en vry terwyl al die spanning uit jou uitvloei en jy dieper en dieper ontspan met elke woord wat ek sê.

Soos wat jy dieper gaan, word jou onbewuste toeganklik, oop vir nuwe leer-ervaringe om ou gelowe te verander soos wat jy so gemaklik hier ontspan en net luister na die klank van my stem hier – so kalm. 'n Gevoel van kalmte en genoegdoening laat jou toe om meer en meer te ontspan, met elke gemaklike asemteug, met elke gemaklike klop van jou hart. Soos wat ek nou gaan tel van tien tot by een kan jy net laat gaan en jy kan dieper ingaan, met elke telling. Gebruik elke getal om die spanning te laat gaan en gaan nou dieper.

Tien ... soos wat elke spier in jou liggaam ontspan, laat gaan, kalm word, voel jy ontspanne en gemaklik.
Nege ... laat jou verstand en liggaam saam ontspan en as jy die volgorde van die getalle vergeet, maak dit nie saak nie – laat gaan nou.
Agt ... jy begin 'n sagte konneksie voel tussen jou verstand en jou liggaam en 'n eie innerlike wysheid.
Sewe ...gaan nou dieper, en soos wat jy uitasem, begin vrees uitasem – asem angs nou uit.
Ses ... laat vrees, woede en spanning van jou liggaam af wegvloei – met elke asemteug uit, laat gaan nou, stadig, gemaklik, kalm.
Vyf ... en nou, met elke asemteug uit, wil ek hê dat jy vir jouself 'n woord moet sê sonder om jou mond of jou tong te beweeg. Jou asemhaling verander nie, alles is perfek stil. Met elke asemteug uit, herhaal vir jouself die woord "kalm, kalm".
Vier ...sonder om te dink wat dit beteken, sonder om die woord te analiseer, laat

**Bylae H**

**Die storie van die genie (gesie)**

die klank ingaan sodat dit voel of dit vanuit jou innerlike wysheid kom.

Drie ... saggies nou, gemaklik, kalm, kalm laat gaan, en wanneer jou verstand wil wegbeweeg van daardie klank, erken daardie feite en bring dit saggies terug. Herhaal die woord vir jouself: "kalm".

Twee ... hou aan om te ontspan en laat gaan. Sak saggies af, af na vrede en harmonie van liggaam, verstand en gees.

Een ... soos wat jy steeds dieper afgaan, begin jy om jouself in 'n pragtige tuin te sien. Die son skyn saggies, warm op jou vel – gemaklik. Jy kyk uit oor die gras soos dit wegsak na 'n ornamentele fontein waar die druppels skitter in die son – in die sagte gefilterde sonlig wat deur die blare van die ou bome wat die tuin omring, skyn en hierdie pragtige plek afsonder.

Die gras is sag onder jou voete en terwyl jy stap, stap jy verby lieflike blombeddings met die mees besondere blomme en plante daarbinne. Soveel verskeidenheid en kleure en jy mag bewus wees van die geur van die blomme wat deur die sagte briesie na jou gedra word. Hierdie sagte briesie speel deur die bome se blare en laat die blomme liggies wieg. Die subtiele klanke van die natuur om jou, voëls wat sing, die sagte geluide van insekte en die ontspanne klank van die fontein se water wat kabbel. Elke klank, elke sensasie laat jou meer ontspan, ontspan soos wat jy dieper insink en elke tree swaarder word.

Binnekort gaan jy jouself in 'n oopte bevind. Die son skyn op jou en laat jou meer en meer ontspanne voel soos jy sit, jou rug gestut teen die stam van 'n groot ou boom. Dis sag, gemaklik en jy voel dat baie mense al teen die stam van hierdie boom gerus het, soos wat jy nou daar rus. Alhoewel jy alleen is, voel jy veilig hier, gemaklik , ontspanne, KALM. Die woord "kalm" bly by jou.

Eendag was daar 'n dogtertjie. Op 'n dag het hierdie dogtertjie op die strand gaan stap. Terwyl sy gestap het, was sy hartseer en ongelukkig. Sy het uit die huis gestorm om te gaan stap omdat sy alweer haar humeur verloor het. Eintlik mag sy nie alleen buite stap nie, want haar ouers vertrou haar nie – hulle dink sy wil net kêrels optel en sy droom so baie oor die een, die regte outjie vir haar en sy soek so hard na hom – by die skool, by die kerk, in die strate, op die strand – soek, soek, soek!

Sy stap verder. Haar kop hang en sy dink aan al haar probleme. Sy hoor nie eers die seemeeue se roep of die geluid van die branders teen die rotse nie. Sy voel nie die warm strale van die son op haar lyf, of die klam sand onder haar voete nie.

Soos wat sy skop-skop op die strand stap, skop sy skielik iets hards raak. Sy stop, buk af en begin met haar hande in die sand grawe. Sy haal 'n ou lamp onder die sand uit, net soos dié waarvan jy in storieboeke lees. As jy hulle vryf, kom daar 'n *genie* uit en gee jou drie wense. Hierdie lamp was oud en ingeduik en die seewier was om hom gedraai asof dit vir baie lank begrawe was. Die meisie het begin om die seewier af te haal en het met 'n hand vol nat seesand probeer om die lamp skoon te maak en POEF! spring 'n *genie* uit. Hierdie was nie 'n aantreklike, goed

**Bylae H**

**Die storie van die genie (gesie)**

geboude *genie* soos wat mens in die flieks sien nie, alhoewel hy ‘n tulband om sy kop gehad het. Nee, dit was ‘n ou, maer *genie* wat gelyk het asof hy jare laas geslaap en geëet het. Desnieteenstaande was die meisie uit haar nate van opgewondenheid. “WOW! Beteken dit ek drie wense kan wens?” het sy opgewonde gevra.

“Give me a break”, sê die *genie*. “Ek is vir langer as wat ek kan onthou vasgekeer in hierdie lamp. My vorige meester het sy drie wense gekry en my oorboord gegooi. Ek moes die lamp seël van binne om nie te verdrink nie. Ek was seesiek en het vir jare nie geëet nie. Ek het hier uitgespoel en is in die sand begrawe en al wat jy wil hê, is jou drie wense!!”

“O”, sê die meisie teleurgesteld. Sy het ‘n *genie* gekry wat nie net nie soos ‘n *genie* gelyk het nie, maar beneuk was ook. “Wel, kan ek net een wens kry?” het sy gevra terwyl sy teruggedink het aan al haar probleme.

“Jy het die lamp gevryf, so jy is die meester” sê die *genie* “maar net een vir nou”.

“Ek wens” sê die meisie “dat ek ‘n kêrel kan kry wat vir altyd net myne sal wees, en wat my sal oppas en liefhê vir altyd en altyd en altyd”.

“Wel dis ‘n vermorste wens” sê die beneukte *genie.*

“Wat bedoel jy?” vra die meisie, na aan trane.

“Jy is my meester en ek kan dinge doen om jou te help verander, maar ek kan nie ander mense in jou skoot laat val nie. Die enigste manier waarop ek aan hierdie wens kan voldoen, is om dit vir jou te sê: ’Hoe harder jy soek, hoe minder gaan jy kry.’ Hierdie dinge gebeur wanneer jy dit die minste verwag. Gaan aan, geniet jou jongmeisie-dae en voor jy jou oë uitvee, sal dinge wees soos wat jy dit graag wil hê, as jy nou sal ophou soek”.

Die arme meisie se hart was gebreek, en toe die *genie* dit sien, het sy hart sag geword. “Kyk hier, ek gaan jou *tips* gee oor wense. Dit moet eerstens ‘n realistiese wens wees, iets wat jy self kan verander, en tweedens moet dit iets wees wat jy kan doen eerder as iets wat jy wil hê iemand anders vir jou moet doen. In elk geval, wat kry ek uit hierdie hele storie?” vra die *genie* skielik. “As my meester moet jy na my kyk. Ek is honger en dors en moeg”. Met ‘n POEF! verdwyn die *genie* terug in die lamp.

“*Great*! Net my geluk”, dink die meisie wat voel dat haar mense haar nie verstaan nie. Maar sy was ‘n goedhartige meisie en het die lamp saam met haar huis toe gevat. Dié aand het sy vir die *genie* kos na haar kamer toe geneem. Hy het dit verslind, maar was nog steeds in ‘n slegte bui. Hy wou nog kos hê en nog en nog, en toe sê hy vir haar hy wil slaap en sy moet hom nie pla nie.

**Bylae H**

**Die storie van die genie (gesie)**

Die volgende dag was hy nie beter nie. Hy't die pap wat sy vir hom gevat het, uitgespoeg en ander kos gevra. Dit was moeilik om dit te kry sonder om die ander huismense se agterdog te wek, maar gelukkig het sy dit reggekry. Dit het die *genie* se bui bietjie laat sak. Uiteindelik vra hy vir haar: "Het jy oor jou tweede wens gedink?"

"Ja", het sy geantwoord. "Ek wil vry en gelukkig wees".

"*Sorry*, kan nie help nie", sê die *genie*.

Die meisie was geskok.  "Wat bedoel jy?" vra sy.

"Wel ek vertel jou net hierdie dinge omdat jy so gaaf was met my", sê die *genie*. "Hoe moet ek weet wat vryheid en geluk vir jou beteken? As jy wens, moet jy spesifiek wees. As jy gelukkiger wil voel, waaroor wil jy dan dink? Wat wil jy doen wat anders is as dit wat jy nou doen?"

"Wel, ek wil nie aan die goeters in die huis dink wat my kwaad maak en pla nie".

"Verkeerd", sê die *genie*. "Onthou, gister het ek jou vertel dis om te wens oor dinge waaroor jy beheer het, as oor dinge waaroor jy nie beheer het nie. Wat wil jy graag dink?"

"Ek wil daarna uitsien om huis toe te kom na skool, om tyd saam met my vriende deur te bring en so op te tree dat my ouers my vertrou. Ek wil ook lekker gedagtes dink".

"Dis beter", sê die *genie.*  "Hoe gaan jy dit doen?"

"Wag 'n bietjie", sê die meisie. "Jy's die *genie*, jy moet hierdie goed vir my laat gebeur".

"Wag jy 'n bietjie", antwoord die *genie.* "Ek moes vir lank genoeg stilbly in my lamp. Ek kon nie eet of slaap nie. Ek was seesiek, het geen vriende gehad nie en kon nie my *magic* beoefen nie. Om wense te laat waar word, is soos enigiets anders in die lewe. As jy ophou oefen vir sport, verloor jy jou fiksheid. As jy ophou leer, vergeet jy wat jy geleer het. As jy hierdie goed wil hê, moet jy 'n bietjie van die werk self doen". "Kyk", sê die *genie* verder, "onthou jy hoe jy gister op die strand gestap het? Kop onderstebo, kop vol probleme? Ek stel voor dat jy volgende keer, as jy weer op die strand gaan stap, jou kop oplig, en na die kleure van die water en die lug kyk, na die klank van die golwe luister, en die sand onder jou tone voel. Ek haat dit om dit te erken, maar selfs *genies* weet daar is sekere goed wat ons nie kan verander nie. Ons eie gedagtes, gevoelens en aksies is van die dinge wat ons kan verander. Om dit te kan doen moet jy aanhou oefen en oefen en oefen – net soos wat ek my *magic* moet oefen of anders gaan ek dit vergeet".

**Bylae H**

**Die storie van die genie (gesie)**

Die meisie het haar kop geknik. Hy mag beneuk, wees maar hy weet waarvan hy praat.

“Nog ‘n ding”, sê die *genie*. “As jy hierdie wens wil laat waar word, moet jy besluit wanneer jy die goed gaan doen om dit te laat gebeur. Dit help nie om rond te sit en te wag vir *magic* om te gebeur nie. So, wanneer gaan jy iets daaromtrent doen?”

”Ek sal vanmiddag weer op die strand gaan stap”, sê sy, “en doen wat jy voorgestel het”. Sy en die *genie* in sy lampie het daardie middag saam op die strand gaan stap. En vir die eerste keer in ‘n baie lang ruk het sy haar kop opgelig en gevoel hoe die wind deur haar hare speel. Sy het na die diep blou kleur van die see gekyk en dit vergelyk met die ligte blou van die lug. Sy het gaan stilstaan en geluister hoe die golwe teen die rotse slaan en die nat sand tussen haar tone voel deursypel.

Daardie aand het sy weer vir die *genie* lekker kos gegee en gaan slaap nadat sy mooi gedink het oor wat haar derde wens sou wees. Die groot bak pap wat sy die volgende oggend vir die *genie* gevat het, was nie goed of groot genoeg nie. Toe gaan maak sy maar spek en eiers en pannekoek totdat die *genie* in ‘n beter bui was. Sy het die tyd mooi afgewag voordat sy vir haar derde wens gevra het. Sy het gedink sy het baie geleer oor wense en dat sy dit sou kon regkry
.

“Ek wens dat jy altyd by my sal bly en altyd my wense sal laat waar word”, was haar derde wens.

“Goed probeer”, sê die *genie* en vir die eerste keer sien sy hom lag. “Jy kan nie vir iets wens wat jy nie kan kry nie. Ek kan net drie wense van jou laat waar word. Maar as jy doen wat jy al klaar begin doen het, is dit so goed as om my altyd by jou te hê. Jy hoef nie net drie wense te hê nie. Onthou dis OK om te wens. Dis OK om vorentoe te kyk en graag te wil hê dinge moet beter wees. Maar dit waarvoor jy wens en dit wat jy graag wil hê, moet realisties wees. Dit moet iets wees wat jy self kan doen, soos om jou woede te beheer – jy kan dit self doen. Dit help om jou wens spesifiek te maak, om uit te spel presies wat dit is wat jy wil hê, die manier waarop jy dink, voel en dinge doen. Moet dan nie vergeet om te besluit wanneer jy dit gaan doen nie. Laat ek ‘n geheim met jou deel. Die drie *magic* vrae wat elke *genie* homself moet afvra voordat hy ‘n wens kan laat waar word, is dit:

Wat wil ek doen?
Hoe kan ek dit laat gebeur?
Wanneer gaan ek dit doen?”

Die meisie het vorentoe gestap en vir die *genie* ‘n stywe drukkie gegee. Sy oë het sag geblink en hy het warm vir haar geglimlag voordat hy in sy lamp verdwyn het.

Die beste kan nie vir altyd en altyd die beste wees nie, dit moet ook tweede beste wees ... want die beste lê nog voor.

Jy kan vir jouself glimlag, ja, en onthou wat jy leer, en as jy reg is, kan jy in jou eie

# Bylae H

## Die storie van die genie (gesie)[1]

| |
|---|
| tyd en op jou eie manier stadig en rustig terugbeweeg.<br><br>Vyf ... jou oë begin oopsluit.<br>Vier ... jy voel rustig en ontspanne.<br>Drie ... jy voel georiënteerd, terug in die hede.<br>Twee ... jy voel verfris en kalm.<br>Een ... jou oë is heeltemal oopgesluit en as jy reg is, sal jou oë spontaan oopgaan.<br><br>Kom terug hier. Kom terug NOU. Ten volle HIER en NOU. |
| Bou nou jou toneeltjie in die sand |

[1] Allen (2004:43,127

# BYLAE I

Terapie 4:  Sandtoneel

